# 'N EVALUERING VAN BYBELKUNDE AS KEUSEVAK IN TRANSVAALSE AFRIKAANSE SEKONDÊRE SKOLE

deur

HENDRIK OOSTENWALD MAREE (B.A., B.Ed.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier : Prof. dr. J.H. van Wyk

## DANKBETUIGING

My hoogste dank aan die Here omdat hy teenoor my barmhartig, genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid is. (Ps. 103 : 8).

Aan my studieleier, prof. dr. J.H. van Wyk, my opregte dank vir sy motivering, bystand en leiding tydens hierdie studie. Sy positiewe invloed en navolgingswaardige voorbeeld was betekenisvol vir my lewe.

My opregte dank aan die Transvaalse Direkteur van Onderwys, dr. A.L. Kotzee, vir die geleenthede aan my om hierdie studie te onderneem en te voltooi.

'n Besondere woord van dank vir elke oomblik van opoffering en bystand aan my gesinslede : Theunsina, Tinus en Kristi. Graag dra ek hierdie werk aan julle op.

H.O. Maree
Mei 1975

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1


1. HISTORIESE AANLOOP, PROBLEEM EN TAAKSTELLING ...... 1

1.1 Inleidende opmerking ........ 1
1.2 Skoolraadskonferensie te Pretoria ........ 1
1.3 Vertoë van mnr. H.C. Castelyn ........ 2
1.4 Die Interkerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding ........ 3
1.5 Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing ...... 5
1.6 Verdere vertoë ........ 5
1.7 Bybelkunde begin vorm aanneem en word ingestel ........ 7
1.8 Eerste Bybelkunde-kandidate : geesdrif vir Bybelkunde ........ 8
1.9 Die invloed van sekere faktore op Bybelkunde ........ 9

1.9.1 Bybelkunde vanaf standerd 9 geneem ........ 10
1.9.2 Bybelkunde slegs in die standaardgraad ........ 10
1.9.3 Die leerstof waaroor geëksamineer is ........ 11

1.10 Gelyke geleenthede vir Bybelkunde ........ 11
1.11 Die doel en metode wat gevolg gaan word met hierdie ondersoek ........ 12

1.11.1 Die doel van hierdie ondersoek ........ 12
1.11.2 Die metode wat gevolg gaan word ........ 13


## HOOFSTUK 2


2. DIE WESE VAN BYBELKUNDE EN KRITERIA WAARAAN DIT MOET BEANTWOORD ........ 14

2.1 Inleidende opmerking ........ 14
2.2 Bybelkunde as vaknaam ........ 14
2.3 Die wese van Bybelkunde ........ 15
2.4 Die begrip : Opvoeding ........ 17

2.4.1 Die plek van Bybelkunde in die opvoeding ........ 19
2.4.2 Die doel met Bybelse onderrig ........ 20

2.5 Eise gestel aan die onderrig van Bybelkunde ........ 22
2.6 Die Bybelse eis en gelowige ouerskap ........ 22
2.7 Die eise van die doopsformulier ........ 24

2.7.1 Slotwoorde van die doopsformulier en die derde doopvraag ........ 25
2.7.2 Wanneer kinders onderrig moet word ........ 26
2.7.3 Waarin kinders onderrig moet word ........ 26
2.7.4 Die derde doopvraag en Bybelkunde ........ 28
2.7.5 Die inhoud van Bybelkunde en die Doopsformulier ........ 28

2.8 Eise wat die Bybelkundesillabus stel ........ 30

2.8.1 Die grondslag ........ 30
2.8.2 Algemene doelstellings ........ 31

2.8.2.1 Bybelkunde beoog 'n studie van die Bybel .................... 31
2.8.2.2 Bybelkunde beoog kennis van die Bybel as Godsopenbaring .................... 32
2.8.2.3 Bybelkunde beoog die grondslag van die Christelike geloof en lewe .................... 33
2.8.3 Benadering van Bybelkunde .................... 36
2.8.3.1 Bybelkunde is 'n akademiese en godsdienstigvormende vak .................... 37
2.8.3.2 Bybelkunde is 'n akademiese studie met interpretasieruimte .................... 38
2.8.3.3 Bybelkunde moet met geloofsoortuiging onderrig word .................... 39
2.8.4 Die leerstofinhoud en akademies-opgeleide onderwysers .................... 40
2.8.4.1 Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys .................... 42
2.8.4.2 Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat .................... 42
2.8.4.3 Die Universiteit van Pretoria .................... 43
2.8.4.4 Die Randse Afrikaanse Universiteit .................... 43
2.8.4.5 Die Universiteit van Stellenbosch .................... 43
2.8.4.6 Die Universiteit van Port Elizabeth .................... 43
2.8.4.7 Die Universiteit van Suid-Afrika .................... 44

2.9 Enkele opmerkings oor die metodologiese riglyne vir Bybelkunde en wat dit eis .................... 45

2.9.1 Inleiding .................... 45
2.9.2 Die Bybel is primêre studiebron .................... 46
2.9.3 Bybelgebruik eis ook verdere hulpmiddele .................... 48
2.9.4 'n Verskeidenheid metodes en leerlingdeelname .................... 49

2.10 Eise ten opsigte van die organisasie en beplanning van Bybelkunde .................... 50

2.10.1 Die sillabus .................... 51
2.10.2 Die werkskema .................... 51
2.10.3 Verslag van werk .................... 52
2.10.4 Voorbereiding .................... 52
2.10.5 Kontrole .................... 53
2.10.6 Huiswerk .................... 54
2.10.7 Toetsing en eksaminering .................... 55
2.10.8 Die vakbeleid .................... 56

2.11 Eise wat gedifferensieerde onderwys aan Bybelkunde stel .................... 59

2.11.1 Bybelkunde as vak in die studierigtings .................... 61
2.11.2 Bybelkunde as keusevak in die studierigtings .................... 63
2.11.3 Bybelkunde en die twee vlakke (Hoër en Standaardgraad) .................... 64

2.12 Eise wat Bybelkunde aan Godsdiensonderrig stel .................... 65

2.12.1 Die Bybelkunde-onderwyser en Godsdiensonderrig .................... 67
2.12.2 Godsdiensonderrig in die primêre skool .................... 67
2.12.3 Rapportsimbool vir Godsdiensonderrig .................... 68

2.13 Eise wat inspeksie en voorligting aan Bybelkunde stel ..................... 68
2.14 Eise wat Wet 39 van 1967 aan Bybelkunde stel ..................... 70
2.15 Bybelkunde en die eis tot praktiese bruikbaarheid ..................... 72

2.15.1 Bybelkunde en die onderwyser/es in die sekondêre skool ..................... 73
2.15.2 Bybelkunde en die onderwyser/es in die primêre skool ..................... 73

2.16 Kriteria waaraan Bybelkunde moet beantwoord (samevattend) ...... 74

2.16.1 Die Bybelse eis en gelowige ouerskap ..................... 74
2.16.2 Die eise van die doopsformulier ..................... 74
2.16.3 Eise wat die Bybelkundesillabus stel ..................... 75
2.16.4 Eise wat die metodologiese riglyne aan Bybelkunde stel ..................... 76
2.16.5 Eise ten opsigte van die organisasie en beplanning van Bybelkunde ..................... 76
2.16.6 Eise wat gedifferensieerde onderwys aan Bybelkunde stel ..................... 77
2.16.7 Eise wat Bybelkunde aan Godsdiensonderrig stel .......... 77
2.16.8 Eise wat inspeksie en voorligting aan Bybelkunde stel ..... 78
2.16.9 Eise wat Wet 39 van 1967 aan Bybelkunde stel ............. 78
2.16.10 Bybelkunde en die eis tot praktiese bruikbaarheid .......... 78

**HOOFSTUK 3**

3. BESINNING OOR DIE VEREISTES VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE BETREKKING DAARVAN OP HIERDIE ONDERSOEK ..................... 80

3.1 Die questionnaire of vraelys ..................... 80

3.1.1 Enkele nadele van die questionnaire ..................... 81

3.2 Enkele vrae oor die questionnaire met die oog op wetenskaplike betroubaarheid ..................... 82

3.2.1 Stigting van goeie verhoudings tussen ondersoeker en respondente ..................... 82
3.2.2 Raamwerk van vrae ..................... 83
3.2.3 Orde waarin vrae voorkom ..................... 83
3.2.4 Ontwerp van die vorm en aard van vrae ..................... 83
3.2.5 Verkryging van eerlike en betroubare antwoorde .......... 84

3.3 Vereistes waaraan die vraag moet voldoen met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid ..................... 84

3.3.1 Duidelikheid van taal as vereiste ..................... 84
3.3.2 Spesifiekheid as vereiste ..................... 85
3.3.3 'n Enkelvoudige doel as vereiste ..................... 85
3.3.4 Vry van veronderstelling as vereiste ..................... 86
3.3.5 Vry van suggestie as vereiste ..................... 86
3.3.6 Taalkundige duidelikheid en grammatikale konsekwentheid as vereiste ..................... 86

3.4 Tipes vrae en geleentheid vir beantwoording met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid ........ 87

3.4.1 Geleentheid vir totaal vrye beantwoording ........ 87
3.4.2 Geleentheid vir beperkte vrye beantwoording ........ 88
3.4.3 Geleentheid vir gestruktureerde beantwoording met 'n vrye keuse ........ 88
3.4.4 Totaal gestruktureerde antwoorde ........ 88

3.5 Eise aan respondente met die oog op wetenskaplike betroubaarheid ........ 89
3.6 Verdere verband tussen die bespreekte eise en die vraelyste van hierdie ondersoek ........ 90

## HOOFSTUK 4

4. ONTLEDING VAN EMPIRIESE GEGEWENS ........ 93

4.1 Vraelys A ........ 93

4.1.1 Verduideliking van tabel A : Instelling van Bybelkunde en getal kandidate ........ 93
4.1.2 Vrae 4 en 5 in vraelys A : Redes vir moontlike afname in getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde kies en aanbevelings in hierdie verband ........ 96
4.1.2.1 Vraag 4 ........ 96
4.1.2.2 Vraag 5 ........ 98
4.1.3 Verduideliking van tabel B : Gegewens en menings van hoofde rakende Bybelkunde ........ 99
4.1.4 Verduideliking van tabel C : Redes vir die instelling van Bybelkunde ........ 102
4.1.5 Vraag 13 in vraelys A : Ander redes vir die instelling van Bybelkunde ........ 104
4.1.6 Samevatting ........ 104

4.2 Vraelys B ........ 106

4.2.1 Verduideliking van tabel D : Besonderhede van Bybelkunde-onderwysers wat die vak in 1975 vir standerd 10-leerlinge aanbied ........ 106
4.2.2 Verduideliking van tabel E : Ervaring van Bybelkunde-onderwysers ........ 110
4.2.3 Verduideliking van tabel F : Godsdiensonderrig en Bybelkunde 111
4.2.4 Verduideliking van tabel G : Aantal Godsdiensonderrig- en Bybelkunde-onderwysers per skool ........ 113
4.2.5 Verduideliking van tabel H : Hulpmiddele vir die onderrig van Bybelkunde ........ 113
4.2.6 Verduideliking van tabel I : Organisasie van Bybelkunde ........ 116
4.2.7 Verduideliking van tabel J : Die Bybelkundesillabus ........ 118
4.2.8 Verduideliking van tabel K : Huiswerk, klastoetse en kontrole in Bybelkunde ........ 119
4.2.9 Verduideliking van tabel L : Bybelkunde-aantekeninge en selfwerksaamheid van leerlinge ........ 124
4.2.10 Verduideliking van tabel M : Aanbiedingsgesindheid teenoor Bybelkunde, inspeksie, voorligting en nuwe bedeling ........ 128

4.2.11 Verduideliking van tabel N : Metodes by die aanbieding van Bybelkunde ........ 131
4.2.12 Samevatting ........ 135

4.3 Vraelys C ........ 140

4.3.1 Verduideliking van tabel O : Besonderhede van Bybelkunde-kandidate ........ 140
4.3.2 Verduidliking van tabel P : Betekenis van Bybelkunde vir leerlinge ........ 142
4.3.3 Verduideliking van tabel Q : Betekenis van Godsdiensonderrig vir Bybelkunde-kandidate ........ 145
4.3.4 Verduideliking van tabel R : Beroepskeuses van Bybelkunde-kandidate en verdere studie in Bybelkunde ........ 146
4.3.5 Verduideliking van tabel S : Bybelkunde en die Onderwysberoep ........ 150
4.3.6 Samevatting ........ 152

## HOOFSTUK 5

5. EVALUERING VAN BYBELKUNDE IN DIE LIG VAN DIE GESTELDE KRITERIA ........ 155

5.1 Vordering van Bybelkunde in die lig van die getal leerlinge wat jaarliks die vak kies (vergelyk tabel A) ........ 155
5.2 Getoets aan die Bybelse eis en gelowige ouerskap ........ 156
5.3 Getoets aan die eise van die doopsformulier ........ 157
5.4 Getoets aan die eise wat die Bybelkundesillabus stel ........ 158
5.5 Getoets aan die eise wat die opmerkings oor die metodologiese riglyne vir Bybelkunde stel ........ 159
5.6 Getoets aan die eise ten opsigte van die organisasie en beplanning van Bybelkunde ........ 160
5.7 Getoets aan die eise wat gedifferensieerde onderwys aan Bybelkunde stel ........ 161
5.8 Getoets aan die eise wat Godsdiensonderrig aan Bybelkunde stel ... 163
5.9 Getoets aan die eise wat inspeksie en voorligting aan Bybelkunde stel ........ 164
5.10 Getoets aan die eise wat Wet 39 van 1967 aan Bybelkunde stel ... 165
5.11 Getoets aan die eis wat praktiese bruikbaarheid aan Bybelkunde stel ........ 166

## HOOFSTUK 6

6. LEEMTES EN AANBEVELINGS BETREFFENDE BYBELKUNDE AS KEUSEVAK IN TRANSVAALSE AFRIKAANSE SEKONDÊRE SKOLE ........ 168

6.1 Leemtes ........ 168
6.2 Aanbevelings ........ 170

## HOOFSTUK 7


SAMEVATTING ........................................ 175

SYNOPSIS ........................................ 177

GERAADPLEEGDE BRONNE ........................................ 179

BYLAAG A ........................................ 185

BYLAAG B ........................................ 187

BYLAAG C ........................................ 190

BYLAAG D ........................................ 199

# HOOFSTUK 1

## 1. HISTORIESE AANLOOP TOT DIE INSTELLING VAN BYBELKUNDE AS KEUSE-EKSAMENVAK IN TRANSVAALSE SEKONDÊRE SKOLE

### 1.1 Inleidende opmerking

Die strewe om Bybelkunde as keuse-eksamenvak in Transvaalse sekondêre skole ingestel te kry, is langs 'n lang en moeisame weg verwerklik. Sedert 1958 het verskeie persone en instansies pogings aangewend om hierdie instelling te verwerklik. Opvallend is dat alle persone en instansies wat hulle vir die instelling beywer het, deurgaans in gedagte gehad het om die status van Godsdiensonderrig tot dié van 'n eksamenvak te verander. Hierdie benadering het sekerlik meer as enigiets anders daartoe bygedra dat die oomblik van instelling vir jare vertraag is.

In die lig hiervan sou dit juister wees om te beweer dat die pogings om die vorm van Godsdiensonderrig te verander indirek uitgeloop het op die instelling van Bybelkunde. Aan die anderkant is dit opvallend dat die ywer om die vorm van Godsdiensonderrig te verander uit kommer in die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare, dat Godsdiensonderrig gebrekkig aangebied is, gespruit het. Eers in 1965 het die gedagte van Bybelkunde as 'n afsonderlike keusevak naas die gewone en verpligte Godsdiensonderrig gestalte begin kry.

### 1.2 Skoolraadskonferensie te Pretoria

Tydens 'n Skoolraadskonferensie wat op 9 en 10 September 1958 te Pretoria gehou is, word besluit om aan te beveel:

> "Dat die moontlikheid oorweeg word dat Godsdiensonderrig, met name *Bybelkennis*, 'n hoofvak in alle Transvaalse Hoërskole word en dat die vak behoorlik georganiseer word soos ander hoofvakke in hoërskole".[1)]

Hieruit blyk duidelik dat die aanbeveling geen nuwe vak beoog het nie, maar slegs dat die naam van Godsdiensonderrig as vak vervang word met Bybelkennis. Verder het die aanbeveling die vak Bybelkennis as "hoofvak" wat "behoorlik georganiseer"

1. Uittreksel uit notule van Skoolraadskonferensie gehou te Pretoria op 9 en 10 September 1958. In T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I.

is in gedagte gehad. Die aanbeveling het met die begrippe "hoofvak" en "behoorlik georganiseer" ook duidelik daarop gesinspeel dat die status van Godsdiensonderrig minder is as dié van 'n "hoofvak" en nie "behoorlik georganiseer" is nie. Uit korrespondensie van die Transvaalse Onderwysdepartement wat op hierdie aanbeveling volg, blyk dan ook dat die begrip "hoofvak" vaag en onduidelik is. Die oortuiging bestaan by ondersoeker dat die Skoolraadskonferensie in werklikheid van mening was dat die punte in Godsdiensonderrig as Bybelkennis behaal, in berekening gebring moes word vir promosiedoeleindes. In soveel woorde is dit egter nooit in korrespondensie met die Transvaalse Onderwysdepartement gestel nie.

As nou in aanmerking geneem word dat Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953 pas vyf jaar tevore uitgevaardig is, kan die volgende antwoord van die Direkteur van Onderwys op 21 Februarie 1959 begryp word:

> "Die ordonnansie maak Godsdiensonderwys verpligtend in alle skole en as sodanig geniet dit voorrang. Afgesien hiervan verwag die Departement dat die Inspekteurs van Onderwys, die skoolhoofde en die onderwysers die Godsdiensgedagte in alle vertakkinge van die skool se werksaamhede sal indra en handhaaf".[2)]

Hierdie antwoord het verder nie alleen gewys op die probleem dat die wese van Godsdiensonderrig, soos omlyn in genoemde ordonnansie, nie sondermeer verander kan word nie, maar ook gerusgestel dat Godsdiensonderrig die nodige aandag in alle skole geniet.

### 1.3 Vertoë van Mnr. H.C. Castelyn

In 'n skrywe gedateer 20 Januarie 1961 rig ook mnr. H.C. Castelyn, destyds verbonde aan die Pretoriase Onderwyskollege, vertoë tot die Direkteur van Onderwys vir die instelling van Godsdiensonderwys as eksamenvak. Vir die aandag van die Direkteur sluit hy Godsdiensonderwysvraestelle uit Engeland in en skryf:

> "By die lees van die vrae kom 'n mens onder die indruk van die hoë standaard van die Bybelkennis wat vereis word. Sonder om aan te neem dat kennis, ook Bybelkennis, deug is, lyk die volgende motivering tog vir my aanneemlik: '...... there is a strong argument for such disciplined study,

2. Brief van die Direkteur van Onderwys, 17.2.1959, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I.

> namely, that a great number of adolescents and adults at the present time reject Christianity in sheer ignorance of the facts and their meaning' ".[3]

Hiermee het Castelyn gepoog om die noodsaaklikheid van die inskerping van Bybelse feite en hul betekenis te onderstreep en vervolg dan met sy pleidooi:

> "Wat ons eie onderwys betref glo ek dat die vormende waarde van Godsdiensonderwys vir die opvoeding van die hele mens, nooit oorskat kan word nie. Daarom vertrou ek dat aan ons leerlinge die geleentheid gebied sal word om Godsdiensonderwys ook as 'n eksamenvak te bestudeer – 'n mens dink allereers aan die leerlinge wat die matriekulasiekursus volg".[4]

Hieruit blyk duidelik dat ook Castelyn, soos die aanbeveling van die Skoolraadskonferensie, nie Bybelkunde as 'n afsonderlike vak in gedagte gehad het nie. Indien dit egter die geval was, is dit nooit duidelik gestel nie en het die omlyning van Godsdiensonderrig in die Onderwysordonnansie ook hierdie pleidooi verongeluk. Die bepalinge ten opsigte van tyd[5] en verpligtheid met die uitsondering van vrystelling[6] in die Onderwysordonnansie, het dit steeds vir die Transvaalse Onderwysdepartement onmoontlik gemaak om die wese van Godsdiensonderrig te verander tot dié van 'n eksamenvak. Op 23 Januarie 1961 het die Direkteur van Onderwys die betrokke skrywe en ingeslote Godsdiensonderwysvraestelle na die betrokke leergangkomitee vir Middelbare Onderwys verwys sonder enige verdere gevolge.[7]

## 1.4 Die Interkerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding (I.K.K.O.)

Op 16 Junie 1962 ontmoet 'n afvaardiging van die I.K.K.O. en afgevaardigdes van die I.K.K.O. se Handboekkommissie die Transvaalse Adjunk-Direkteur van Onderwys. Uit die memorandum wat deur die afgevaardigdes voorgelê is vir bespreking is dit duidelik dat die samespreking hoofsaaklik sou handel oor die hersiening van die sillabus vir Godsdiensonderrig. Die afvaardiging benut egter ook die geleentheid om "vanoggend baie beleefd maar ook baie beslis by u te pleit" :

---

3. Brief van mnr. H.C. Castelyn aan die Direkteur van Onderwys, 20.1.1961, in T.O.D.-lêer T.O.A.10-3-3-29, Volume I, p.43.
4. Ibid.
5. Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953, paragraaf 2.
6. Ibid., paragraaf 3.
7. Brief van die Transvaalse Direkteur van Onderwys aan die leergangkomitee vir Middelbare Onderwys, 23.1.1961, in T.O.D.-lêer T.O.A.10-3-3-29, Volume I, p.44.

"Dat die Departement voortdurend alle moontlike sal doen om te verseker dat Godsdiensonderrig op al ons skole as 'n volwaardige vak, tot sy volle reg sal kom! Met die oog op 'n Christelike opvoeding op ons skole is dit beslis 'n fundamentele vereiste".[8)]

Nadat die afvaardiging sy kommer oor die werklike volwaardige aanbieding van Godsdiensonderrig uitgespreek het, word ingelyks gepleit vir die volgende:

- "Dit moet ernstig oorweeg word om Bybelonderrig 'n eksamenvak te maak".[9)]

- "Godsdiensonderrig moet as 'n ekstra sewende vak vir matrikulasie en seniorsertifikaat aanvaar word, wat dan as 'n endorsement op die sertifikaat aangebring word".[10)] (endossement : H.O.M.)

- "Die Onderwysdepartement moet ter gelegener tyd sy medewerking verleen om Bybelkunde as 'n derdejaarse graadvak aan die Universiteit van Pretoria ingevoer te kry".[11)]

Op 21 Julie 1962 reageer die Direkteur van Onderwys in 'n skrywe aan die I.K.K.O. soos volg op bovermelde pleidooi in die memorandum:

- "Die Departement doen alles in sy vermoë om te verseker dat Godsdiensonderrig in alle skole tot sy volle reg kom en om toe te sien dat hierdie vak aan goed toegeruste onderwysers toevertrou word;

- Die Departement is nie ten gunste van Godsdiensonderrig as eksamenvak nie;

- Die instelling van Bybelkunde as 'n derdejaars graadvak aan die Universiteit van Pretoria is 'n saak vir daardie Universiteit om te oorweeg".[12)]

Hiermee het ook die I.K.K.O., bestaande uit verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Kerke, 'n bydrae gelewer vir die instelling van Bybelkunde. Soos die ander persone en instansies het ook die I.K.K.O. hul poging verongeluk deur:

---

8. Memorandum van die I.K.K.O. vir samespreking met die Adjunk-Direkteur van Onderwys, p.3, 16.6.62, in T.O.D.-lêer T.O.A.10-3-3-29, Volume I.
9. Ibid.
10. Ibid.
11. Ibid.
12. Brief van die Transvaalse Direkteur van Onderwys aan die I.K.K.O., 21.7.1962, in T.O.D.-lêer T.O.A.10-3-3-29, Volume I, p.95.

- Eers hul bedenkinge uit te spreek oor die stand van Godsdiensonderrig in Transvaalse skole waarvoor daar op die betrokke stadium geen wetenskaplike gronde bestaan het nie, en

- die oplossing daarvoor te soek in die wesensverandering van Godsdiensonderrig deur daarvan as algemeen vormende vak 'n akademiese eksamenvak te probeer maak.

### 1.5 Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

Ook die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing verneem die Transvaalse Onderwysdepartement se standpunt oor Godsdiensonderrig as moontlike eksamenvak wanneer met die Departement onderhandel word oor gestandaardiseerde Bybelkennistoetse. In 'n skrywe gedateer 15 Junie 1962 word die saak deur die Buro soos volg verduidelik:

> "Dit is die bedoeling dat sodanige toetse deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gestandaardiseer sal word en tot die beskikking van alle Onderwysdepartemente gestel word. Blykbaar het die behoefte aan sodanige toetse dringend geword nadat sommige van ons universiteite Bybelkennis as 'n graadkursus ingevoer het. By eventuele opstelling van sodanige toetse sal op Bybelkennis gekonsentreer word en sal alle leerstellige aangeleenthede vermy word."[13)]

Op 30 Julie 1962 antwoord die Transvaalse Onderwysdepartement soos volg hierop:

> ".... dat die Departement nie ten gunste is van die opstel en toepassing van die voorgestelde gestandaardiseerde Bybelkennistoetse nie. In die leerplan van die Departement is die vak nie Bybelonderrig of Bybelgeskiedenis nie maar wel Godsdiensonderrig wat beslis meer behels as slegs blote feitekennis"[14)]

### 1.6 Verdere vertoë

Die vroeë en middel sestigerjare het egter meegebring dat verskillende instansies die noodsaaklikheid vir 'n vak, soos wat Bybelkunde later sou blyk te wees, onder die

---

13. Brief van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing aan die Transvaalse Onderwysdepartement, 16.6.1962, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I, p.98.
14. Brief van die Transvaalse Onderwysdepartement, aan die Direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 30.7.1962, in T.O.D.-lêer T.O.A.10-3-3-29, Volume I, p.102.

aandag van die Transvaalse Onderwysdepartement gebring het. Steeds was die vertoë egter vaag omlyn ten opsigte van presies wat die wese, doel en inhoud van sodanige vak sou wees. Telkens het die pleidooie verwag dat Godsdiensonderrig omskep moet word in 'n eksamenvak. Dat meeste van die instansies nie die volle implikasies van so 'n stap teen die agtergrond en inhoud van die Transvaalse Onderwysordonnansie besef het nie, blyk duidelik. Aan die anderkant bestaan die oortuiging dat elk van die betrokke instansies wat hulle vir die instelling van 'n vak, soortgelyk aan die huidige Bybelkunde, beywer het, dit met die beste bedoelings gedoen het. Uit alle memorandums en vertoë blyk dat hulle in eerlike opregtheid slegs 'n meerdere en diepere kennis van die Bybel as Woord van God by Transvaalse leerlinge op die oog gehad het.

Die Ring van Potchefstroom van die Nederduitse Gereformeerde Kerk rig op 8 Oktober 1963 'n skrywe aan die Direkteur van Onderwys insake "Godsdiensonderrig as eksamenvak" en meld dat die Ring:

> ".... op sy jongsgehoue vergadering aandag geskenk het aan die bogenoemde saak. Bewus daarvan dat hierdie aangeleentheid by u in behandeling is, rig hierdie vergadering aan u die dringende versoek dat u u sal beywer om Godsdiensonderrig as 'n eksamenvak in te sluit in die algemene onderwysbeleid".[15)]

Op 4 Mei 1964 rig wyle Ds. J.H. Boneschans namens Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging 'n skrywe aan die Direkteur van Onderwys insake: "Bybelonderrig as eksamenvak op skole" en motiveer soos volg:

> "Dit is die mening van hierdie beweging dat dit 'n baie belangrike vak is, indien nie dié belangrikste nie. Daarom meen ons dat dit 'n eksamenvak op skool moet word, nie net om sy aansien te verhoog nie maar ook en te meer omdat aan Universiteite sulke graadkursusse in Bybelkunde bestaan. Daarom moet daar ook toetsing bestaan met die oog op verdere universitêre opleiding in Bybelkunde. Toetsing van Bybelkennis reeds op skool sal vrugbare dividende afwerp vir ons volk".[16)]

Uit albei laasgenoemde skrywes blyk die erns waarmee inskerping van die Bybelse inhoud bejeën word. Tog bly dit steeds duidelik dat Bybelkunde as 'n werklik af-

---

15. Brief van die Ringscriba van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, 8.10.1963, in T.O.D.-Lêer T.O.A.10-8, Volume I, p.88.
16. Brief van Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, 4.5.1964, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-8, Volume I, p.129.

sonderlike keuse-eksamenvak naas Godsdiensonderrig nie deur die Transvaalse Onderwysdepartement voorsien is nie.

## 1.7 Bybelkunde begin vorm aanneem en word ingestel

Eers in 1965, sewe jaar na die Pretoriase Skoolraadskonferensie en op presies dieselfde datum naamlik 10 September, begin Bybelkunde as keuse-eksamenvak vorm aanneem. Die huidige Direkteur van Onderwys, dr. A.L. Kotzee, maak op 10 September 1965 in sy destydse hoedanigheid as Professionele Assistent van die Transvaalse Onderwysdepartement 'n voorlegging aan die Direkteur van Onderwys oor "Bybelstudie as Eksamenvak (Keusevak) vir die twee Eindeksamens." In hierdie voorlegging is veral paragrawe een en ses van besondere belang vir die gestaltegewing van Bybelkunde; dit lui:

- "Tydens ons hersiening van ons sillabusse vir Godsdiensonderrig, het die vraag by my ontstaan of ons nie 'n vak Bybelstudie as keusevak in st. 9 en 10 kan invoer nie."[17]

- "Daar word aanbeveel dat die invoering van Bybelstudie as eksamenvak op 'n keusevak basis vir st. 9 en 10 na die Vakkomitee van die Inspektoraat vir Godsdiensonderrig vir hulle kommentaar en aanbeveling verwys word".[18]

Die belangrikste verdienste van hierdie voorlegging en aanbeveling is beslis geleë in die gedagte van 'n keusevak afsonderlik van, en naas Godsdiensonderrig as verpligte vak soos verskans in Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953. Hierdie aanbeveling het die moontlikheid vir die Transvaalse Onderwysdepartement geskep om enersyds uitvoering te gee aan die talle vertoë wat 'n meer akademiese studie van die Bybel beoog het, en andersyds tog die meer spesifiek vormende vak Godsdiensonderrig, as sodanig te behou.

Alles is onmiddellik in werking gestel om uitvoering te gee aan die aanbeveling van dr. Kotzee. Tydens 'n vergadering van die Interkerklike Handboekekommissie op 1 Desember 1967 rapporteer prof. dr. S.C.W. Duvenage (toe dit gehandel het oor 'n handboek vir Bybelkunde):

---

17. Voorlegging van die Professionele Assistent aan die Transvaalse Direkteur van Onderwys, 10.9.65, in T.O.D.-lêer T.O.A.10-8, p.186.
18. Ibid.

> "Mnr Badenhorst van die Transvaalse Departement van Onderwys, het die hele prosedure wat, in ooreenstemming met 'n bepaalde ordonnansie gevolg moet word, duidelik gestel. Daarvolgens is dit nie moontlik om die vak voor 1969 ingestel te kry nie".[19)]

Die prosedure vir die instelling van Bybelkunde as keuse-eksamenvak het inderdaad dan ook só verloop. Op 1 April 1968 kondig die Transvaalse Direkteur van Onderwys aan:

> "Die Departement het besluit dat Bybelkunde as keusevak in st. IX van die begin van 1969 af ingevoer mag word".[20)]

**1.8 Eerste Bybelkunde-kandidate : geesdrif vir Bybelkunde**

Enkele Transvaalse sekondêre skole het dan ook aan die begin van 1969 Bybelkunde as keusevak ingevoer wat deur standerd 9-leerlinge gekies kon word. Die jarelange besinning oor 'n meer prominente plek vir die Bybel as akademiese dissipline, naas die ander akademiese skoolvakke, was hiermee afgehandel. Die feit dat slegs 100[21)] kandidate in Bybelkunde aan die einde van 1970 die skooleindeksamen afgelê het, dui daarop dat die vak met minder skouspelagtige getalle 'n aanvang geneem het.

Hierdie feit het egter nie die geesdrif van vele gedemp nie. Duvenage het die instelling van Bybelkunde as keuse-eksamenvak in Transvaalse sekondêre skole soos volg beskryf:

> "Ek sê dit was 'n blye dag toe die aankondiging gekom het omdat, met die invoering van Bybelkunde as volwaardige vak op skool, daar 'n groot deurbraak gemaak is vir die beoefening van die teologiese wetenskap ook op skoolvlak. Tot op daardie tydstip was die beoefening van Bybelkunde en die Teologie die prerogatief van die hoër opvoedkundige inrigtings in ons land. Daar bestaan egter geen enkele rede waarom die teologiese wetenskap uitsluitlik op die tersiêre onderwysvlak beoefen moet word nie."[22)]

---

19. Notule van die vergadering van die Interkerklike Handboekekommissie, gehou te Pretoria op 1.12.1967, p.2. (In die notuleboek van die Interkerklike Handboekekommissie, Pretoria).
20. Transvaalse Onderwysdepartement Omsendbrief No 35 van 1968.
21. Onderhoud met dr. A.J. Dekker, Onderwysburo van die Transvaalse Onderwysdepartement, Mei 1974.
22. Duvenage, S.C.W. Bybelkunde as volwaardige vak op die middelbare skool, p 1.

Die optimisme en geesdrif vir Bybelkunde het egter nie weggeneem dat sekere faktore beslis 'n invloed op hierdie vak gedurende die eerste instellingsjare gehad het nie. Voordat vervolgens op hierdie faktore gelet word is die volgende verduideliking noodsaaklik.

*Verduideliking

Tans is die tweede Bybelkundesillabus sedert die vak se instelling, in Transvaalse sekondêre skole in gebruik. Die eerste Bybelkundesillabus is sedert instelling in gebruik, en het in gebruik gebly tot einde 1974 toe die laaste groep standerd 10-leerlinge oor die leerstofinhoud daarvan geëksamineer is. Gedurende die jare 1972/73 is 'n kernsillabus vir Bybelkunde opgestel. Hierdie kernsillabus word op Nasionale grondslag deur alle Onderwysdepartemente gebruik. Ten opsigte van verskeie aspekte het die kernsillabus vir Bybelkunde 'n nuwe bedeling gebring. Hieroor egter in paragraaf 1.10 meer.

Elke Onderwysdepartement het egter die reg om die kernsillabus te verwerk tot 'n eie Bybelkundesillabus vir gebruik deur die betrokke Onderwysdepartement. Sodanige verwerking beoog onder meer, duideliker leiding aan onderwysers ten opsigte van doelstellings met die vak, benadering en vakmetodiek. Aan die inhoud van die kernsillabus mag vanselfsprekend egter nie verander word nie.

Wat Transvaal betref, is die kernsillabus gedurende 1974 verwerk tot 'n Bybelkundesillabus vir gebruik in Transvaalse sekondêre skole en word daarna verwys as die nuwe Bybelkundesillabus. Aan die einde van 1975 sal die eerste groep standerd 10-leerlinge oor die leerstofinhoud van die verwerkte kernsillabus geëksamineer word. Dit sal matrikulante wees wat sedert Januarie 1973, as standerd 8-leerlinge, Bybelkunde gekies het en die kernsillabus gevolg het.

## 1.9 Die invloed van sekere faktore op Bybelkunde

Veral drie faktore het van meet af die onmiddellike inslag van Bybelkunde as keuse-eksamenvak in Transvaalse sekondêre skole, asook die gesonde groei van die vak, beïnvloed. Hierdie faktore was die volgende:

- Bybelkunde kon eers vanaf standerd 9 geneem word.[23]

- Bybelkunde kon slegs in die standaardgraad (nie-universiteitsvrystelling) geneem word.[24]

- Die matrikulasie-eksamen in Bybelkunde het die leerstofinhoud van sowel standerd 9 as standerd 10 geëksamineer.[25]

Die invloed wat hierdie drie faktore op Bybelkunde as keuse-eksamenvak uitgeoefen het verdien nadere beskouing.

*1.9.1 Bybelkunde vanaf standerd 9 geneem*

Anders as met die meeste ander skoolvakke is Bybelkunde vir standerd 9-leerlinge 'n geheel nuwe vak waarin geen vorige ervaring bestaan nie. Vir Bybelkunde as keuse-eksamenvak was hierdie feit beslis skadelik en het dit 'n agterstand teenoor ander skoolvakke geïmpliseer. Leerlinge wat Bybelkunde as eksamenvak wou kies was gevolglik hoofsaaklik aangewys op die beeld wat Godsdiensonderrig vertoon het, vir hul finale keuse. Die ooreenkoms wat hierdie twee vakke ten opsigte van leerstofinhoud vertoon, het onwillekeurig daartoe bygedra dat leerlinge die twee vakke met mekaar vergelyk het. Sodanige vergelyking het dan by benadering aan leerlinge getoon wat in Bybelkunde verwag kon word. Feit is egter dat weinig leerlinge sondermeer aan die einde van standerd 8 met die studie van 'n "nuwe" en "vreemde" vak 'n aanvang wil neem.

*1.9.2 Bybelkunde slegs in die standaardgraad*

Die feit dat Bybelkunde slegs in die standaardgraad geneem kon word het sekerlik ook die gedagte by sommige leerlinge laat ontstaan dat hierdie vak nie die status van hoërgraad waardig is nie.[26] Vir die onmiddellike inslag van 'n nuwe vak was dit beslis nie bevorderlik nie. Verder merk Duvenage hieroor op:

---

23. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde vir sts. IX en X, p.1.
24. Ibid., p.9.
25. Ibid.
26. Duvenage, op. cit., p.6.

"Kinders kan byvoorbeeld redeneer dat omdat Bybelkunde nie op hoër vlak geneem kan word nie, hulle kanse om drie vakke op hoër vlak te slaag, met een verminder indien hulle Bybelkunde in hul kurrikulum sou insluit".[27)]

### *1.9.3 Die leerstofinhoud waaroor geëksamineer is*

Wanneer nou in gedagte gehou word dat Bybelkunde grootliks 'n "vreemde" vak vir leerlinge in standerd 9 is, en dat die vak slegs in die standaardgraad geneem kon word, was dit verder 'n omvangryke taak om aan die einde van standerd 10 oor albei studiejare se leerstofinhoud eksamen af te lê. Wanneer die leerstofinhoud van Bybelkunde met dié van ander geesteswetenskaplike vakke vergelyk word, is die ooreenkoms ten opsigte van hoeveelheid opvallend. Logies kon leerlinge dus vra waarom 'n vak kies met dieselfde hoeveelheid leerstof as 'n ander vak en dan slegs standaardgraad-erkenning daarvoor ontvang. Ook hierdie feit het nie meegehelp dat Bybelkunde met gelyke geleenthede teenoor ander vakke 'n begin gemaak het nie.

## 1.10 Gelyke geleenthede vir Bybelkunde

Die nuwe Bybelkundesillabus vir Transvaalse sekondêre skole is egter op 13 November 1974, onder dekking van T.O.D.-Omsendminuut 140 van 1974, aan die betrokke skole gestuur. Met die daarstelling van hierdie sillabus, wat 'n verwerking deur die Transvaalse Onderwysdepartement is van die Bybelkundekernsillabus, is bogenoemde drie faktore finaal reggestel.

- Sedert Januarie 1973 kon standerd 8-leerlinge Bybelkunde kies wat beteken dat Bybelkunde tans oor drie skooljare aangebied word en die nuwe Bybelkundesillabus ook vir standerd 8 voorsiening maak.[28)] Die eerste standerd 10-leerlinge sal dus gedurende die matrikulasie-eksamen van November 1975 eksamen aflê onder die nuwe bedeling en oor die inhoud van die nuwe Bybelkundesillabus.

- Bybelkunde kan nou in beide hoër- en standaardgraad geneem word.[29)]

- Vraestelle in Bybelkunde sal in beide hoër- en standaardgraad, slegs oor die leerstofinhoud van die betrokke jaar gestel word.[30)]

---

27. Ibid., p.7.
28. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10. p.3.
29. Ibid., p.2.
30. Ibid., p.15.

Tot welke mate hierdie drie aspekte Bybelkunde as keuse-eksamenvak bevoordeel het, sal blyk uit die menings van Bybelkundeonderwysers (Vgl. vrae 17, 18 en 19 in afdeling D van vraelys B, Bylaag C).

## 1.11 Die doel en metode wat gevolg gaan word met hierdie ondersoek

### *1.11.1 Die doel van hierdie ondersoek*

Die doel van hierdie ondersoek is om die huidige stand van Bybelkunde, ses jaar na die instelling daarvan as keuse-eksamenvak in Transvaalse sekondêre skole, te bepaal. Die bepaling van sodanige stand het op die volgende sake betrekking:

1.11.1.1 Wat was skoolhoofde se hoofredes vir die instelling van Bybelkunde by die betrokke skole? Verder wil ook bepaal word of Bybelkunde 'n groei of afname toon ten opsigte van die getal leerlinge wat jaarliks die vak kies. Na aanleiding van laasgenoemde saak wil ook bepaal word watter redes daarvoor bestaan, en wat aanbeveel word ter regstelling indien die vak 'n afname ten opsigte van belangstelling daarin vertoon. (Vir hierdie doel word dertien vrae aan skoolhoofde gestel).[31]

1.11.1.2 Wat is die kwalifikasies, ervaring en buitemuurse verantwoordelikheid van Bybelkunde-onderwysers/esse? Watter verband bestaan daar tussen Godsdiensonderrig en Bybelkunde by die betrokke skole? Verdere vrae handel onder meer oor hulpmiddele, vakmetodiek, inspeksie en organisasie van Bybelkunde. Laastens handel vrae oor die Bybelkundesillabus. (Vir hierdie doel word onder ses afdelings, twee en sestig vrae aan Bybelkunde-onderwysers/esse gestel).[32]

1.11.1.3 Wat is die betrokke leerlinge se houding teenoor Bybelkunde, die redes waarom Bybelkunde gekies is, en beroepe wat deur hulle oorweeg word? Verder wil bepaal word of Bybelkunde aan leerlinge se verwagtings voldoen het en watter invloed Bybelkunde op hulle gehad het. (Vir hierdie doel word vier en twintig vrae aan leerlinge gestel).[33]

---

31. Kyk Bylaag B.
32. Kyk Bylaag C.
33. Kyk Bylaag D.

Hierdie ondersoek wil die houding van al die standerd 10-leerlinge wat Bybelkunde aan Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole neem, bepaal. Uiteindelik wil hierdie ondersoek dan die stand van Bybelkunde aan al een en dertig Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole wat Bybelkunde sedert 1967 ingestel het, bepaal.

*1.11.2 Die metode wat gevolg gaan word*

In hierdie ondersoek word van drie vraelyste gebruik gemaak.

1.11.2.1 Die eerste vraelys word aan al die skoolhoofde van Afrikaanse sekondêre skole waar Bybelkunde ingestel is, gerig.[34)]

1.11.2.2 Die tweede vraelys word aan al die onderwysers/esse wat vir die aanbieding van Bybelkunde in genoemde skole verantwoordelik is, gerig.[35)]

1.11.2.3 Die derde vraelys word aan al die standerd 10-leerlinge wat in genoemde skole Bybelkunde gekies het, gerig.[36)]

1.11.2.4 'n Begeleidende brief word verder aan die betrokke skoolhoofde gerig waarin die doel van die ondersoek verduidelik word, die vertroulike hantering van inligting onderneem word en hul samewerking versoek word.[37)]

---

34. Kyk Bylaag B.
35. Kyk Bylaag C.
36. Kyk Bylaag D.
37. Kyk Bylaag A.

# HOOFSTUK 2

## 2. DIE WESE VAN BYBELKUNDE EN KRITERIA WAARAAN DIT MOET BEANTWOORD

### 2.1 Inleidende opmerking

In hierdie hoofstuk sal nagegaan word wat die prinsipieel-opvoedkundige kriteria is waaraan Bybelkunde as keuse-eksamenvak moet voldoen. Voordat oorgegaan word tot die eise wat verskillende instansies in hierdie verband stel, wil eers vooraf gevra word na die naam en wese van Bybelkunde. Omdat die vak in die skool as opvoedingsinstelling beoefen word sal vervolgens ook kortliks aandag geskenk word aan die begrip opvoeding om uiteindelik te kan uitkom by die plek en opvoedkundige doelstellings wat met Bybelkunde as Bybelse onderrig beoog word.

### 2.2 Bybelkunde as vaknaam

Voordat besin word oor die wese van Bybelkunde is dit belangrik om enkele opmerkings oor die vakbenaming te maak. Die naam Bybelkunde dui veelseggend en duidelik op die wese van die vak. Eerstens is dit duidelik dat hiermee 'n studie van die Bybel beoog word. Die Bybel self, en geen ander bron nie, is primêr die objek van studie. Verder beoog die studie nie alleen kennis van die Bybel nie maar ook 'n kunde daarvan. Kundigheid veronderstel meer as kennis – dit veronderstel 'n kan. Op hierdie kundigheid van Bybelkunde word teruggekom in paragrawe 2.8.2.2 en 2.8.2.3.

Die feit dat die vaknaam in Transvaal Bybelkunde is, stem in die lig van bogenoemde tot tevredenheid maar skerp ook op tot behoud van hierdie naam in die lig van wat tans in Engeland gebeur. In Engeland bestaan die neiging tans om die naam Bybelkunde vinnig te verander. Howkins maak in hierdie verband die volgende ontstellende opmerking:

> "The change of name in many colleges of education and in universities, from Divinity, Theology, or Biblical Studies to Religious Studies, is very significant. It reflects both a change of emphasis and a change of attitude. The former names are considered to have too narrow a connotation. They imply a separation of Christianity from other Religions, of the Bible from other books and of the sacred from the secular, or the holy from the unholy. But the notion of secularization, which is becoming

> increasingly popular (in various senses and forms), removes such distinctions. Religion is life, and life is religion; what is deepest down within a man, or what he feels most strongly, is claimed to be God; so that no man can be an atheist. The strongest objections to this, of course come from the atheists, who resent being informed that they are really believers all the time".[1]

Die ontstellende gevolg van die naamsverandering in Engeland is dat die Bybel veel minder as voorheen in die sentrum van die vakaanbieding figureer. Hiervoor is die redes dat dit enersyds die bedoeling is en andersyds die gevolg van die vak se naamsverandering. Vir die feit dat dit die bedoeling is, voer Howkins aan dat dit is omdat die Bybel nie langer as outoritêr en van oorwegende belang is nie.[2]

In die lig van die wese van Bybelkunde in die Republiek van Suid-Afrika en die doelstellings wat daarmee beoog word, is sodanige naamsverandering hier te lande ondenkbaar.

## 2.3 Die wese van Bybelkunde

Op die vraag na die verskil tussen Bybelkunde en Godsdiensonderrig het weinig opvoedkundiges en teoloë in die Republiek van Suid-Afrika, sedert die instelling van die vak, volledig geantwoord. Tydens enkele pogings daartoe is so swaar geleun op die Godsdiensonderrig dat kwalik by die verskil tussen Godsdiensonderrig en Bybelkunde as 'n afsonderlike keuse-eksamenvak in Transvaalse sekondêre skole uitgekom is.

Wanneer Jansen van Rensburg oor die vak Bybelkunde besin, raak hy só verstrik in die doel van Godsdiensonderrig dat hy hoogstens beknop by die doel, aard en inhoud van Bybelkunde uitkom.[3]

Hoewel dit duidelik nie die doel van Van der Westhuizen was om die vak Bybelkunde na sy wese te omlyn nie is dit opvallend dat ook hy Bybelkunde en Godsdiensonderrig kortweg die "Godsdiensvakke" noem sonder nadere presisering van Bybelkunde.[4]

---

1. Howkins, Kennith G. The challenge of Religious Studies, p.8.
2. Loc. cit.
3. Jansen van Rensburg, W.L. 'n Kritiese studie van die Bybelkundesillabus vir die Transvaalse middelbare skool, met die oog op 'n voorgestelde kernsillabus vir die middelbare skole van die Republiek van Suid-Afrika, p.31–34.
4. Van der Westhuizen, P.C. Die onderrig van Geloofsleer in die Christelik-Afrikaanse sekondêre skool, p.21.

Daarteenoor is dit Duvenage wat by die wese van Bybelkunde uitkom deur vooraf eers te vra na wat Teologie is. Vir 'n antwoord op laasgenoemde vraag stel Duvenage hom op die groepering van Abraham Kuyper uit die vorige eeu en verdeel die Teologiese Wetenskap in die volgende vier kategorieë:

**Die Bibliologiese**, d.w.s. die vakke wat hulle besig hou met die Skrif as sodanig;

**Die Ekklesiologiese**, d.w.s. die vakke wat die werking van die Woord van God in die lewe van die kerk nagaan;

**Die Dogmatologiese**, wat die inhoud van die Skrif in ons bewussyn reflekteer;

**Die Diakonologiese**, of amptelike vakke wat nagaan hoe die werking van die Woord in stand gehou moet word.[5)]

Volgens Duvenage het Bybelkunde slegs twee van hierdie afdelings as studieterrein geneem, naamlik die Bibliologiese en Dogmatologiese vakke. Hierdie twee afdelings is nie alleen van groot omvang nie, maar vorm ook die kern van die teologiese wetenskap.[6)]

Na aanleiding hiervan omlyn Duvenage dan die wese van Bybelkunde soos volg:

> "Maar net soos die Teologie, sou ons ook by die Bybelkunde kon spreek van 'n wetenskap wat tot voorwerp van ondersoek het die kennis van God wat deur die besondere openbaring, die Woord van God, tot ons gekom het. Met hierdie stelling neem ons standpunt in teen die opvatting van Schleiermacher wat nie die Woord van God nie, maar die geloof, die religie as funksie van die menslike gees, tot eintlike objek van die teologiese wetenskappe gemaak het. Nie die religieuse gevoel, ook nie God self nie, maar wel die kennis van God (cognitio Dei) soos wat Hy dit in Sy Woord aan ons geopenbaar het, kan en moet die objek van ondersoek wees. Die Woord van God ontvang dus hier onmiddellik die gesag van uitsluitlike kenprinsiepe vir die Bybelkunde as wetenskap."[7)]

Samevattend kan Bybelkunde vervolgens beskryf word as 'n teologiese wetenskap. Tot voorwerp van ondersoek het dit die kennis van God wat deur die besondere

---

5. Duvenhage, op. cit., p.11.
6. Loc. cit.
7. Loc. cit.

openbaring, die Bybel, tot ons gekom het. Nie die religieuse gevoel, of die Goddelike Wese self nie, ook nie die geloof nie, maar die kennis van God via die Bybel is die ondersoekveld.[8)]

Vanselfsprekend kan Bybelkunde as studie van die Bybel met die oog op kennis van God geen koue akademiese gebeure wees nie. Per slot van sake is die Bybel Woord van God waarin Hy Homself openbaar aan die mens van alle tye en as sodanig nie neutraal, afsydig of onduidelik nie.

'n Studie van die Bybel om bloot daaruit te leer en nie daaruit te leef nie is nie alleen in stryd met die wese van die Bybel nie, maar sekerlik ook 'n misbruik van die Skrif. In hierdie verband merk Howkins op:

> "The study requires the same mental discipline and thorough scholarship as any other subject, or perhaps even more, because of the wide compass of the subject. But it cannot be treated purely objectively without personal risk. God is 'Thou', not 'It', He is to be encountered, not just discussed".[9)]

Tot dusver is gelet op die belangrikheid van die vakbenaming en die wese van Bybelkunde. Omdat die vak in die skool as opvoedingsinstelling beoefen word, word vervolgens kortliks gelet op die wese van opvoeding en uiteindelik op die plek en opvoedingsdoelstellings van Bybelkunde.

### 2.4 Die begrip : opvoeding

Deur die eeue heen is reeds talle beskrywings van die begrip opvoeding gegee. Die doel van hierdie ondersoek is nie om 'n volledige opgawe van sodanige beskrywings te gee nie. Eerder wil hier vlugtig kennis geneem word van wat enkele opvoedkundiges oor die begrip te sê het.

Wanneer Van Praag[10)] die standpunt huldig dat opvoeding tussen onvolwassenes en volwassenes onderling moontlik is en dat elke opvoeder ook deur sy opvoedeling

8. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing Nr. 1., p.4.
9. Howkins, op., cit., p.135.
10. Van Praag, H. De zin der Opvoeding, p.5–6.

opgevoed word is daar van vele opvoedkundiges heftig teenkanting. Laasgenoemde opvoedkundiges is dit almal eens dat opvoeding alleen moontlik is in 'n verhouding tussen volwassenes en onvolwassenes. In hierdie verhouding word 'n bepaalde invloed tot verandering as verbetering deur eersgenoemdes op laasgenoemdes uitgeoefen. Só tipeer Oberholzer opvoeding as vorm van opsetlike handeling van die een mens ten opsigte van die ander met beklemtoning van die feit dat die handeling uitgaan van 'n volwassene op 'n volwassewordende, vorming-ondergaande persoon, en besluit:

> "Die begrip opvoeding dui dan op die opsetlike, gerigte, stelselmatige, intensionele en vormende beïnvloeding van die lewensgang van 'n ander in die rigting van 'n sekere doel of doeleindes waaraan voorkeur gegee word. Hierdie intensionele beïnvloeding geskied in die lig van verantwoordbare middelekeuse en middeletoepassing."[11)]

Terloops is dit dieselfde opvoedkundige wat duidelik onderskei tussen opvoeding en vorming. Vir hom is vorming moontlik om rede die mens se onvoltooidheid en onvoltooibaarheid waarop grond van die volwassene steeds respondeer op die beïnvloeding van dít wat hom omring. Vorming is 'n aangeleentheid wat dwarsdeur die lewe voortduur. Omdat hierdie beïnvloeding van die volwassene onbewus, onopsetlik, ongerig, ongesistematiseerd en onpersoonlik is, noem hy dit vorming.[12)]

Langeveld beskryf die terrein waarbinne opvoeding aangetref word as dié van omgang tussen volwassenes en kinders. Tydens hierdie omgang word invloed deur eersgenoemdes op laasgenoemdes uitgeoefen met die oog op bekwaammaking vir die eie selfstandige lewenstaak.[13)]

Verder beklemtoon dieselfde opvoedkundige dat opvoeding alleen plaasvind binne die verhouding volwassene teenoor kind. In sy verhouding teenoor ander kinders vind die kind veel bruikbare "opbouende materiaal en dingen" vir die latere lewe sonder dat opvoeding inderdaad plaasvind. Eers wanneer die kind hom in 'n verhouding teenoor 'n volwassene as opvoeder met verantwoordelikheid bevind, is daar sprake van opvoeding.[14)]

---

11. Oberholzer, C.K. Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek, p.86.
12. Loc. cit.
13. Langeveld, M.J. Beknopte Teoretische Pedagogiek, p.21.
14. Langeveld, M.J. Scholen maken mensen, p.131.

Perquin weer besluit op die volgende voorlopige definisie van opvoeding:

> "Opvoeding is de hulp van de voor de uitgroei van het kind verantwoordelijke personen opdat het volwassen worde."[15]

Coetzee stem saam dat opvoeding 'n daad of handeling tussen volwassenes en onvolwassenes is met die bepaalde doel dat eersgenoemdes laasgenoemdes se volwassenheid beoog en vervolg:

> "Opvoeding is 'n daad van mense met 'n doel. Opvoeding is 'n handeling onder mense. 'n Daad van een mens teenoor 'n ander mens, en dit is 'n doelbewuste en doelgerigte daad".[16]

In dieselfde trant beskryf Gunter opvoeding as 'n relasie volwassenes-mondiges en onvolwassenes-onmondiges waartydens eersgenoemdes laasgenoemdes bewustelik-doelbewus, planmatig en opsetlik bearbei, behelp en lei met die oog op wysiging tot verbetering van die onvolwassene se natuurlike groei. Hierdeur neem die onvolwassene se bestaan 'n behoorlike loop en ontwikkel hy geleidelik tot 'n bepaalde soort mens wat sal beantwoord aan die eise wat deur die behoorlike gestel word.[17]

### *2.4.1 Die plek van Bybelkunde in die opvoeding*

Dit is egter Coetzee wat die lyn oor die wesenlike van die opvoeding sonder versuim deurtrek en inhoud gee aan die begrippe: behoorlike loop, bepaalde soort mens en wat die eise, sowel as die wese van die behoorlike is.

Vir hierdie inhoudgewing stel Coetzee die grondvrae na die oorsprong, wese en bestemming van die lewe, die mens (volwassene en kind) en die opvoeding. Hierdie grondvrae roep om antwoorde want vir die gelowige mens met die Christelik-nasionale lewensopvatting bepaal dit:

> "...... ons siening oor die opvoeding van die mens wat deur God geskape is na Sy beeld en gelykenis wat in sonde en dood verval het, wat in genade daaruit verlos word, wat net een roeping op aarde het, nl. kennis,

---

15. Perquin, N. Pedagogiek, p.37.
16. Coetzee, J. Chris. Die plek van die Lewensopvatting in ons onderwysbeleid, p.18 (**In**: 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys).
17. Gunter, C.F.G. Opvoedingsfilosofieë, p.9, 10.

> liefde en diens vir God. Hierdie opvatting oor lewe en mens bepaal vir ons as gelowige Christene die begin, die weg en die einde van die opvoeding".[18]

Hierdie enkele roeping op aarde van die mens wat Coetzee uitlig dui dan ook op die besondere plek wat Bybelkunde na sy wese in die opvoeding inneem. Bybelkunde wat as voorwerp van ondersoek die kennis van God deur die besondere openbaring, die Bybel, het, bied by uitnemendheid toerusting tot hierdie roepingsvervulling van die mens op aarde. Hieruit verhelder die beeld van ware opvoeding as dáárdie handeling en bemoeienis van die volwasse mens teenoor die onvolwasse kind met die oog daarop dat die in-sonde ontvang en gebore kind sal opgroei in die vrese van die Here, in kennis van, liefde vir, en diens aan God.

> "Dit is moontlik omdat God in die mens die nodige gawe van hoof en hart en hand gelê het. Die skepping, die sondeval en die verlossing maak die mens tot voorwerp van ware opvoeding; die vorming van die mens van God vir alle goeie werk volkome toegerus".[19]

*2.4.2 Die doel met Bybelse onderrig*

Hiermee is sonder omhaal van woorde, insgelyks voorsien die duidelike omlyning van die begrip opvoeding asook die noodsaaklikheid, doel en inhoud daarvan. Dit is duidelik dat ware opvoeding nie moontlik is sonder kennis van die Bybel as die Selfopenbaring van God nie. Naas die gawes van hoof, hart en hand skenk God sy Woord en word die gelowige geroep tot inskerpende ondersoek daarvan. Juis daarin as besondere openbaring maak God aan die mens bekend wat genoegsaam is omtrent Homself, die skeppingsdoel en eindbestemming van die ganse skepping, die sondeval, straf, genade van verlossing in Christus en hoe Hy uit dankbaarheid gedien moet word. Kortom : as die doel van ware opvoeding diens aan God uit liefde is, veronderstel hierdie diens dat God eers geken sal word. Sonder kennis van God op grond van Sy Selfopenbaring kan daar by die mens geen sprake van ware liefdesdiens jeens God wees nie.

18. Coetzee, Loc. cit.
19. Ibid., p.19.

Die gelowige opvoeder daarteenoor, kan as volwassene in die opvoedingshandeling nooit by die kind die liefdesdiens bewerk nie. Wanneer Van Wyk in hierdie verband na die opvoeder verwys merk hy op:

> "Ons is maar eenvoudige instrumente, beskeie werktuie. God is dit wat die eintlike doen."[20]

Hoogstens bring die opvoeder, biddend en met gelowige oorgawe, die Selfopenbaarde kennis van God tot die kind. Hierdie handeling is doelbewuste en doelgerigte leiding en beïnvloeding na Bo – na God toe.

Die inskerping van hierdie kennis skep die moontlikheid vir die kind tot omkeer na God toe. Aan die anderkant skep hierdie kennis vir die reeds gelowige kind die geleentheid tot meerdere en diepere kennis met die oog op verryking van sy godsdienstige lewe en geloofsvolharding.[21]

Die kind as skepsel van God na Sy beeld is die sondeval geheel deelagtig en kan daaruit alleen deur God in Christus verlos word. Hierin is geleë die noodsaaklikheid, moontlikheid maar ook die grense van die opvoeding:

> ".... maar die laaste grens in die opvoeding word gegee in die feit dat verlossing alleen deur Christus gegee kan word. Geen opvoeding kan die mens verlos nie".[22]

Maar nou is hierin juis ook die roeping tot opvoeding geleë. Die opvoeder, bewus van die kind se afhanklikheid van verlossing deur God in Christus en van sy onkunde aangaande die weg daarheen, moet die kind in die lig van Gods Woord met volle verantwoordelikheid op dié weg lei.

> "Dit kan met reg beweer word dat in geen ander opsig die mens so direk tot medewerker Gods geroep word as juis in die opvoeding nie".[23]

---

20. Van Wyk, J.H. Die Bybel in die lewe van die kind, p.5.
21. Gunter, C.F.G. Wat moet ons verstaan onder die Christelike Karakter van die Onderwys in die openbare Staats- of Staatsondersteunde Skool? *Die Unie,* April, 1970, p.433.
22. Van der Merwe, B. de V. Die opvoedkundige implikasies van die Christelikwysgerige antropologie. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap.* Jaargang 9, 4de kwartaal, 1973, p.161.
23. Ibid., p.158.

## 2.5 EISE GESTEL AAN DIE ONDERRIG VAN BYBELKUNDE

Vervolgens word gelet op die eise wat verskillende instansies stel aan die onderrig van Bybelkunde ten einde kriteria daarvoor te bepaal.

### 2.6 Die Bybelse eis en gelowige ouerskap

Vir die Skrifgelowige ouer is die Skrifgefundeerde uitsprake van Waterink ten opsigte van die Goddelike roeping aan ouers oor die opvoeding van kinders van dwingende belang. Treffend toon hy aan[24] hoedat dit, op grond van die afgeleide Skrifbeginsel, die deurgaande eis van die Bybel is dat:

> "De opvoeding van de kinderen is de taak der ouders."[25]

Die Bybel eis van elke mens kennis van God, liefde vir Hom en diens aan Hom.[26] Duidelik spreek Deut. 6:1–9 oor die inskerping hiervan by die kind. Deut. 6:7 handel oor die intensiteit waarmee dit gedoen moet word naamlik, altyd, oral en onder alle omstandighede.[27] Malan dui volledig die betekenis van die woord "inskerp" aan [28] wat op herhaling dui en dus nie 'n sporadiese vertelling nie, maar 'n volhardende aktiwiteit impliseer. Insiggewend ook is Malan se Skriftuurlike besinning oor huwelik en ouerskap[29] na aanleiding waarvan hy dan opmerk:

> "Ouerskap is gegewe verantwoordelikheid, kragtens die geboorte van 'n kind. As verantwoordelikheid beteken : om antwoord te gee op aangesprokenheid of geroepenheid, dan sou die verantwoordelikheid van ouerskap moet beteken : antwoord gee aan God, wat, deur die mens tot ouer te maak, hom tot hierdie verantwoordelikheid roep. Elke ouer gee egter antwoord uit hoofde van sy Godsbeskouing en sy daaruit voortvloeiende mens- en lewensbeskouing".[30]

Nou is dit so dat die gelowige ouer 'n Skrifgefundeerde kindbeskouing huldig en is vir hom:

---

24. Gielen, J.J. e.a. Keur uit de verspreide geschriften van prof. dr. J. Waterink, p.171–176.
25. Ibid., p.174.
26. Van Wyk, J.H. Die sillabus vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde aan Transvaalse Onderwysersopleidingsinrigtings, p.104.
27. Bybel met Verklarende Aantekening, Deel I, p.378.
28. Malan, J. du P. Kerk en ouerskap, p.69, 70.
29. Ibid., p.16–41.
30. Ibid., p.33.

> " 'n kind 'n gawe van God (o.a. Psalm 127:3; Psalm 128:4 en Spreuke 17:6) wat Hy op Sy eie wyse en op Sy eie tyd gee aan ouers wat binne die skeppingsorde van God deur God toegelaat word om die kind, te verwek en deur geboorte voort te bring. Hierdie gawe van God, die kind is dus nooit blote besitting van die ouers nie, maar van God. Aan die ouers vertrou God dan sy kosbare besitting vir korter of langer tyd toe, soos dit Hom mag behaag, om hierdie besitting te ontvang, te voed en op te voed, sodat God deur dit alles verheerlik word."[31)]

In die lig hiervan is opvoeding as ouerlike verantwoordelikheid 'n absolute noodsaaklikheid op grond van die uiteindelike verantwoording teenoor God van wat met die kind gedoen is. Wanneer daar sprake is van verantwoording doen is die vraag na die eindbestemming van die kind as deur God gedeligeerde ouerlike verantwoordelikheid in gedrang naamlik, wat moet van die kind word? Hierop is die antwoord:

> "dat hy die Here sy God sal liefhê met sy hele hart, sy hele siel, sy hele verstand en met al sy kragte, en aansluitend sy naaste soos homself. Wetsgehoorsaamheid en wetsvervulling plaas die opvoeder onder die gesag van die wet waardeur ook sy verhouding tot 'n volwassene-wordende bepaal word."[32)]

In die lig hiervan beoog die gelowige ouer om sy kind te help om God in liefdesgehoorsaamheid te dien met sy totale vermoë en sy medemens as medeskepsel van God te aanvaar. Van besondere betekenis is die woord "help" wat dui op die feit dat ouers nie die kind kan opvoed of beïnvloed tot die beeld van God nie; dit is die werk van die Heilige Gees deur die wedergeboorte.[33)] Die Skrifgelowige ouer kan en wil alleen maar gewillige en bruikbare instrument wees om in die hand van God die kind te lei en op te voed tot sy verhewe eindbestemming.[34)]

Eindbestemming vir die Skrifgelowige ouer impliseer dat die kind waaragtig in Hom, aan wie hy behoort, sal glo, en Hom sodoende gelowig sal ken, liefhê en dien. Die vraag na wat ware geloof is, word beantwoord deur die Heidelbergse Kategismus[35)] en impliseer : kennis van God in en deur Jesus Christus en vertroue in Hom as Verlosser.

---

31. Ibid., p.40.
32. Oberholzer, op. cit., p.347.
33. Van Wyk, J.H. Die sillabus vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde aan Transvaalse Onderwysersopleidingsinrigtings, p.4.
34. Paedagogica. Keur uit de werken van prof. dr. J. Hoogveld, p.316.
35. Formulierboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, p.39.

> "Dis 'n kwessie van vertroue deur een persoon in 'n ander Persoon. Maar dit veronderstel in elk geval dat ons die ander Persoon, Christus, *ken* uit die geopenbaarde Woord".[36)]

Met die oog op die geloofsbou van sy kind is dit die ouer se verantwoordelikheid om sy kind tot kennis van God te onderrig uit die Bybel as Sy Selfopenbaring. Die belangrikheid hiervan spreek uit die feit dat niemand die onbekende vertrou, liefhet of dien nie.

Geen ander instansie kan ooit die huisgesin en ouers as Goddelike instelling en beskikking in die lig van die Skrif as primêre opvoedingsinstelling vervang nie. Weliswaar kan sekondêre instellings die huisgesin ten opsigte van onderdele van die opvoeding, met gedeligeerde ouerlike gesag, behulpsaam wees, maar dan steeds as sekondêre instellings, vanuit die ouerhuis gekontroleer en daarteenoor verantwoordelik.

**Samevatting:**

- Op grond van die Skrif is ouers primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hul kinders. Dit beteken dat die Skrifgelowige ouer verantwoordelik is om kinders op te voed om God bewustelik (kennend) in liefdesgehoorsaamheid te dien.

- Sekondêre opvoedingsinstellings soos die skool is, met gedeligeerde ouerlike gesag ouers hierin behulpsaam en word vanuit die ouerhuis gekontroleer.

## 2.7 Die eise van die doopsformulier

Afgesien van die Bybelse eis en die daaruit voortspruitende eis van die ouerhuis stel die Protestants-Calvinistiese doopspformulier in 'n besondere sin eise waarop vervolgens gelet word. Die Heilige Doop is die een Sakrament wat op 'n besondere wyse innig verband hou met die verantwoordelikheid van gelowige ouers met betrekking tot Bybelse onderrig en só tot die opvoeding van hul kinders. Hierop moet gelet word met die oog op bepaling van die afgeleide en gedeligeerde verant-

---

36. Van der Walt, S.J. e.a. Geloofsleer en Sedeleer vir Standerd 10, p.148.

woordelikheid wat via ouers op die skool geplaas word met die onderrig van die Bybel as Bybelkunde.

Die doel van hierdie ondersoek is nie 'n breedvoerige studie van die doopsformulier nie maar slegs om te let op twee aspekte daarvan wat van wesenlike belang is vir ouerlike verantwoordelikheid met betrekking tot Bybelse onderrig. Hierdie twee aspekte wat met mekaar verband hou en nadere bekyking verdien, is die slotwoorde van die formulier en die derde doopvraag aan ouers. Die slotwoorde van die formulier lui: "En die ouers sal verplig wees om hul kinders, as hulle opgroei, hieromtrent breedvoeriger te onderrig".[37] Hiermee hou die derde doopvraag verband, en lui: "Ten derde, beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind as dit tot sy verstand gekom het, van wie u vader, moeder of getuie is, in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?"[38]

### 2.7.1 *Slotwoorde van die doopsformulier en die derde doopvraag*

Bogenoemde twee aspekte van die doopsformulier vorm 'n eenheid. Hoewel die derde doopvraag ouers hul beloftes tot die Bybelse onderrigting spesifiek afvra, en so oproep tot antwoordgewing, wil die slotwoorde van die formulier reeds aan die Goddelike aangesprokenheid herinner.[39] Kortom: Die slotwoorde van die formulier berei doopouers voor om verantwoordelik antwoord te gee op die derde doopvraag. Nêrens is daar duideliker oproeping van die gelowige ouer tot sy Skriftuurlike verantwoordelikheidsaanvaarding vir die eindbestemming van sy kind as juis in die slotwoorde van die doopsformulier nie.

Onbewus van die heilige seremonie word die kind na die doopvont gebring om die doop as teken en seël van die Verbond te ontvang. Hiermee kies ouers as verbondouers namens hul kind en aanvaar medeverantwoordelikheid voor God vir die kind se toekomstigheid en eindbestemming.

'n Nadere beskouing van die slotwoorde van die doopsformulier en die derde doopvraag toon ook dat daarin vir doopouers getoon word wanneer en waarin kinders onderrig moet word.

---

37. Formulierboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, p.103.
38. Ibid., p.104.
39. Wielenga, B. Ons Doopsformulier, p.142.

*2.7.2 Wanneer kinders onderrig moet word*

Duidelik gee die slotwoorde van die doopsformulier en die derde doopvraag blyke van wanneer ouers hul kinders moet onderrig in die Bybelse kerkleer. In die slotwoorde word bepaal dat ouers hul kinders moet onderrig "as hulle opgroei" terwyl die derde doopvraag bepaal dat dit moet geskied as die kind "tot sy verstand gekom het". Hoewel die indruk van 'n intellektualisme en rasionalisme afleibaar is uit hierdie formulering bestaan die oortuiging dat die doopsformulier dit beslis nie beoog nie. Teen die agtergrond van die huweliksformulier[40)] is dit duidelik dat gelowige ouers verantwoordelikheid aanvaar vir die hele lewe van die kind, en hierdie belofte lank voor geboorte, tydens huweliksbevestiging, onderneem. Die waarheid is seker dat gelowige ouers as verbondsouers verantwoordelikheid aanvaar vir die verbondskind ook voordat hy tot sy verstand gekom het, en hierdie verantwoordelikheid behou tydens sy hele opgroei tot by belydenisaflegging. Verder, dat ná belydenisaflegging die verantwoordelikheid van bemoediging, teregwysing leiding voortduur vir die hele lewe.

*2.7.3 Waarin kinders onderrig moet word*

Die slotwoorde van die doopsformulier bepaal dat doopouers verplig sal wees om hul kinders "hieromtrent breedvoeriger te onderrig",[41)] terwyl die derde doopvraag ouers laat beloof om hul kinders "in dié leer"[42)] te onderrig. Die woord "hieromtrent" dui op wat tot hiertoe in die doopsformulier aangaande die doop geleer is asook dat die doopsformulier beginpunt is van onderrig in die kerkleer tuis.[43)]

Feit is dat die gedoopte geen heidenkind is nie, maar deur die doop draer van die merkteken van die Verbond is. Waar die kind onwetend deur ouers voor doop gehou is, is dit nou die ouerlike verantwoordelikheid om die gedoopte te onderrig in die betekenis van gedoopte te wees. Wielenga stel dit soos volg:

---

40. Formulierboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, p.140.
41. Formulierboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, p.103.
42. Ibid., p.104.
43. Wielenga, op. cit., p.144.

> "En dan moet dat kind, voorzoover de ontwakende geest dit omvatten kan, gewezen worden op de drie stukken : de ellende, die de reiniging, welke het doopwater beteekent, noodzakelijk maakt; de verlossing, uitgesproken in de beloften, die door het doopwater worden verzegeld, en dan ook op het leven der dankbaarheid, waartoe de weldaden des doops dringen. Het moet aan dat kind worden voorgehouen, dat, waar eerst de ouders voor hem kozen, nu de zelfkeuze moet worden gedaan. Het bondskind moet den doopleren aanvaarden, door het eerste deel des verbonds te bepleiten en het tweede deel te beleven. En zoo moet het bevoorrechte kind zoetkens heengeleid naar het tweede sacrament, dat des avondmaals, waaraan het zelfstandig, buiten de ouders om, deelneemt en als mondig lid der gemeente den dood van Christus verkondigt".[44)]

Weliswaar is die doopsformulier die beginpunt van ouerlike onderrigting maar dit is die woorde "in dié leer" tydens die derde doopvraag wat ouers wys op die volle omvang van hul taak. Dit sluit aan en hou verband met die tweede doopvraag wat lui:

> "Ten tweede, bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die Christelike Kerk alhier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is?"[45)]

In hiérdie leer onderneem ouers om hul kinders te onderrig. Die woord "breedvoeriger" in die slotwoorde van die doopsformulier is die sluitsteen van ouerlike verantwoordelikheidsaanvaarding met betrekking tot onderrig aan dopelinge en bedoel nie alleen breër as in die doopsformulier uiteengesit nie, maar:

> "Er moet een uiteenzetting worden gegeven van de gansche leer des verbonds, zooals die in de Schrift geaderd ligt, ja de gansche heilsopenbaring, al de schrifturen moeten thema zijn van het breeder onderwijs, waartoe de ouders van Godswege zijn verplicht".[46)]

Kortom: Met die doopsformulier as keurgawe van in die Skrif gefundeerde waarhede word nie volstaan nie; dit is alleen aanvangspunt tot onderrigting in die volle inhoud van die Bybelse leer as kerkleer samevattend aangedui in die tweede doopvraag.

---

44. Loc. cit.
45. Ibid., p.104.
46. Wielenga, op. cit., p.145.

Ook opvallend in die derde doopvraag is dat van ouers verwag word om kinders "na u vermoë"[47)] te onderrig. Hieroor merk Malan op:

> "Van niemand word verlang om hoër te gryp as wat moontlik is nie. Maar dit wat binne die bereik van die kragte lê móét gedoen word om die gesin te hou binne die dankbaarheid wat die seën van die doop van ons vra".[48)]

Vervolgens word gelet op die verantwoordelikheid van ander instansies, onder ander ook die skool, met betrekking tot onderrigting van kinders. Daarna sal gelet word op dit waarin die skool deur middel van Bybelkunde onderrig ten einde te bepaal of daar ooreenkoms is met wat ouers onderneem het om te onderrig.

### *2.7.4 Die derde doopvraag en Bybelkunde*

Die derde doopvraag betrek via doopouers ook ander instansies by die onderrigting van kinders. Wanneer ouers hiertydens beloof om die dopeling "te onderrig of te laat onderrig"[49)] is die kerk met kategetiese onderrig, en die skool met Godsdiensonderrig en Bybelkunde, betrokke. Hoewel Bybelkunde 'n keuse-eksamenvak is, en gevolglik uit vrye wil geneem word deur leerlinge, bly die feit dat die inhoud daarvan verband hou met die doopbelofte. Die keuse van Bybelkunde as eksamenvak maak van die skool direk 'n instansie wat, in die lig van die derde doopvraag, deur ouers toegelaat word om dít te onderrig wat tydens die doop beloof is.

### *2.7.5 Die inhoud van Bybelkunde en die doopsformulier*

In paragraaf 2.7.3. is gewys op die feit dat ouers beloof om kinders te onderrig in die leer van die Ou- en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof. Na aanleiding hiervan merk Wielenga dan op dat die hele Bybel, en die Twaalf Artikels as samevatting van die Christelike Kerk se belydenis, deur ouers onderrig moet word.[50)]

---

47. Formulierboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, p.104.
48. Malan, op. cit., p.135.
49. Formulierboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, p.104.
50. Wielenga, op. cit., p.253

Daarteenoor het Bybelkunde die volgende hoofkomponente as inhoud : Openbaringsgeskiedenis van die Ou- en Nuwe Testament, Kanoniekstudie, Kultuurhistoriese agtergrondstudie, en die Bybelse grondslag vir die Christelike geloof en lewe. Vir die drie standerds waarin Bybelkunde geneem word, bestaan die standerd 8 werk uit Openbaringsgeskiedenis van die Ou- en Nuwe Testament, standerd 9 uit Ou- en Nuwe Testamentiese Kanoniek asook die Kultuurhistoriese agtergrondstudie van die Nuwe Testament, en standerd 10 uit Nuwe Testamentiese Kanoniek en die Bybelse grondslag vir die Christelike geloof en lewe.[51)] Hieruit blyk duidelik dat Bybelkunde in elke opsig dieselfde inhoud onderrig wat doopouers onderneem het om te onderrig. Die implikasies van hierdie oorvleueling is veelseggend en sal verder dui op die eise wat die doopsformulier aan die onderrig van Bybelkunde stel. Voorlopig kan opgemerk word dat Bybelkunde in die lig van die ouerlike doopbeloefte die vakinhoud nie vaag of in stryd daarmee mag onderrig nie. Hiermee word lynreg standpunt ingeneem teen Edward Blishen wat met geloofsleer slegs vae lyne wil trek sodat kinders self kan eksploreer en ontdek.[52)] Omdat hy vrees vir kinders se reaksie teen Bybelse voorskrywing en opeising moet die vae weg tot selfontdekking gevolg word. Op grond van die risiko dat verbondskinders op die ontdekkingstog verlore kan raak, en in die lig van verantwoording teenoor doopouers wat hul gesag gedeligeer het, word Blishen se standpunt verwerp.

**Samevattend:**

* Die Protestants-Calvinistiese doopsformulier dui op 'n besondere wyse wanneer, hoe, waarin en deur wie kinders onderrig moet word. Die wese en inhoud van Bybelkunde as keuse-eksamenvak in die skool, sluit ten nouste aan by dit wat ouers beloof het hul kinders in te onderrig.

* Gedagtig die eise wat die Protestants-Calvinistiese doopsformulier aan ouers stel, moet Bybelkunde aangebied word ooreenkomstig die ouerlike beloftes as geloftes. Dit beteken dat Bybelkunde doelbewus en positief

---

51. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10. p.3–14.
52. Blishen, E. The school as an experimental community, p. 204, 205.

moet bou aan die geloofslewe van verbondskinders en hulle beïnvloed tot liefdesgehoorsaamheid aan God Drie-enig.

* Bybelkunde moet só aangebied word dat verbondskinders se bande met die eie kerk en sy leer daardeur verstewig word.

## 2.8 Eise wat die Bybelkundesillabus stel

Uit die "Inleiding" van die Bybelkundesillabus spreek duidelik watter eise die Transvaalse Onderwysdepartement stel met betrekking tot die onderrig van Bybelkunde. Hierop word vervolgens gelet met die oog op bepaling van die eise wat die sillabus aan Bybelkunde-onderrig stel.

### *2.8.1 Die grondslag*

As grondslag vir Bybelkunde word gestel:

> "Die sillabus is gebaseer op die Bybel as die geïnspireerde Woord van God wat aanvaar word as die enigste gesag vir geloof en lewe".[53)]

Prof. H.J.S. Stone wat as voorsitter opgetree het van die komitee wat hierdie sillabus opgestel het, sê hieroor:

> "In die kommentaar wat die komitee op hierdie sillabus ontvang het, was daar beswaar teen die term "geïnspireerde". Dit was duidelik dat die beswaarmaker hierdie term summier as meganiese inspirasie interpreteer het. Dit moet hier duidelik aan almal gesê word dat die Komitee niemand tot 'n bepaalde inspirasieleer verplig nie. Maar die sillabus stel slegs dat die Bybel Kanon is, 'n bo die mens staande norm, veel meer as 'n letterkundige produk en veel meer as maar net mensewerk omdat God die eerste outeur van die Bybel is wat wel op sy wyse van mense gebruik gemaak het, mense van verskillende talente, van verskillende tye, om sy Openbaringswoord aan ons te rig".[54)]

Met die geformuleerde grondslag vir Bybelkunde word die sogenaamde neutrale standpunt van Bybelbenadering verwerp. Die neutrale standpunt wil dat 'n mens die Bybel sogenaamd met geen vooringenomenheid of met 'n sogenaamde oop gemoed sal benader. Sodoende word die Bybel sogenaamd objektief ondersoek. In

---

53. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10. p.2
54. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr.1, p.4.

werklikheid is hierdie benadering niks anders as die ou rasionalistiese en subjektiwistiese standpunt waar die Bybel aan 'n mens se beoordeling onderwerp word nie.[55]

Daarteenoor stel Duvenage:

> "Die suiwere uitgangspunt en benadering in Bybelkunde is dit dat ons God beskou as die eerste Outeur van die Bybel, maar dat hy onder die inspirasie van Sy Heilige Gees mense gebruik het met hulle bepaalde vermoëns en talente, in hulle omstandighede en tyd om Sy Openbaringswoord tot die mens te rig. Die menslike faktor word dus ook gehonoreer."[56]

*2.8.2 Algemene doelstelling*

Die algemene doestelling met Bybelkunde word in die sillabus soos volg gestel:

> " 'n Studie van die Bybel met die oog op kennis van die Bybel as Godsopenbaring en as grondslag van die Christelike geloof en lewe".[57]

Met die oog op omlyning van die implikasies van hierdie formulering is dit noodsaaklik dat die volgende drie aspekte daaruit van nader bekyk en noukeuriger ontleed word, naamlik :

* Bybelkunde beoog 'n studie van die Bybel

* Bybelkunde beoog kennis van die Bybel as Godsopenbaring

* Bybelkunde beoog die grondslag van die Christelike geloof en lewe.

*2.8.2.1 Bybelkunde beoog 'n studie van die Bybel*

Bybelkunde beoog 'n studie van die Bybel met die oog op kundigheid in die Bybel. In hierdie vak is dit moontlik om studies oor en om die Bybel te onderneem sonder dat by die Bybel self uitgekom word. Meer nog: gerieflikheidshalwe kan 'n verskeidenheid handboeke geraadpleeg word met die oog op afhandeling van die sillabus sonder dat die Bybel self tot spreke kom. In die lig hiervan is dit gepas dat die sillabus onder die afdeling "Metodiek" eerstens opmerk:

---

55. Duvenage, op. cit., p.22.
56. Loc. cit.
57. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10, loc. cit.

"In hierdie vak moet die Bybel die primêre bron wees".[58]

Indien dit in Bybelkunde nie die geval is nie waarsku Howkins:

> "The study then becomes not what the Bible says, but what various scholars say the Bible says. This is a trap as much for the lecturer as for the student. It is always worth going back to the original sources – in this case the Bible".[59]

Veral teen die agtergrond dat Bybelkunde 'n eksamenvak is en die sillabus tydig deurgewerk, hersien en ingeskerp moet word, is Howkins se waarskuwing vanpas. As die doelgerigte en beplande gebruik van die Bybel vir jare 'n leemte in Godsdiensonderrig was, en dit telkens nodig was om op die belangrikheid daarvan te wys, moet Bybelgebruik in Bybelkunde vroegtydig onderstreep word. Dit is dan juis ook die bedoeling in die eerste reël van die algemene doelstelling. Só maklik kan die onderwyser met 'n wye sillabus sy toevlug tot goedgesistematiseerde handboeke wend en die Bybel self laat linkslê.

Per slot van sake is dit die Bybel alleen wat Godsopenbaring is en alle studies oor die Bybel, kommentare en handboeke is onvolkome mensewerk wat hoogstens kan dien as hulpmiddel. Bybelkunde as studie van die Bybel eis, soos Godsdiensonderrig, dat die Bybel byderhand, in die hand of op die tafel sal wees.[60]

*2.8.2.2 Bybelkunde beoog kennis van die Bybel as Godsopenbaring*

Bybelkunde bestudeer die Bybel met die oog op kennis van die Bybel. Wat egter opval in die sillabusformulering van die aangehaalde algemene doelstelling is dat hierdie kennis iets besonders op die oog het. Daarom dan die kwalifisering dat dit kennis as Godsopenbaring is. Dit is nie 'n koud-wetenskaplike wete van gebeure nie, maar Godskennis soos Hy Hom openbaar in Sy Woord.

Met Godsopenbaring word nie met Bybelkennis as feite volstaan nie. Die Bybel is die Boek van God se openbaring of bekendmaking en daarom word telkens na aanleiding van Bybel feite met die oog op insig gevra: Wat wil God hiermee openbaar?[61]

58. Ibid., p.3.
59. Howkins, op. cit., p.136.
60. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.442.
61. Van Wyk, J.H. Die doel van die Godsdiensonderrig op skool, p.3.

Howkins maak die volgende betekenisvolle opmerking:

> "There are two types of knowledge : one is the knowledge of things and the other is the knowledge of persons. We can know about a person in the same way as we can know about a thing. It signifies having a relationship. To know theology is the former sort of knowledge; to know God is the latter. Of course, the two are not entirely distinct, but to know theology without knowing God is a terrible fate. It is a sorrowful fact that such a thing is not rare. But to know God and his son is eternal life".[62]

Rogers maak nie dieselfde onderskeid nie. Hoewel hy die openbaringskarakter van die Bybel erken, is daar vir hom duidelik minder Godsopenbaring as vormende waarde en betrokkenheid by Bybelkunde as hy volstaan:

> "In all this teaching, our task is not to exhort or (in the usual sense of the word) evangelize. We are trying, humbly but with conviction, to impart knowledge".[63]

Bybelkunde beoog 'n studie van die Bybel met die oog op kennis van God se openbaring. Daarom het ons nie hier te make met iets as behorende tot die mens en sy geskiedenis nie, maar met Iemand.[64] Ten beste word besef dat Godsopenbaring veel meer as kennis van iets behels wanneer na die doel daarvan gevra word.

> "Dit is die openbaring van sy wil en weg tot saligheid terwille van sy eer en verheerliking en die verlossing van sondaars".[65]

*2.8.2.3 Bybelkunde moet dien as grondslag van die Christelike geloof en lewe*

Die benadering van Bybelkunde het ook op die oog 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus.[66] Hierdie feit staan in die nouste verband met die derde aspek uit die geformuleerde algemene doelstelling naamlik, dat dit moet dien as grondslag van die Christelike geloof en lewe.

---

62. Howkins, op. cit., p.135.
63. Rogers, P.H. A guide to Divinity Teaching, p.27.
64. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.304.
65. Ibid., p.366.
66. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10, p.3.

Daarmee word presies aangedui watter kundigheid. Bybelkunde deur studie van die Bybel as Godsopenbaring vir leerlinge beoog. Dit moet dien as grondslag, onderlegging en as vaste fondament van die Christelike geloof en lewe. As godsdienstigvormende vak vertoon Bybelkunde 'n sterk koersbepalende karakter waaroor Duvenage opmerk:

> "Dit voorsien die kind van boustene vir sy lewens- en wêreld- en selfs wetenskapbeskouing soos min ander geesteswetenskaplike vakke".[67)]

Weliswaar is die Bybel geen boek wat klaargeknip die Christelike lewens- en wêreld- of wetenskapbeskouing weergee nie, maar bied die normatiewe grondslag daarvan.[68)]

In dieselfde verband waarsku Howkins dat dikwels gesê word dat die Bybel geen wetenskaplike handboek is nie, maar dat ook gesê behoort te word dat dit geen teologie-handboek is nie. Daarom besluit hy:

> "The claim made in the Bible is that God has made a revelation in order that man may obey God and live in a right way before him".[69)]

Ook Heiberg deel hierdie siening wanneer hy beweer:

> "Die Bybel is allereers Goddelike openbaring wat gerig is tot gevalle sondaars en nié in die eerste plaas aan teoloë nie".[70)]

Hiermee word inderdaad saamgestem. Die Bybel as Godsopenbaring aan die mens gee nie al die Bybelkundige of ander antwoorde soos 'n ensiklopedie nie. Wat verborge is aangaande God bly verborge, maar wat geopenbaar word is duidelik en genoegsaam vir hierdie en die ewige lewe van die mens. Wat dus in die Bybel geopenbaar word bly 'n permanente Godgegewe gawe aan die mens met die opdrag om dit inskerpend deur te gee aan die nageslag. Juis dit is dan ook die doel met Bybelkunde waarop teruggekom word met die ontleding van die verwagte benadering daarvan soos gestel in die sillabus.

---

67. Duvenage, op. cit., p.6.
68. Heiberg, P.J. Die grondslag van Christelike opvoeding en onderwys in Suid-Afrika, p.34 (**In**: 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys).
69. Howkins, op. cit., p.132.
70. Heiberg, op. cit., p.33.

Tot dusver is telkens verwys na die belangrike rol wat Bybelkunde vertolk in die gestaltegewing van leerlinge se lewens- en wêreldbeskouing. Dit is daarom belangrik om vervolgens kortliks te vra na die wese van lewens- en wêreldbeskouing. Oor die wese van die lewens- en wêreldbeskouing merk Bingle op:

> "Dit is die kompas van die lewe, en daarom dan ook van die skool omdat die kind hier vir elke lewensfaset toegerus word, ook die lewensbeskoulike".[71)]

Alle dade van die mens word geïnisieer deur sy lewensmotief waarvan die lewensbeskouing die kern uitmaak. Alle standpunte van die mens, al sy dade en antwoorde op alle vrae vind hul grond in die mens se lewensbeskouing.[72)]

Die lewensbeskouing is nie iets eie aan die mens slegs vir bepaalde geleenthede nie, dit is die appél tot sy handelingswyse in alle omstandighede. Hieroor sê Oberholzer:

> "Dit is nie die omstandighede wat bepaal hoe gehandel sal word nie, maar dit is die lewensopvatting wat sê wat daar uit die heersende omstandighede as gegewe situasie gemaak behoort te word. 'n Mens sou 'n lewensopvatting dan ook kan omskrywe as die totaal van oortuiginge aangaande die lewenswaardevolle, as die lewensverpligtende en die mens-opeisende".[73)]

Met hierdie beskrywing van 'n lewensopvatting as lewensbeskouing word geheel saamgestem. Die lewensbeskouing van die Christen egter, word 'n Christelike lewensbeskouing genoem. Nou as dit so is dat dit die totaal van die lewenswaardevolle en -verpligtende en mens-opeisende is, moet gevra word na wat vir die Christen hierdie dinge bepaal? Vir die Christen word slegs in die Bybel as Godsopenbaring van Sy wil met mens en die ganse skepping, die lewenswaardevolle, lewensverpligtende en mens-opeisende gegee.

Daar word saamgestem dat hierdie Christelike beskouing van lewe en wêreld as die Christen se siening daarvan, geleidelik tot stand kom as gevolg van die beinvloeding deur ouerhuis, kerk, skool en ander omgewingsfaktore.[74)] Hierdie be-

---

71. Bingle, H.J.J. Interkerklike komitee vir onderwys en opvoeding, p.24.
72. Van Wyk, J.H. Ons Christelike lewensbeskouing, p.1.
73. Oberholzer, C.K. Wêreldbeskouing en lewensopvatting, p.44. (*In*: Die waardes van die Afrikaner).
74. Van Wyk, J.H. Ons Christelike lewensbeskouing, p.12.

skouing word dus gevorm deur die durige bemoeiing as beïnvloeding deur genoemde instansies. Bybelkunde as deel van die skool se kurrikulum speel hierin dan 'n uiters belangrike rol. Nie slegs die Godsdiensonderrig nie, maar ook Bybelkunde voorsien die boustene wat dien as grondslag vir die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van leerlinge. Meer nog : dit is die bron waardeur die kind sy hele lewens- en wêreldbeskouing vorm en sodoende ook sy lewensgesindheid bepaal.[75)]

*2.8.3 Benadering van Bybelkunde*

In die lig van wat tot dusver oor die sillabusdoelstelling opgemerk is, moet die benadering van die vak bekyk word. Die nuwe Bybelkundesillabus stel die volgende drie wyses van benadering:

* Bybelkunde is 'n akademiese studie tot op die matrikulasiepeil : standaard- en hoërgraad.

* Die aanbieding van leerstof vir standaard- en hoërgraad geskied deur die beklemtoning van feitekennis sowel as insig. In die standaardgraad val die klem op feitekennis en in die hoërgraad op insig.

* Bybelkunde is 'n godsdienstig-vormende vak. Dit moet met geloofsoortuiging onderrig word met die oog op 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus deur die werking van die Heilige Gees.[76)]

Hoewel hierdie drie wyses van vakbenadering in die sillabus van mekaar onderskei word, behoort hulle beslis nie geskei te word nie. Insgelyks is al drie 'n onlosmaaklike eenheid van hoe die vak benader moet word.

Teen die agtergrond van die aspekte uit die algemene doelstelling wat behandel is, word vervolgens gelet op die implikasies van hierdie benaderingswyse. Die omlyning van hierdie implikasies sal uitloop op die bepaling van verdere eise wat aan die vakaanbieding gestel word.

---

75. Jansen van Rensburg, W.L. Die plek vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde op skool. *Onderwysblad*, p.46.
76. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10, pp.2 en 3.

### *2.8.3.1 Bybelkunde is 'n akademiese en godsdienstig-vormende vak*

Bybelkunde as akademiese vak tot op matrikulasiepeil hef nie die feit op dat dit insgelyks ook 'n godsdienstig-vormende vak is nie. Hiermee word onderstreep dat die waarde van Bybelkunde, as studie van die Bybel met die oog op Godsopenbaring, nie net geleë is in akademiese wetenswaardighede nie, maar vir leerlinge van lewensbelang is. Dit vorm leerlinge godsdienstig wat veel meer inhou as bloot akademiese kennis. Van Wyk stel dit so:

> "Die kennis van God uit sy Woord is dus meer as net 'n "wete", 'n verstandelike "ken", want as iemand God en sy Woord slegs met die verstand ken, is die mens nog nie veel beter af as die duiwels nie, wat God ook ken en sidder (Jak. 2:19)! Agrippa het die Skrifte **geken**, maar tog is hy nie beweeg om 'n Christen te word nie (Hand. 26:28). Dit is dus van kardinale betekenis dat die kind by die intellektuele kennis van God uit sy Woord, ook die dinge wat hy daaruit geleer het met liefde sal omhels, daarin sal vertrou en aanvaar met die hart. Die kind moet dus gelei word, tot **kennis** van en **liefde** vir God en sy Woord".[77)]

So gesien verskaf Bybelkunde nie net akademiese kennis van die Bybel nie, maar vorm Bybelkunde deur die akademiese bestudering van die Bybel, leerlinge godsdienstig sodat hulle Hom uit liefde en dankbaarheid sal dien. Sodoende eindig die Bybelkundigheid nie vir leerlinge by voltooiing van die matrikulasie-eksamen nie, maar gaan die studie van die Bybel, as sinvolle besig bly met Godswoord, voort deur die hele lewe. Howkins merk hieroor op:

> "The student of biochemistry does not cease to eat and enjoy his food because he also studies food; the student of the Scriptures should not cease to feed upon and enjoy them, because he also studies them academically".[78)]

Per slot van sake is dit die Bybel self wat daarop aanspraak maak dat hy die onvervalste melk is, waarna soos pasgebore kindertjies verlang moet word, waardeur opgegroei word.[79)] Verder: die Bybel is die vaste spyse vir volwassenes wat deur die gebruik daarvan die geestesvermoëns bied om goed van kwaad te onderskei.[80)]

---

77. Van Wyk, J.H. Die doel van Godsdiensonderrig op skool, p.2.
78. Howkins, op. cit., p.138.
79. 2 Petrus 2:2.
80. Hebreërs 5:14.

*2.8.3.2 Bybelkunde is 'n akademiese studie met interpretasieruimte*

Nadat Prof. H.J.S. Stone as Voorsitter van die Sillabuskomitee enkele opmerkings oor die komponente in die sillabus gemaak het, raak hy die aangeleentheid oor interpretasieruimte soos volg aan:

> "Hoewel die komitee nie so 'n onderrig soos 'n sogenaamd neutrale Bybelkundesillabus wou daarstel nie, was hy tog deurgaans bewus besig om interpretasieruimte te laat. Gewetensdwang wou ons vermy. Daarom word in die pas genoemde afdelings van die sillabus ook geen studie van 'n dogmatiek voorgehou nie. U vind by elke punt verwysings in oorvloed na Bybelgedeeltes. Die Bybel moet praat".[81]

Hiermee is die beginsel van Skrif met Skrif te verklaar onderstreep. Die objek van studie is die Bybel en daarom sal die Bybelkunde-onderwyser moet rekening hou met die inherente wette van sy studie-objek. Nooit mag wat daarin geskrywe staan deur die Bybelouteurs met eie gedagtes vervang word nie. Gebonde aan die feit dat die Bybel geïnspireerde Woord van God is, moet uitlegkunde beoefen word in plaas daarvan dat inlegkunde gepleeg word.[82]

Howkins spreek hom hieroor soos volg uit:

> "In general it is to be hoped that where there is a difference of opinion this can be amicable. Unfortunately this is not always the case. It is reregretable that in some situations students are regulary marked down in their essays for accepting a conservative point of view. But it is most important to remember that whatever point of view one accepts, one should know other points of view. If in an essay a student wishes, as a matter of honesty and good conscience, to put a point of view which may not be generally accepted, he should show that he knows the more generally accepted ideas, and also show why he does not accept them. It is hard for any tutor not to give a good mark for such an essay! ".[83]

Wanneer Duvenage opmerk dat Bybelkunde nie 'n dogmalose aanbieding van die Bybelse leerstof veronderstel nie en beslis interpretasie van die feitelike gegewens van die Bybel eis, waarsku hy ook dat hierdie interpretasie egter nie willekeurig kan wees nie. Daarom kwalifiseer hy die interpretasie soos volg:

---

81. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing Nr. 1, p.6 (H.J.S. Stone – H.O.M.).
82. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.369.
83. Howkins, op. cit., p.137.

> "Dit moet geskied aan die hand van uitgekristalliseerde openbaringswaarhede soos wat dit deur die eeue op leerstellige of dogmatiese wyse vorm aangeneem het".[84]

In lyn hiermee maak 'n nuusbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement die volgende opmerking wat die aangeleentheid kernagtig saamvat:

> "Die eksamenvraestel sal slegs handel oor die voorgeskrewe leerstof soos afgebaken in die sillabus, maar die memorandum maak voorsiening vir verskillende, korrek gemotiveerde interpretasies".[85]

*2.8.3.3 Bybelkunde moet met geloofsoortuiging onderrig word*

Hierdie opmerking in die benadering van Bybelkunde, soos geformuleer in die sillabus, het veral twee belangrike implikasies. Eerstens impliseer dit dat die aanbieder van die vak 'n bepaalde ingesteldheid of gesindheid moet vertoon en tweedens, dat hulle wat die vak kies, daarop voorbereid moet wees.

Nêrens in die sillabus word enige aanduiding van die akademiese kwalifikasies van die onderwyser in Bybelkunde gegee nie. In hierdie verband word alleen opgemerk dat die vak met geloofsoortuiging onderrig moet word.

Dit is nie die doel van hierdie ondersoek om breedvoerig oor die onderwyser in Bybelkunde te rapporteer nie. Tog moet enkele opmerkings gemaak word. Vanselfsprekend sal dit alleen 'n Christengelowige onderwyser wees wat 'n vak, gebaseer op die Bybel as geïnspireerde Woord van God, godsdienstig-vormend, met geloofsoortuiging kan onderrig. Dit sal in die lig hiervan nie alleen onmoontlik nie, maar inderdaad onwenslik wees, indien 'n nie-Christen hom voor 'n Bybelkunde-klas sou waag. In die begrip "geloofsoortuiging" is dit beslis die gedagte dat die geloof waarvan oortuig is, die Christelike is. Teen die agtergrond van die bespreekte grondslag, algemene doelstelling en benadering van Bybelkunde kan dit nie maar 'n persoon wees wat van enige geloof oortuig is nie. Per slot van sake word in die benadering duidelik gestel dat die geloofsoortuiging waarmee die vak onderrig moet

---

84. Duvenage, op. cit., p.5.
85. Transvaalse Onderwysdepartement. Studiekomitee vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde. Nuusbrief No. 1, paragraaf 3.

word, sal uitloop "op 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus deur die werking van die Heilige Gees". In hierdie verband merk Van Wyk op:

> "Die onderwyser verskaf nie net inligting nie, hy moet ook oortuig. Om te kan oortuig, moet hy self oortuig wees, oortuig van die waarheid van God se Woord. Dit is ook nie genoeg dat die onderwyser sy oortuiging openbaar nie – hy moet ook oortuiging by die kinders wek".[86)]

Om met geloofsoortuiging Bybelkunde te kan onderrig moet die onderwyser 'n gelowige voorbeeld stel, oortuig wees in sy Christelike geloof en met oorgawe getuig. Om sy eie persoonlike getuienis gaan dit egter nie in die eerste en laaste instansie nie. Daarvoor mag die moment hom in die gang van sake voordoen maar dit is nie primêr nie. Primêr is wel die feit dat hy van die objektiewe geopenbaarde waarheid in die Bybel as God se getuienis in en deur Jesus Christus sal getuig.[87)]

Die feit dat Bybelkunde met geloofsoortuiging onderrig word met die oog op 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus deur die werking van die Heilige Gees, het egter ook besondere implikasies vir leerlinge wat die vak kies. As dít die uitgesproke benadering van Bybelkunde is, beteken dit dat leerlinge wat die vak kies, daarmee genoeë neem, en vrymoedig met verwagting na sodanige vakbenadering uitsien. In die geval van Bybelkunde is daar dus geen sprake van vrystelling of beswaar op grond van geloofsoortuiging indien die vak benader word soos deur die sillabus bepaal nie. As keuse-eksamenvak is dit vir leerlinge wat Bybelkunde kies dus 'n vrywillige aanvaarding van die totale leerstofinhoud en die gepaardgaande benadering.

### *2.8.4 Die leerstofinhoud en akademies-opgeleide onderwysers*

In die voorafgaande paragraaf is enkele opmerkings gemaak oor die gesindheid van die onderwyser in Bybelkunde teen die agtergrond van die vakbenadering soos aangedui in die nuwe Bybelkundesillabus. Die feit dat Bybelkunde 'n akademiese studie tot op die matrikulasiepeil is, verg vanselfsprekend akademies-gekwalifiseerde onderwysers.

---

86. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.470.
87. Ibid., p.472.

Vanuit die gesigspunt van die skool gesien, is dit slegs billik dat met akademies-gekwalifiseerde onderwysers diegene bedoel word wat minstens akademiese opleiding in die relevante vakkomponente van Bybelkunde gehad het. Die volgende is die vakkomponente (en hul besondere doelstellings) wat volgens die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word:

- "**Algemene inleiding tot die Ou en Nuwe Testament**

  'n Saaklike studie van die ontstaan, samestelling en vertaling van die Bybel.

- **Openbaringsgeskiedenis**

  Oorsigtelike studie van die inhoud van die Ou en Nuwe Testament vanuit die gesigspunt van die Openbaringsgeskiedenis.

- **Die Kultuurhistoriese Agtergrondstudie**

  Die bestudering van die kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel met die oog op 'n beter begrip van die Bybel.

- **Besondere Inleiding**

  Die bestudering van die voorgeskrewe Bybelboeke, afsonderlik en groepsgewys, met betrekking tot die agtergrond, skrywers, doel, hoofinhoud, ens. daarvan as Woord van God wat betrekking het op die mens van alle tye.

- **Die Christelike geloof en lewe**

  'n Studie aan die hand van die Bybel van die hoofsom van die Christelike geloof, die gebed en sedeleer."[88)]

Verder is nou belangrik om daarop te let dat die matrikulasie-eksamen in Bybelkunde slegs handel oor die werk van die betrokke jaar.[89)] Dit beteken dat die eindeksamen in Bybelkunde oor slegs twee van die genoemde komponente handel, naamlik:

---

88. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde. Standerd 8,9,10, p.2.
89. Ibid., p.15.

* Inleiding tot die Nuwe Testament, en
* Die Christelike geloof en lewe.[90)]

Sonder om nou die belangrikheid van die voorgeskrewe leerstofinhoud vir standerds 8 en 9 te onderskat is dit dus veral belangrik dat akademies-gekwalifiseerde onderwysers deeglik opgelei sal wees in laasgenoemde twee komponente.

Vervolgens wil gelet word op die inhoud van die Bybelkunde-graadkursusse aan sewe universiteite in die Republiek van Suid-Afrika. Dit kan aanvaar word dat hierdie universiteite hoofsaaklik die Bybelkunde-gegradueerdes lewer wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Bybelkunde in Transvaalse sekondêre skole. Belangrik sal wees om te let of sodanige graadkursusse ook dáárdie komponente insluit wat, volgens die Bybelkundesillabus, in Transvaalse sekondêre skole onderrig moet word. Hiertoe word vervolgens oorgegaan deur te let op die inhoud van die Bybelkunde-graadkursus in die jaarboeke van die betrokke universiteite.

*2.8.4.1 Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*

Hierdie Universiteit eis dat kandidate wat Bybelkunde as hoofvak neem 'n grondige studie van die Bybel in Afrikaanse vertaling sal maak. Sover moontlik kan ook ander vertalings gebruik word.[91)] Verder sluit die Bybelkunde-graadkursus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys al die vakkomponente in wat deur die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word.[92)]

*2.8.4.2 Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

Hierdie Universiteit bied in die Bybelkunde-graadkursus al die vakkomponente aan wat deur die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word.[93)]

---

90. Ibid., p.12.
91. Potchefstroom. Universiteit vir C.H.O. Jaarboek, 1974, p.145.
92. Ibid., pp.146 en 147.
93. Oranje-Vrystaat. Universiteit van die. Jaarboek, 1974, pp.159,160.

*2.8.4.3 Die Universiteit van Pretoria*

Met die uitsondering van die Christelike geloof en lewe as studie van die Christelike geloofs- en sedeleer, bied hierdie Universiteit in die Bybelkunde-graadkursus al die vakkomponente aan wat deur die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word.[94] In die lig van wat voorheen gestel is oor die voorgeskrewe werk waaroor die standerd 10-eindeksamen handel, beteken dit dat hierdie graadkursus die helfte van die voorgeskrewe leerstof vir standerd 10 uitsluit.

*2.8.4.4 Die Randse Afrikaanse Universiteit*

Hierdie Universiteit bepaal dat vir Bybelkunde III, Grieks I of Hebreeus I 'n voorvereiste is. Verder word bepaal dat die onderrig van Bybelkunde vanuit die Drie Formuliere van Eenheid geskied.[95] Met die uitsondering van Openbaringsgeskiedenis van die Ou en Nuwe Testament bied hierdie Universiteit al die vakkomponente aan wat deur die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word.[96]

*2.8.4.5 Die Universiteit van Stellenbosch*

Soos in die geval van die Universiteit van Pretoria bied ook hierdie Universiteit, met die uitsondering van die Christelike geloofs- en sedeleer, in die Bybelkunde-graadkursus al die vakkomponente aan wat deur die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word.[97]

*2.8.4.6 Die Universiteit van Port Elizabeth*

Hierdie Universiteit bied in die Bybelkunde I, II en III kursusse, onder andere Bybelse Geskiedenis aan. Hieruit is dit nie duidelik of dit as gewyde- of openbaringsgeskiedenis behandel moet word nie. Verder bied hierdie Universiteit nie die komponent Christelike geloofs- en sedeleer in die Bybelkunde-graadkursus aan nie. Die naaste wat daaraan gekom word is die afdeling "Bybel en lewensbeskouing" wat

---

94. Pretoria. Universiteit van. Jaarboek, 1974, pp. 83,84.
95. Randse. Afrikaanse Universiteit. Jaarboek, 1974, p.161.
96. Ibid., p.162.
97. Stellenbosch. Universiteit van. Jaarboek, 1974, p.357.

tydens die Bybelkunde III kursus aangebied word.[98] Die ander vakkomponente wat deur die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word, word wel deur hierdie Universiteit aangebied.[99]

*2.8.4.7 Die Universiteit van Suid-Afrika*

Met die uitsondering van die komponent Christelike geloofs- en sedeleer bied hierdie Universiteit in die Bybelkunde-graadkursus al die vakkomponente aan wat deur die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word.[100]

Uit hierdie ontleding blyk dat die Bybelkunde-graadkursusse van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat al die vakkomponente insluit wat in die Bybelkundesillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf word. Dit is nie die geval met die inhoud van die Bybelkunde-graadkursus van die ander universiteite nie.

**Samevatting**

- Omdat die sillabus daarop gebaseer is, het Bybelkunde as grondslag die Bybel as die geïnspireerde Woord van God wat aanvaar word as die enigste gesag vir geloof en lewe. Dit is die enigste grondslag waarop Bybelkunde berus.

- Bybelkunde het ten doel om die Bybel te bestudeer met die oog op kennis van die Bybel as Godsopenbaring wat kan dien as grondslag van die Christelike geloof en lewe.

- Bybelkunde moet benader word as 'n akademiese studie tot op die matriekulasiepeil. Insgelyks moet Bybelkunde benader word as 'n godsdienstigvormende vak wat met geloofsoortuiging onderrig word met die oog op 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus deur die werking van die Heilige Gees. As akademiese studie bied Bybelkunde vryheid tot ander interpretasies. Hierdie interpretasieruimte is egter nie willekeurig nie. Dit

---

98. Port Elizabeth. Universiteit van. Jaarboek, 1974, p.65.
99. Loc. cit.
100. Pretoria. Universiteit van Suid-Afrika. Jaarboek, 1974, pp.161 en 162.

moet geskied aan die hand van uitgekristaliseerde openbaringswaarhede soos dit deur die eeue op leerstellige of dogmatiese wyse vorm aangeneem het by die Reformatoriese Kerke.

- As leerstofinhoud het Bybelkunde : Algemene inleiding tot die Ou en Nuwe Testament, Openbaringsgeskiedenis, die kultuurhistoriese agtergrondstudie van die Bybel, besondere inleiding tot sekere voorgeskrewe Bybelboeke en 'n studie aan hand van die Bybel van die hoofsom van die Christelike geloof en lewe. Die aanbieding van hierdie leerstofinhoud eis akademies-opgeleide onderwysers wat instaat sal wees om elk van die genoemde vakkomponente met geloofsoortuiging te onderrig.

## 2.9 Enkele opmerkings oor die metodologiese riglyne vir Bybelkunde en wat dit eis

### *2.9.1 Inleiding*

In die inleiding van die Bybelkundesillabus word ses metodologiese riglyne neergelê vir die aanbieding van Bybelkunde. Die versigtige wyse waarop hierdie riglyne geformuleer is dui daarop dat dwang tot 'n eenderse vakmetodiek vermy wou word. Met die uitsondering van die eerste riglyn wat handel oor die Bybel as primêre bron in Bybelkunde-studie, word by die daaropvolgende vyf telkens vermeld dat dit slegs "behoort" te wees. By implikasie beteken dit dat hoewel die laaste vyf riglyne aandag behoort te geniet, dit nie noodwendig 'n spesifieke implementering wil afdwing nie. Hiervoor bestaan waardering omdat daar geen waarborg is dat dieselfde metode ewe suksesvol deur verskillende onderwysers aangewend kan word nie. Die keuse van 'n metode of aanpassing en verandering daarvan, sal steeds bepaal word deur die onderwyser se eie persoonlikheid, die doeltreffendheid van die metode self en die ontwikkelingspeil van leerlinge.[101)]

Omdat die doel van hierdie ondersoek nie is na die metodiek van Bybelkunde nie wil slegs gelet word op genoemde riglyne in die Bybelkundesillabus ten einde die eise daarvan te bepaal. Die ses riglyne wat bespreking verdien, is die volgende:

---

101. Van der Westhuizen, op. cit., p.75.

* in hierdie vak moet die Bybel die primêre bron wees;

* die algemene en besondere doelstellings met die vak behoort altyd duidelik voor oë gehou en nagestreef te word;

* alle toepaslike opvoedkundig-didaktiese beginsels behoort ook in Bybelkunde-onderrig aangewend te word;

* die metodiek behoort leerlingdeelname en verdere belangstelling aan te moedig en te bevorder;

* waar moontlik behoort verskillende tipes media en hulpmiddele gebruik te word, insluitende die tradisionele, die oudiovisuele en ander tegniese hulpmiddele;

* die skoolbiblioteek behoort doelgerig en ten voordeligste geïntegreer te word tydens die aanbieding van hierdie vak.[102)]

*2.9.2 Die Bybel is primêre studiebron*

Die eerste riglyn beklemtoon dat in Bybelkunde die Bybel primêre bron moet wees. Geen handboek of enige ander middel mag die Bybel as primêre studiebron verdring nie. Gedagtig aan die wese van Bybelkunde soos beskryf in paragraaf 2.3 is hierdie bepaling dan ook te verstane. Weliswaar bied die vyfde riglyn geleentheid vir die gebruik van verskillende tipes media maar dan bloot as aanvullende sekondêre bronne wat kan dien as hulpmiddele by die vakonderrig. Vir laasgenoemde doel word aan die einde van die Bybelkundesillabus 'n bibliografie van boeke verstrek.[103)]

By die leerstofinhoud van standerds 8 tot 10 word in die Bybelkundesillabus verder 'n verskeidenheid Skrifverwysings aangegee aan die hand waarvan die betrokke leerstof bestudeer moet word. Dit is 'n verdere beklemtoning van die doel met die eerste riglyn naamlik dat dit primêr 'n studie aan die hand van die Bybel moet

102. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10,p.3.
103. Ibid., pp.16–18.

wees. Opvallend in hierdie verband is die volgende opmerking in die Bybelkunde-sillabus by die voorgeskrewe leerstofinhoud vir standerd 10:

> "Die lewe van 'n Christen word bepaal deur sy **liefde** vir God, sy **geloof** in God, sy aktiewe **gebedslewe** en sy dankbare **gehoorsaamheid** aan die wet van God. 'n Studie van die Bybelse grondslag van hierdie lewe word vervolgens onderneem. Sleuteltekste in die studie word met 'n asterisk (*) gemerk."[104)]

Die belangrikheid hiervan as beklemtoning van die Bybel as primêre studiebron, word onderstreep in 'n nuusbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement wat handel oor die eksaminering van Bybelkunde van November 1975 af en lui:

> "Die kerntekste in die sillabus wat met 'n asterisk gemerk is, moet in besonder bestudeer word. Die ander tekste wat in die sillabus genoem word, moet ook bestudeer word".[105)]

Wat betref die Bybel as primêre bron in die aanbieding van Bybelkunde kan dus gekonkludeer word dat:

* Die inleiding van die sillabus dit as vereiste stel.
* Die Skrifverwysings by die leerstofinhoud van standerds 8–10 beklemtoon dat die leerstof na aanleiding daarvan bestudeer moet word.
* Eksaminering van November 1975 af besondere bestudering van kerntekste in die Bybelkundesillabus wat met 'n asterisk gemerk is, eis, terwyl ander kerntekste ook bestudeer moet word.

In die lig hiervan word elke onderwyser/es in Bybelkunde genoodsaak om die vak aan die hand van die Bybel as primêre bron te onderrig. Inderdaad beteken dit verder dat elke leerling tydens elk van die sewe Bybelkundeperiodes per week die Bybel sal gebruik. Sodoende neem die Bybel as primêre bron die sentrale plek in die Bybelkundeles in sodat die onderrig **uit** die Bybel geskied en nie **oor** die Bybel nie. Die Bybel as besondere openbaring van God word dan tot selfspreke gebring sodat onderwyser en leerling nederig voor die outoriteit van Godswoord Sy wil kan verneem.[106)] Hieroor merk Van Rensburg op:

---

104. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10, p.12.
105. Transvaalse Onderwysdepartement. Studiekomitee vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde. Nuusbrief No.1.
106. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.422.

> "Die kennis wat die kind van die openbaring van God opdoen, kan alleen uit die Skrif as die Woord van God verkry word. Daarom is die Bybel die primêre bron. Inteendeel die **kunde** van Bybelkunde veronderstel **kennis** waarsonder die kind nie tot liefde vir God kan kom nie."[107]

Maar nou wil ook met Roest saamgestem word wat beweer dat die Bybel 'n moeilike boek is en hy verder opmerk:

> "Wie hem in de klas brengt, maakt hem daarmee tot een object van het onderwijs. Daartoe behoort ook de interpretatie in de betekenis van omzetten in de taal van de jongeren. Maar dat is nu juist in de praktijk de moeilijkheid. De tekst is moeilijk en vraagt een grote mate van kennis en begrip en zelfs dan kan de uitleg nog onjuist zijn".[108]

*2.9.3 Bybelgebruik eis ook verdere hulpmiddele*

Die eis van kennis en begrip vir aanbieding en bestudering van die Bybel as Bybelkunde noodsaak gevolglik intensiewe voorbereiding deur die onderwyser. 'n Blote vergadering rondom die geopende Woord is alleen nie genoegsame waarborg vir korrekte begrip en interpretering van Godswoord nie. Daarom: met die oog op gesaghebbende kommentaar en verklaring, asook vir korrekte verwysings- en naslaandoeleindes, is verder noodsaaklik dat die volgende in die klaskamer beskikbaar sal wees vir voortdurende gebruik deur onderwyser en leerlinge:[109]

* Die Bybel met Verklarende Aantekeninge.
* 'n Bybelse kommentaar.
* 'n Bybelkonkordansie.
* 'n Bybelse ensiklopedie.
* 'n Bybelatlas.
* Aardrykskundige muurkaarte van die Bybellande.
* Goedgekeurde handboeke.
* Voldoende gesaghebbende naslaanwerke vir Bybelkunde in die skoolbiblioteek.
* Oudiovisuele apparaat vir gebruik in die klaskamer.
* 'n Permanente vaklokaal met die nodige vakatmosfeer en noodsaaklike hulpmiddele.

---

107. Jansen van Rensburg, W.L. 'n Kritiese studie van die Bybelkundesillabus vir die Transvaalse middelbare skool, met die oog op 'n voorgestelde kernsillabus vir die middelbare skole van die Republiek van Suid-Afrika, p.101.
108. Roest, P. Het Godsdienstonderwijs op de middelbare school, p.60.
109. Vgl. Van der Westhuizen, op. cit., pp. 92, 93.

Die gebruik hiervan behoort nie leerlinge se persoonlike kontak en hantering van die Bybel as primêre studiebron te verdring nie, eerder die studie te rig en te verdiep aan die hand van gesaghebbende bronne. Omdat, soos in die geval van die onderwyser in Godsdiensonderrig, nie verwag kan word dat alle Bybelkunde-onderwysers die grondtale sal ken met die oog op grammatikale, historiese en teologiese interpretasie van die Skrif nie, moet hy juis voortdurend kennis neem van wat hierin staan.[110]

Inderdaad is hierdie ook die verskillende tipes tradisionele media en hulpmiddele waarna verwys word in die vyfde riglyn. Uiteindelik bly die Bybel primêre studiebron want die eerste stap in die bestudering van die Bybel, is om dit te lees.[111]

*2.9.4 'n Verskeidenheid metodes en leerlingdeelname*

Verder moedig hierdie riglyne aan om alle opvoedkundig-didaktiese beginsels ook in die onderrig van Bybelkunde aan te wend. Aansluitend hierby word dan ten slotte 'n metodiek beoog wat leerlingdeelname en verdere belangstelling sal aanmoedig en bevorder. By implikasie beteken dit dat die vryheid gelaat word vir gebruik van verskillende metodes of kombinasies van metodes vir die onderrig van Bybelkunde.

As nou in aanmerking geneem word dat, soos in die geval van Godsdiensonderrig, hoofsaaklik Geloofsleer ingesluit is in die voorgeskrewe leerstofinhoud van Bybelkunde vir standerd 10, is die bevindings van Van der Westhuizen insiggewend en toepaslik. Hy besluit naamlik:

> "Die volgende metodes kan suksesvol in die onderrig van die Geloofsleer gebruik word, nl.: die klasgesprek, die "gonsgroepies", die leergesprek, die vraag-en-antwoordmetode, die probleemstellingsmetode en die slefstudiemetode. Die volgende metodes kan slegs geld as hulpmiddele, nl.: die vertelmetode, die aanskouingsmetode, die voorleesmetode en die handboekmetode".[112]

Belangrik vir die metodologiese riglyne in die Bybelkundesillabus is dat al die metodes wat Van der Westhuizen suksesvol vind vir Geloofsleer, en ook van toe

---

110. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.369.
111. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr.2, p.2.
112. Van der Westhuizen, op. cit., p.92.

passing is op Bybelkunde, leerlinge aktief betrek by klasgebeure. Gebruik van hierdie metodes sal nie alleen leerlingdeelname opeis nie maar behoort ook grootliks daardeur verdere belangstelling te bewerkstellig. Gebruik van hierdie metodes laat ruim geleentheid vir bespreking en meespreking in plaas van gedurige voorlesing, duplisering en toespreking. Daardeur sal leerlinge inderdaad in die geleentheid gestel word om kennis en insig worstelend te verwerf in plaas van bloot meganiese napraters te word.[113)]

Veral van die feit dat die handboekmetode slegs as 'n hulpmiddel gebruik kan word by die onderrig van Bybelkunde moet in die besonder kennis geneem word. By die onderrig van 'n relatief nuwe geesteswetenskaplike vak met 'n omvattende hoeveelheid leerstof soos in die geval van Bybelkunde, is die versoeking tot slaafse handboekgebondenheid sekerlik groot. Juis daarom is die volgende aanvullende waarskuwing ten opsigte van handboekgebruik van belang:

> "Steeds moet gewaak word teen sinnelose duplisering en opsommings van die inhoud by die beantwoording van vrae. Veel eerder moet die klem val op ordeningskemas en -strukture wat selfstandig aangevul word met essensiële feite uit die handboek".[114)]

**Samevatting**

- * In Bybelkunde moet die Bybel die primêre bron wees. Met die oog op korrekte begrip en interpretering, en terwille van gesaghebbende kommentaar en verklaring, eis die Bybel as primêre studiebron 'n verskeidenheid hulpmiddele.

- * In die aanbieding van Bybelkunde moet van 'n verskeidenheid metodes gebruik gemaak word wat leerlingdeelname en verdere belangstelling sal aanmoedig en bevorder.

## 2.10 Eeise ten opsigte van die organisasie en beplanning van Bybelkunde

Omdat Bybelkunde relatief 'n nuwe vak aan Transvaalse sekondêre skole is, is uiteraard weinig gepubliseer oor die organisasie en beplanning daarvan. Tog is dit

113. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.449.
114. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr. 11, p.6.

van dringende belang vir die aansien, voortbestaan en uitbouing van 'n nuwe vak dat behoorlike beplanning kenmerkend daarvan sal wees. By geleentheid is tereg opgemerk dat hy wat misluk in sy beplanning, beplan sy mislukking. Dit is ook en veral waar ten opsigte van Bybelkunde as relatief nuwe keuse-eksamenvak. Nou noodsaak die bepaling van kriteria waaraan sodanige organisasie en beplanning moet voldoen besinning daaroor. Vir hierdie doel wil die volgende agt aspekte behandel word.

*2.10.1 Die sillabus*

Die Bybelkundesillabus is die enigste skriftelike opdrag van die Transvaalse Onderwysdepartement wat die betrokke onderwyser/es het oor presies watter leerstof in die bestek van 'n standerd of studiejaar met leerlinge behandel moet word. Vanselfsprekend is dus dat elke Bybelkunde-onderwyser/es in besit van 'n Bybelkunde-sillabus sal wees, dit behoorlik bestudeer, interpreteer en die implementering daarvan beplan.

*2.10.2 Die werkskema*

Na aanleiding van die sillabus word 'n werkskema opgestel. Dit is die verantwoordelikheid van elke onderwyser om self 'n werkskema op te stel en aan die hoof voor te lê vir goedkeuring.[115)]

Die werkskema is 'n sinvolle verwerking van die sillabus tot 'n bepaalde werkbeplanning in kwartale of termyne vir die betrokke standerd of studiejaar. Vir hierdie doel word die hoeveelheid voorgeskrewe leerstof, aantal beskikbare periodes, metode van aanbieding en tempo van afhandeling in ag geneem.[116)] Die goedbeplande werkskema waarborg nie alleen die tydige afhandeling van die sillabus nie, maar vergemaklik ook die taak van 'n opvolger wat die werk van 'n vertrekkende kollega moet oorneem.

---

115. Badenhorst, P.G. Die opstel en afhandeling van die werkskema, p.1.
116. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr. 11,p.5.

*2.10.3 Verslag van werk*

Die verslag van werk is 'n presiese aanduiding van die hoeveelheid leerstof wat gedurende 'n week of siklus afgehandel is. 'n Noukeurige en gereelde aanduiding sal aantoon of leerstof teen die beplande tempo afgehandel word en ook betekenisvol wees vir die opvolger van 'n vertrekkende onderwyser. Die verslag van werk behoort ook veelseggende opmerkings in te sluit oor besondere geleenthede en probleme wat opgeduik het tydens behandeling van die betrokke leerstof. Sodanige geleenthede en probleme kan gedurende die daaropvolgende studiejaar herbenut of voorkom word.[117)]

*2.10.4 Voorbereiding*

Wanneer Van Wyk breedvoerig die kwaliteite en hoedanighede van die onderwyser in Godsdiensonderrig behandel, beklemtoon hy die voorwaarde dat die onderwyser eers moet weet wat hy wil sê voordat hy daaroor nadink hoe hy dit wil sê en besluit:

> "Die belangrikste bly egter dat die onderwyser iets te sê moet hê! "[118)]

In dieselfde trant merk Stone op:

> "Feit is dat die godsdienstige opvoeder sy godsdiensonderrig sowel Skrifgetrou as kindgetrou moet hou. Ook die kind noodsaak die opvoeder om met hom rekening te hou, dit wil sê om die Bybelleerstof in ooreenstemming met die eie aard, behoeftes en bevatlikheid van die jeug te vereenvoudig, te selekteer, te sistematiseer, en pedagogies korrek aan te bied".[119)]

Wat albei hierdie opvoedkundiges van Godsdiensonderrig beweer is te meer nog waar van Bybelkunde as akademiese en godsdienstig-vormende vak. Albei het hiermee, benewens al die ander kwaliteite van die onderwyser in Godsdiensonderrig, deeglike voorbereiding as beplanning van die klaskamersituasie op die oog.

---

117. Loc. cit.
118. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, pp.247,248,470–473.
119. Stone H.J.S. Interkerklike komitee vir onderwys en opvoeding, p.147.

In lyn hiermee het die Inspekteur van Onderwys verantwoordelik vir Goedsdiensonderrig en Bybelkunde gedurende die jongste oriënteringskursus in Bybelkunde beweer:

> "Vir Bybelkunde wat as skoolvak nog stelselmatig sy pad sal moet oopwerk na die hoogtes is die deeglik voorbereide onderwyser 'n absolute voorwaarde. Dit is ook duidelik dat die voorgeskrewe leerstof in hierdie nuwe sillabus met niks minder tevrede kan wees as 'n onderwyser wat in elke opsig lesgereed voor sy leerlinge verskyn nie. Daarsonder kan geen vak slaag nie – allermins Bybelkunde as keuse-eksamenvak".[120)]

Die vorm en wyse waarop voorbereiding in Bybelkunde plaasvind, is soos vir ander vakke, 'n interne aangeleentheid vir elke skool wat deur die hoof bepaal word. Feit is dat met die oog op lesgereedheid dáárdie interne wyse van voorbereiding nougeset nagekom moet word.[121)]

*2.10.5 Kontrole*

Amptelik bepaal die Transvaalse Onderwysdepartement as funksies en pligte van die onderwyser dat:

> "Die onderwyser se hooftaak is klaswerk, dit wil sê voorbereiding van lesse, opstel van werkskemas, hou van werkverslae, aanbieding van lesse, afneem van eksamens en toetse, en dies meer".[122)]

Sekerlik kan aanvaar word dat hierby ook inbegrepe is die kontrole van alle, maar in besonder skriftelike, werk deur leerlinge. Te meer kan dit aanvaar word omdat as deel van senior assistente se funksies en pligte ook insluit om te let op "die metodes waarvolgens die onderwyser skriftelike werk kontroleer".[123)]

Hoewel die begrip kontrole nie nader gepresiseer word nie, moet sekerlik onderskei word tussen kontrole en die intensiewe nasien van leerlinge se skriftelike werk. Vanselfsprekend sal alle leerlingwerk gekontroleer moet word ten einde te kan vasstel of gegewe opdragte uitgevoer is. Daarteenoor sal ook alle, of 'n verteenwoordigende en realistiese hoeveelheid, skriftelike werk intensief nagesien moet word ten

---

120. Ibid., p.5.
121. Loc. cit.
122. Transvaalse Onderwysdepartement. Handleiding vir skoolorganisasie, p.283.
123. Loc. cit.

einde te bepaal in hoeverre dit korrek uitgevoer is, dit te korrigeer, remediëring toe te pas en dit opvolgend te laat verbeter.

Veral in die geval van 'n geesteswetenskaplike vak met die inhoud en struktuur van Bybelkunde is dit noodsaaklik dat hierdie aspek behoorlik beplan en nougeset uitgevoer word. Verder : gedagtig aan die benutting van geleenthede vir selfwerksaamheid as selfstandige formulering met motivering deur leerlinge is nougesette kontrolering en intensiewe nasien te meer 'n voorwaarde vir behoorlike vakhantering.

*2.10.6 Huiswerk*

Die Transvaalse Onderwysdepartement is tans besig om 'n omvattende stuk oor huiswerk op te stel vir leiding aan hoofde en onderwysers.[124] Intussen geld die volgende riglyne en bepalings:

* die maksimum hoeveelheid huiswerk wat gegee mag word vir standerd 8 is 2 uur, en vir standerds 9 en 10, 3 uur per week;
* 'n huiswerkrooster moet in elke klaskamer van klasse bo standerd 2 vertoon word;
* sorg moet gedra word dat huiswerk nie te lank of te moeilik is vir die gemiddelde leerling om gemaklik in die voorgeskrewe tyd te voltooi nie;
* in die hoër klasse moet hoofde toesien dat die beplande tyd vir huiswerk eweredig oor die verskillende vakke versprei word.[125]

By implikasie dui hierdie riglyne daarop dat huiswerk vooraf deeglik beplan, doelgerig, gereeld, duidelik geformuleer, en met inagneming van leerlinge se hele akademiese program gegee moet word. In die lig hiervan sal daardie huiswerk wat 'n voortsetting en afronding is van klasgebeure, sinvol wees.

Aangesien Bybelkunde vanaf standerd 8 aangebied word het hierdie riglyne, en die implikasies daarvan, inderdaad ook daarop betrekking.

---

124. Transvaalse Onderwysersvereniging, **Mondstuk**, Januarie 1975, Jaargang 3, Nr. 31, p.9.
125. Transvaalse Onderwysdepartement. Handleiding vir skoolorganisasie, p.114.

*2.10.7 Toetsing en eksaminering*

Anders as in Godsdiensonderrig waar die doel van meting nie is om te bepaal of 'n leerling slaag of druip nie,[126)] is toetsing en eksaminering (meting) in Bybelkunde as eksamen-, en dus promosievak, meer dwingend van aard. In werklikheid is toetsing en eksaminering sinoniem hoewel eksaminering 'n meer formele karakter het en minder gereeld gebruik word.[127)] Afgesien van die waarde van toetsing vir onderwysers, ouers, en om leerlinge daardeur te motiveer tot steeds beter prestasies,[128)] dwing dit leerlinge om die leerstof as geheel te oorsien[129)] en daarmee nie alleen groter insig te bewerkstellig nie, maar ook om feite inskerpend na te gaan.

Ten einde egter belangrike afleidings uit toetsresultate te kan maak is vooraf beplanning absoluut noodsaaklik.[130)] Hierdie beplanning sluit in dat toetse opgestel en afgelê word nadat vooraf eers deeglik besin is oor die vrae na watter leerstof inskerpend oorsien wil word en na wat presies getoets of vasgestel wil word.[131)] In die lig hiervan is dit nie alleen vir die Bybelkunde-onderwyser nodig om die voorgeskrewe leerstof te verken en te bemeester ten einde die essensiële uit te lig nie, maar ook om na te gaan wat die Bybelkundesillabus ten opsigte van eksaminering bepaal.

Insiggewend in hierdie verband is die bepaling in die Bybelkundesillabus dat die eksamenvraestel uit drie afdelings bestaan waaruit vyf vrae beantwoord moet word.[132)] Vervolgens eis afdeling A die beantwoording van 'n verpligte vraag bestaande uit korter vrae oor al die voorgeskrewe leerstof van die betrokke jaar. Wat die ander vier vrae betref, word gestel dat 'n verskeidenheid erkende tipes vrae gestel behoort te word.[133)]

---

126. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.456.
127. Transvaalse Onderwysdepartement. Evaluering van leerlingprestasie, Inligtingstuk No.3, 1975, p.4.
128. Loc. cit.
129. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.456.
130. Transvaalse Onderwysdepartement. Evaluering van leerlingprestasie, p.4.
131. Ibid., p.29.
132. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10,p.16.
133. Loc. cit.

Hiermee is nie alleen die moontlikheid vir behoud van die "ou" en bekende opsteltipe-vraag gelaat nie, maar die weg geopen vir dié tipes vrae wat al hoe meer posvat in die moderne skoolwese.[134] Hiermee word verwys na die:

* antwoordvoltooiingstoets,[135]
* afparingstoets,[136]
* waar/onwaar-toetse,[137]
* meervoudigekeuse-toetsitems.[138]

Waar die vakstruktuur van Bybelkunde hom uitnemend leen vir gebruik van al genoemde tipes vrae kan, in die lig van die bepalings oor eksaminering in die Bybelkundesillabus, verwag word dat die eksaminering van Bybelkunde toenemend hiervan gebruik sal maak.

Om hierdie redes sal die Bybelkunde-onderwyser se beplanning van interne toetse en eksamens nie alleen beteken om te besin oor wat presies getoets wil word of, watter leerstof inskerpend oorsien wil word nie, maar ook die gebruik van al die verskillende tipes vrae insluit. Dit eis en bring mee dat toetse en eksamens in Bybelkunde gereeld, bepland en deur gebruik van 'n verskeidenheid tipes erkende vrae sal geskied. Daarmee sal leerlinge ook tydens interne toetse en eksamens die geleentheid kry om gewoond te raak aan die soort vrae wat in die eksterne eksamenvraestel teruggevind kan word.[139]

*2.10.8 Die vakbeleid*

Veral vir 'n nuwe vak soos Bybelkunde is dit van deurslaggewende belang dat 'n duidelike, volledige en uitvoerbare vakbeleid as hoeksteen vir doeltreffende vakbeplanning geformuleer word. Daarsonder impliseer dit beleidloosheid ten opsigte van die totale vakhantering. Daarteenoor verskaf 'n behoorlike vakbeleid die volgende aan die betrokke onderwysers en ander belanghebbendes:

---

134. Transvaalse Onderwysdepartement. Evaluering van leerlingprestasie, p.7.
135. Ibid., p.12.
136. Ibid., p.15.
137. Ibid., p.19.
138. Ibid., p.29.
139. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr. 11, p.6.

* **Duidelikheid** ten opsigte van wat presies verwag word met die vakhantering as implementering van die geïnterpreteerde sillabus.

* **Kontinuïteit** in die geval van personeelwisseling of in geval waar 'n nuwe onderwyser tot die personeel toetree. Dit beteken dat met personeelwisseling die aanvaarde en goedgekeurde beleid steeds gevolg word met die minimum ontwrigting vir leerlinge en sonder benadeling van die vak self.

* **Eenvormigheid** (nie eendersheid nie) ten opsigte van die vakbenadering en -aanbieding in geval waar meer as een onderwyser verantwoordelik sou wees vir die aanbieding van Bybelkunde.[140)]

Die vakbeleid behoort gedurende 'n vakvergadering van die verantwoordelike onderwysers, na deeglike bespreking en oorweging, opgestel te word. Sodoende kan elk van die betrokke onderwysers 'n bydrae lewer tot die formulering van 'n eie beleid wat nie deur 'n ander instansie afgedwing is nie. Gedagtig daaraan dat dit per slot van sake die verantwoordelike onderwysers is wat die beleid nougeset moet uitvoer, is dit belangrik dat hulle geleentheid het vir meespreking.

Daardeur word nie alleen gebruik gemaak van hul vakkundige kennis nie, maar beslis ook die mate van praktiese uitvoerbaarheid verhoog. Die konsepvakbeleid word daarna aan die hoof voorgelê vir oorweging, moontlike wysiging en goedkeuring. Hierna is dit die betrokke skool se amptelike beleid ten opsigte van Bybelkunde en ontvang elk van die verantwoordelike onderwysers 'n afskrif daarvan.

Die volgende aspekte, onder andere, sal aandag moet geniet tydens die formulering van 'n vakbeleid vir Bybelkunde (ten opsigte van elk van hierdie aspekte sal puntsgewys en beknop die essensiële weergegee word van wat presies die beleid is):[141)]

---

140. Transvaalse Onderwysdepartement. Streekskursus in Godsdiensonderrig, 1975, lesing nr. 1, p.4.
141. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr. 11, p.4.

**Vakbeleid vir Bybelkunde**

* Doel met die vakbeleid.
* Doel met Bybelkunde.
* Benutting van tydtoekenning : periode-indeling.
* Die Bybelkundesillabus.
* Voorbereiding : wyse en omvang daarvan.
* Verslag van werk.
* Vakmetodiek.
* Differensiasie tussen Hoër- en Standaardgraad.
* Beplanning van leerlingaktiwiteite.
* Skriftelike werk deur leerlinge.
* Nasien, kontrole, nasorg en remediëring van leerlingwerk.
* Hersiening.
* Huiswerk.
* Meting en evaluering.
* Vakliteratuur.
* Integrering van die skoolbiblioteek.
* Departementele Oriënterings- en Streekskursusse : opvolging en implementering daarvan.
* Die gebruik van hulpmiddele.
* Vakatmosfeer.
* Vakterminologie.
* Vaklêer.[142)]

**Samevatting:**

* Elke Bybelkunde-onderwyser moet in besit wees van die Bybelkunde-sillabus, dit behoorlik bestudeer, interpreteer en die implementering daarvan beplan.

* Elke Bybelkunde-onderwyser moet die Bybelkundesillabus verwerk tot 'n werkskema as werkbeplanning in kwartale of termyne vir die betrokke studiejaar of standerd.

---

142. Ibid., p.5.

* Daar moet nougeset en noukeurig verslag gedoen word ten opsigte van die afhandeling van leerstof. Veelseggende opmerkings oor probleme en geleenthede wat hul voorgedoen het moet aangeteken en opgevolg word.

* Deeglike voorbereiding moet onderneem word sodat die Bybelkunde-onderwyser elke periode lesgereed voor leerlinge verskyn.

* Gereelde kontrole of alle gegewe opdragte aan leerlinge uitgevoer is, moet onderneem word. Alle, of 'n verteenwoordigende hoeveelheid skriftelike werk deur leerlinge, moet intensief nagesien en gekorrigeer word met die oog op remediëring en regstelling.

* Huiswerk in Bybelkunde moet vooraf deeglik beplan en duidelik geformuleer word om aan te sluit by klasgebeure, dit voort te sit en af te rond. Huiswerk moet gereeld, en met inagneming van leerlinge se omvangryke akademiese program, gegee word.

* Interne toetsing en eksaminering van Bybelkunde vereis deeglike beplanning oor wat presies vasgestel of getoets wil word, en watter essensiële uit die leerstof inskerpend oorsien wil word. Hiervoor moet van 'n verskeidenheid erkende tipes vrae gebruik gemaak word om aan te sluit by die bepalings in die Bybelkundesillabus oor eksaminering.

* Met die oog op duidelikheid, kontinuïteit en eenvormigheid moet die betrokke onderwyser(s) in elke skool 'n volledige en uitvoerbare vakbeleid vir Bybelkunde formuleer. Hierdie vakbeleid moet getrou uitgevoer word of gewysig word tot uitvoerbaarheid.

### 2.11 Eise wat gedifferensieerde onderwys aan Bybelkunde stel

Die positiewe gesindheid waarmee en suiwer prinsipiële gronde waarop die Transvaalse Onderwysdepartement in hierdie provinsie gedifferensieerde onderwys implementeer, blyk duidelik uit die volgende opmerking:

> "Christelike opvoeding impliseer leiding aan die kind by wyse van hulpverlening en positiewe beïnvloeding deur doeltreffende opvoedende onderrig, sinvolle dissipline en die persoonlike voorbeeld van die onderwyser tot die

> regte gesindheid teenoor die Skepper, die medemens, sy omgewing en sy verantwoordelikhede. Die Christelike opvoeding lê derhalwe besondere klem op die verwerkliking van die vermoëns en moontlikhede van elke kind."[143)]

In die lig hiervan wil die onderwys by herhaling, ten opsigte van die beroepskundige, aan homself vra wat is, kan, moet of behoort elke kind? [144)]

Hierdie is van die enkele inleidende opmerkings wat die verduideliking van die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal, kragtens wet nr. 39 van 1967, voorafgaan. Hiermee wil geheel saamgestem word.

By hierdie ondersoek is egter van primêre belang of, en in hoeverre, die implementering van gedifferensieerde onderwys Bybelkunde raak. Van belang is om na te gaan watter, indien enige, eise aan Bybelkunde as keuse-eksamenvak gestel word met die implementering van gedifferensieerde onderwys.

Deel van die program van gedifferensieerde onderwys in die Republiek van Suid-Afrika is dat voorsiening gemaak word vir 8 verskillende studierigtings. Vir die volgende studierigtings word voorsiening gemaak in die senior sekondêre skoolfase (standerds 8 tot 10):[145)]

* Geesteswetenskaplike studierigting
* Natuurwetenskaplike studierigting
* Algemene studierigting
* Tegniese studierigting
* Handelstudierigting
* Landboustudierigting
* Huishoudkundestudierigting
* Kunsstudierigting (met inbegrip van Musiek, Drama, Ballet en Beeldende Kuns)

Al die vakke wat binne die onderskeie studierigtings aangebied mag word in die senior sekondêre fase is verder in ses groepe verdeel. Vakgroep E is geestesweten-

---

143. Transvaalse Onderwysdepartement. Handleiding vir die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal, Junie 1972, p.1.
144. Loc. cit.
145. Ibid., p.21.

skaplike vakke waaronder Bybelkunde tesame met Geskiedenis, Aardrykskunde, Ekonomie, Musiek en Kuns gegroepeer is.[146)]

Verder kan in die senior sekondêre skoolfase sommige vakke slegs op 'n hoër graad, ander slegs op 'n standaardgraad en die res op óf 'n hoër óf standaardgraad aangebied word. Die graad waarin vakke aangebied word, word bepaal deur die kandidaat se aanleg en toekomsplanne en of 'n vak slegs op hoër en/of standaardgraad geneem kan word.[147)]

Uit die verklaring van die Minister van Nasionale Opvoeding blyk dat differensiasie in die senior sekondêre skoolfase deur die volgende verwesenlik kan word:

* 'n keuse tussen die agt verskillende studierigtings;
* 'n vakkeuse in 'n studierigting, en
* 'n keuse tussen vakke op twee vlakke (hoër en standaardgraad).[148)]

Die vraag ontstaan nou na hoe hierdie drie wyses van differensiasie Bybelkunde as keuse-eksamenvak raak. Hierop word vervolgens gelet.

*2.11.1 Bybelkunde as vak in die studierigtings*

Met die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal kon Bybelkunde slegs in twee van die agt studierigtings geneem word. Hierdie twee studierigtings is die Geesteswetenskaplike en Algemene. Vir Duvenage bestaan daar ernstige bedenkinge oor die feit dat Bybelkunde nie in die Natuurwetenskaplike studierigting voorkom nie. Hy beweer dat daarmee die skyn gewek is dat Bybelkunde 'n vak is wat nie relevant vir die natuurwetenskaplike is nie.[149)] Hoewel hiermee saamgestem word moet die lyn egter geheel deurgetrek word deur te vra na vir watter studierigting Bybelkunde nie relevant is nie? Daarmee wil Duvenage se kommer enersyds gedeel word, maar ook uitgebrei word tot al die studierigtings waarin ander geesteswetenskaplike vakke, met die uitsondering van Bybelkunde, voorkom. Billikheidshalwe kan sekerlik dan gevra word waarom 'n vak soos

---

146. Ibid., p.22.
147. Staatskoerant Nr. 3306, 12 November 1971, p.20.
148. Loc. cit.
149. Duvenage, op. cit., p.6.

Geskiedenis relevant is vir sewe verskillende studierigtings en Bybelkunde slegs vir twee? Verder wil saamgestem word dat die Bybel inderdaad ewe relevant is vir alle studierigtings as wetenskapsbeoefening.[150)]

In paragraaf 2.8.2.3 is aangedui watter bydrae Bybelkunde lewer tot die vorming van die kind se Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Aansluitend daarby is dit van dwingende belang dat Bybelkunde as studie van Godswoord, met gesag op alle lewensterreine, in meeste of alle studierigtings geneem kan word.[151)] Indien Bybelkunde, soos min ander geesteswetenskaplike vakke, aan leerlinge boustene vir hul Christelike lewens- en wêreldbeskouing verskaf, moet hierdie vak noodwendig ook in die ander studierigtings geneem kan word.[152)] Hiermee wil nie pretenteer word dat alle leerlinge nou Bybelkunde moet neem nie – die geleentheid moet egter vir belangstellendes bestaan, ongeag watter studierigting gevolg word.

Uit 'n ontleding van die geesteswetenskaplike vakke in die agt studierigtings blyk dat Geskiedenis in sewe, Kuns en Musiek in vier, Aardrykskunde en Ekonomie in drie en Bybelkunde in twee studierigtings geneem kan word.[153)] Dit beteken dat Bybelkunde, van al die geesteswetenskaplike vakke, in die minste studierigtings voorkom. Vir 'n relatief nuwe keuse-eksamenvak wat eers vanaf standerd 8 geneem kan word en daardeur grootliks onbekend is vir leerlinge, is hierdie feit beslis 'n belemmering.

Geensins wil met hierdie betoog beweer word dat Bybelkunde belangriker as enige van die ander vyf geesteswetenskaplike vakke is, en daarom aanspraak maak op voorkeurplasing nie. Ook nie die feit dat Bybelkunde relatief 'n nuwe skoolvak is skenk die reg tot enige voorkeurbehandeling nie. Dit blyk egter dat vir die vestiging, uitbouing en voortbestaan van Bybelkunde as keuse-eksamenvak, gelyke geleenthede met die ander geesteswetenskaplike vakke noodsaaklik is.

---

150. Woord en Daad. Calvinistiese Maandblad; **daarin**: Probleme rondom gedifferensieerde onderwys, p.8.
151. Woord en Daad. Calvinistiese Maandblad; **daarin**: Wekroep van reformasie: Terug na die Woord, p.9.
152. Duvenage, op. cit., p.6.
153. Transvaalse Onderwysdepartement. Handleiding vir die implementering van gedifferensieerde onderwys, Bylae u, p.1–20.

*2.11.2 Bybelkunde as keusevak in die studierigtings*

Binne elke studierigting maak verskillende vakversamelings (vakpakette) voorsiening vir die waargenome belangstelling en moontlikhede van die leerlinge wat die betrokke studierigting volg.[154] Vervolgens sal dit nou nodig wees om te let op die verspreiding van Bybelkunde as keusevak in die studierigtings. Dit beteken dat gelet wil word op die hoeveelheid vakversamelings waarin Bybelkunde voorkom as geleentheid vir leerlinge om die vak te kies.

Uit 'n ontleding van die totale getal vakversamelings in al die studierigtings blyk dat Bybelkunde in 37 verskillende vakversamelings voorkom.[155] Hierdie getal word eers betekenisvol wanneer dit vergelyk word met die vak Geskiedenis wat in 196 en Aardrykskunde wat in 117 vakversamelings voorkom.[156] Op die oog af wil dit dus voorkom of Bybelkunde, ook wat die aantal vakversamelings as keuse-geleentheid betref, nie dieselfde geleenthede as ander geesteswetenskaplike vakke geniet nie.

Die simpatieke gesindheid van die Transvaalse Onderwysdepartement teenoor die getal vakversamelings waarin Bybelkunde aanvanklik voorgekom het blyk uit die volgende uitsondering wat onder andere vir Bybelkunde gemaak is:

> "Versoeke om addisionele vakversamelings wat 'n Bantoetaal of Bybelkunde insluit, sal met die oog op nuwe verwikkelinge goedgunstiglik oorweeg word."[157]

In die lig hiervan wil hierdie ondersoek ook bepaal hoeveel skole die geleentheid tot byvoeging van vakversamelings wat Bybelkunde insluit, benut het.[158] Feit is egter dat Bybelkunde, anders as die ander geesteswetenskaplike vakke, nie oor dieselfde aantal goedgekeurde vakversamelings beskik het waaruit hoofde, ouers en leerlinge kon kies nie. Die probleem van onsekerheid of 'n voorgestelde vakversameling goedgekeur sou word aldan nie, kon hoofde, ouers en leerlinge beïnvloed het om te besluit op 'n reeds goedgekeurde vakversameling sonder Bybelkunde.

---

154. Ibid., p.34.
155. Ibid., Bylae u, p.1–20.
156. Loc. cit.
157. Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendminuut 146 van 1973, p.1.
158. Kyk Vraelys A, Bylaag B.

Betekenisvol vir die getal amptelike vakversamelings wat Bybelkunde insluit is die volgende kennisgewing in 'n T.O.D.-Omsendminuut wat lui:

> "Na aanleiding van 'n deeglike ondersoek deur die Departement in verband met studierigtings en vakversamelings, wat deur st. 8 en 9 leerlinge gekies is, soos op die eerste Dinsdag van Maart 1974, is daar besluit om die onderstaande veranderinge aan die amptelike lys van vakversamelings soos in T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973 uiteengesit, aan te bring. Die volgende vakversamelings verval en moet van die amptelike lys verwyder word. Hulle sal nie aan die begin van 1975 deur leerlinge gekies kan word nie."[159)]

Hiermee is die geleentheid om aansoek te doen vir addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit, nie opgehef nie. Van belang is egter dat met hierdie kennisgewing onder andere sewe vakversamelings wat Bybelkunde ingesluit het, van die amptelike lys geskrap is. Dit beteken dat vir Bybelkunde daar slegs 30 amptelike vakversamelings in twee studierigtings oorgebly het. In vergelyking met die getal vakversamelings waarin ander geesteswetenskaplike vakke voorkom, blyk die getal vir Bybelkunde buite verhouding klein en ontoereikend te wees.

*2.11.3 Bybelkunde en die twee vlakke*
*(Hoër en Standaardgraad)*

Al die geesteswetenskaplike vakke, met die uitsondering van Bybelkunde, kon in die hoër sowel as die standaardgraad geneem word.[160)] Hoewel hierdie beperking tot slegs die standaardgraad intussen verander is, en ook uitgebrei is tot die hoër graad,[161)] het dit beteken dat Bybelkunde van meet af nie dieselfde aansien as die ander vyf geesteswetenskaplike vakke in groep E geniet het nie. Veral vir Duvenage was hierdie aanvanklike beperking ernstig en sien hy daarin dat Bybelkunde noodwendig as minderwaardig gestigmatiseer is. Hieroor het hy verder so sterk gevoel dat hy beweer:

> "Deur hierdie vak nou sy volwaardige plek te misgun, moet noodwendig op die toekoms daarvan 'n negatiewe effek hê. Kinders kan byvoorbeeld redeneer dat omdat Bybelkunde nie op hoër vlak geneem kan word nie, hulle kanse om drie vakke op hoër vlak te slaag, met een verminder indien hulle Bybelkunde in hul kurrikulum sou insluit".[162)]

---

159. Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendminuut nr.101 van 1974, p.1.
160. Transvaalse Onderwysdepartement. Handleiding vir die implementering van gedifferensieerde onderwys, p.22.
161. Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendminuut 141 van 1974, p.1.
162. Duvenage, op. cit., p.7.

Hoewel dit op hierdie stadium moeilik te bepaal is wat die omvang van 'n moontlike negatiewe effek op Bybelkunde was, aangesien die beperking ook intussen opgehef is, wil saamgestem word dat hierdie beperking nie in belang van die vak se onmiddellike inslag was nie. Of hierdie beperking verantwoordelik was dat Bybelkunde op verskeie skole doodgeloop het[163)] bly egter 'n ope vraag waarop hierdie ondersoek lig sal werp.

**Samevatting**

* Bybelkunde kan in twee van die agt bestaande studierigtings geneem word, naamlik die geesteswetenskaplike en algemene studierigting.

* In die geesteswetenskaplike en algemene studierigtings is daar 30 amptelike vakversamelings waarin Bybelkunde as keuse-eksamenvak voorkom. Hoofde kan aansoek doen vir addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit.

* Bybelkunde word op sowel hoër as standaardgraadvlak aangebied.

## 2.12 Eise wat Bybelkunde aan Godsdiensonderrig stel

Omdat Bybelkunde en Godsdiensonderrig so nou verbonde is ten opsigte van doel en inhoud is dit vervolgens nodig om te let op die moontlike eise wat Bybelkunde aan Godsdiensonderrig stel. Daar verdien op gelet te word dat skole wat Bybelkunde as keuse-eksamenvak ingevoer het ook Godsdiensonderrig aanbied. Die invoering van Bybelkunde hef nie die verpligte aanbieding van Godsdiensonderrig by die betrokke skool op nie en stel dus ook geen Bybelkunde-kandidaat daarvan vry nie. Ongeag die invoering van Bybelkunde bly Godsdiensonderrig 'n verpligte vak kragtens Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953.[164)]

Wanneer Jansen van Rensburg beweer dat daar geen wesenlike verskil tussen die twee vakke is nie omdat dit in albei gaan om die geopenbaarde Woord van God,

---

163. Woord en Daad. Calvinistiese Maandblad; **daarin**: Probleme rondom gedifferensieerde onderwys, p.8.
164. Jansen van Rensburg, W.L. 'n Kritiese studie van die Bybelkundesillabus vir die Transvaalse middelbare skole, met die oog op 'n voorgeskrewe kernsillabus vir die middelbare skole van die Republiek van Suid-Afrika, p.42.

wil met hom saamgestem word. Sy verdere bewering dat die onderskeid tussen die twee vakke in die inhoud daarvan geleë is, het intussen ook grootliks verval.[165] Die rede hiervoor is hoofsaaklik die toevoeging van Openbaringsgeskiedenis van die Ou en Nuwe Testament as leerstofinhoud vir standerd 8 in die Bybelkundesillabus. Die onderskeid tussen hierdie twee vakke is teenswoordig dus hoofsaaklik geleë in die meer akademiese benadering van Bybelkunde as keuse-eksamenvak. Daarteenoor eis Godsdiensonderrig as nie-promosievak 'n minder akademiese bandering met die hoofklem op godsdienstige vorming.

Feit is egter dat Bybelkunde, anders as die meeste ander skoolvakke, vir standerd 8-leerlinge 'n nuwe vak is waarin geen vorige ervaring bestaan nie.[166] Hierdie feit is belangrik wanneer in ag geneem word dat leerlinge eers aan die einde van standerd 7 Bybelkunde kan kies vir die senior sekondêre skoolfase (standerds 8 tot 10). Vanselfsprekend sou dit vir Bybelkunde as keuse-eksamenvak veel beteken het indien dit, soos meeste ander keusevakke, reeds gedurende die junior sekondêre skoolfase (st. 5–7) geneem kon word. Inteendeel, dit is een van die aanbevelings wat gedurende 1974 na afloop van die oriënteringskursus in Bybelkunde gemaak is.[167] Dit sal voorkom dat Bybelkunde vir standerd 8-leerlinge 'n nuwe en onbekende vak is wat gekies word. In die lig hiervan moet saamgestem word dat:

> "…. leerlinge hoofsaaklik aangewys is op die beeld wat Godsdiensonderrig vertoon vir hul finale keuse van Bybelkunde as vak. Vele leerlinge kies Bybelkunde op grond van die volwaardigheidsbeeld en positiewe gesindheid wat deur Godsdiensonderrig help vorm is."[168]

Omdat die teendeel egter ook waar is rus daar 'n besondere verantwoordelikheid op hulle wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Godsdiensonderrig en die wyse waarop dit gedoen word. Dit is nie die doel van hierdie ondersoek om te bepaal wat die volwaardigheidsbeeld van Godsdiensonderrig alles moet insluit nie. Eerder wil hier enkele noodsaaklike riglyne getrek word met die oog daarop. Met

---

165. Loc. cit.
166. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr.11, p.2.
167. Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van die oriënteringskursus in Bybelkunde, p.6.
168. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr. 11, p.2.

Van Wyk se verdere metodologiese en didaktiese riglyne vir 'n sinvolle Godsdiensonderrig in ons tyd word geheel saamgestem.[169)] In die lig van die voorafgaande bespreking, en vir die uitbouing van Bybelkunde as keuse-eksamenvak, blyk die toevoeging van die volgende riglyne noodsaaklik:

*2.12.1 Die Bybelkunde-onderwyser en Godsdiensonderrig*

Die onderwyser verantwoordelik vir die aanbieding van Bybelkunde behoort ook en veral Godsdiensonderrig vir standerd 6 en 7 aan te bied. Dit sal aan sodanige onderwysers die volste geleentheid bied om deur toewyding, positiewe voorbeeld en korrekte voorligting, leerlinge te inspireer tot die keuse van Bybelkunde as eksamenvak.[170)] Per slot van sake is dit die Bybelkunde-onderwyser wat eerstehands die wese, inhoud, doel en bruikbaarheid van Bybelkunde aan potensiële en voornemende kandidate kan verduidelik. Normaalweg het die onderwyser in Bybelkunde akademiese opleiding in die vak ontvang wat hom uitnemend geskik maak vir die aanbieding van sodanige Godsdiensonderrig.

*2.12.2 Godsdiensonderrig in die primêre skool*

Tot en met standerd 5 het leerlinge gedurende elke skooljaar minstens twee uur Godsdiensonderrig per week ontvang.[171)] Dit beteken dat leerlinge op die primêre skool in totaal vir ongeveer 1 050 halfuur-periodes in die vak onderrig is en gewoon was aan vyf periodes Godsdiensonderrig per week. Dit is dus juis in standerds 6 en 7 waar die Bybelkunde-onderwyser op die primêre skool se volwaardigheidsbeeld van Godsdiensonderrig kan voortbou. Indien dit nie moontlik is vir die Bybelkunde-onderwyser om ook die Godsdiensonderrig vir standerds 6 en 7 aan te bied nie, is dit noodsaaklik dat hierdie taak aan 'n Godsdiensonderrig-vakspesialis met akademiese opleiding in Bybelkunde, toegeken word.

169. Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, pp.498–501.
170. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr. 11, p.2.
171. Transvaalse Provinsiale Raad. Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953, subartikel 2.

*2.12.3 Rapportsimbool vir Godsdiensonderrig*

Verantwoordelike evaluering van alle leerlingwerk en -deelname in Godsdiensonderrig wat gestalte vind in 'n verantwoordbare rapportsimbool of -persentasie, voltooi die volwaardigheid van die vakaanbieding.[172)] Sodanige evalueringsimbool kan, benewens die voordele wat dit vir volwaardige Godsdiensonderrig inhou, dien om leerlinge se belangstelling in Bybelkunde as keuse-eksamenvak te prikkel.

**Samevatting:**

* Omdat Bybelkunde eers vanaf standerd 8 geneem kan word is hierdie vak vir voornemende kandidate onbekend en het hulle geen vorige ervaring daarin nie.

* Die Bybelkunde-onderwyser moet ook Godsdiensonderrig vir standerds 6 en 7 aanbied. Hierdie geleentheid moet veral benut word om leerlinge onder die indruk van die volwaardigheidsbeeld van Godsdiensonderrig te bring en só hulle voor te lig, te inspireer en met toewyding te lei tot die moontlike keuse van Bybelkunde as eksamenvak.

* Indien dit nie die Bybelkunde-onderwyser is nie, moet 'n Godsdiensonderrig-vakspesialis, met akademiese opleiding in Bybelkunde, Godsdiensonderrig vir standerds 6 en 7 aanbied.

* Vir Godsdiensonderrig moet 'n verantwoordbare evalueringsimbool op die skoolrapport toegeken word wat ook kan dien om die belangstelling in die keuse van Bybelkunde by potensiële kandidate te bewerkstellig.

## 2.13 Eise wat inspeksie en voorligting aan Bybelkunde stel

In sy besinning oor Godsdiensonderrig as volwaardige vak in Transvaalse middelbare skole verwys Castelyn na die feit dat Bantoe-onderwys 'n spesiale inspekteur vir

172. Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde, lesing nr. 11, p.3.

Godsdiensonderrig aangestel het om die onderrig van die vak te bevorder.[173)] Sonder dat hy dieselfde bedeling vir die Transvaalse Onderwysdepartement aanbeveel, is dit tog later verwerklik. Gedurende 1973 maak die Transvaalse Onderwysdepartement bekend dat twee Inspekteurs van Onderwys, onderskeidelik vir Afrikaans- en Engelsmedium skole, aangestel is vir die vakke Godsdiensonderrig en Bybelkunde.[174)]

Waar die inspeksie, voorligting en bevordering van hierdie twee vakke voorheen die verantwoordelikheid van die Inspekteurs van Onderwys (Kring) was, het hierdie aanstellings 'n bedeling van besondere aandag vir die twee betrokke skoolvakke ingelui. Veral vir Bybelkunde as relatief nuwe keuse-eksamenvak was hierdie aanstellings betekenisvol met die oog op besondere aandag aan die vak. Die noodsaaklikheid vir sodanige Inspekteurs van Onderwys blyk ondermeer uit bevindings en aanbevelings van sowel Stander[175)] as Van der Westhuizen.[176)]

Afgesien van die gewone inspeksies en indiwiduele voorligting is daar wat Bybelkunde betref, vanaf 29 Julie tot 1 Augustus 1974, onder leiding van die betrokke twee inspekteurs 'n omvattende oriënteringskursus in Bybelkunde vir Transvaalse sekondêre skole gehou. Hierdie oriënteringskursus van die Transvaalse Onderwysdepartement het voorligting en leiding aan Bybelkunde-onderwysers ten doel gehad, met die oog op interpretering en implementering van die nuwe Bybelkundesillabus.[177)] Vir hierdie doel is elf lesings oor 'n tydperk van vier dae aangebied, hulpmiddele vertoon, uitstallings gereël, en ruim geleentheid vir groepbesprekings deur Bybelkunde-onderwysers in studiegroepe gebied.[178)] Afgesien van verteenwoordigers van verskillende Onderwysdepartemente en Universiteite is die kursus deur 45 verteenwoordigers van Transvaalse sekondêre skole bygewoon. Met 'n enkele uitsondering

---

173. Castelyn, H.C. Godsdiensonderrig as volwaardige vak in Transvaalse middelbare skole, p.13.
174. Transvaalse Onderwysdepartement. Kennisgewing aan Inspekteurs van Onderwys, p.1.
175. Stander, H.C. 'n Prinsipiële en empiriese ondersoek na die huidige stand van Godsdiensonderrig in die Transvaalse sekondêre skole, pp.179,180.
176. Van der Westhuizen, op. cit., p.114.
177. Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van oriënteringskursus in Bybelkunde, p.1.
178. Ibid., pp.3,4.

was alle Transvaalse Sekondêre Skole wat Bybelkunde as keuse-eksamenvak aanbied, verteenwoordig.[179)]

**Samevatting:**

* Die Transvaalse Onderwysdepartement het gedurende 1973 twee Inspekteurs van Onderwys aangestel met die oog op inspeksie, voorligting en bevordering van Godsdiensonderrig en Bybelkunde.

* Afgesien van inspeksie en indiwiduele voorligting deur die betrokke twee Inspekteurs van Onderwys is gedurende 1974 'n oriënteringskursus in Bybelkunde aangebied. Die doel van hierdie kursus was leiding met die oog op interpretering en implementering van die nuwe Bybelkundesillabus.

**2.14 Eise wat Wet 39 van 1967 aan Bybelkunde stel**

Artikel 2(1)(a) van Wet 39 van 1967 bepaal die volgende, naamlik dat:

> "die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede".[180)]

Dit het duidelik geblyk uit die grondslag, algemene doelstelling en benadering van Bybelkunde, soos gestel in die Bybelkundesillabus, dat hierdie 'n godsdienstigvormende vak is. Daarom, hoewel Bybelkunde dus nie by name in die betrokke Artikel genoem word nie, beteken dit by implikasie dat ook met hierdie vak, die geloofsoortuiging van ouers en leerlinge geëerbiedig moet word. (In elk geval het Bybelkunde as keuse-eksamenvak nog nie bestaan op die stadium toe die betrokke wet aangeneem is nie).

Daarteenoor bly egter die feit dat die karakter van die onderwys Christelik moet wees. In die Bybelkundesillabus word met die grondslag, algemene doelstelling en vakbenadering aangetoon hoe Bybelkunde, met die oog op sodanige karakter, 'n bydrae lewer.

---

179. Ibid., p.5.
180. Volksraad, Die. Wetgewing nr. 39 van 1967, p.5.

Duidelik gaan dit in Artikel 2(1)(a) van Wet 39 van 1967 óók oor die bydrae wat Bybelkunde as keuse-eksamenvak moet lewer tot die gestaltegewing van die Christelike onderwyskarakter. Dit gaan egter nie nét daaroor nie. Inderdaad gaan dit oor die Christelike karakter van die hele onderwys as totale bemoeienis met die kind in die skool. Daarom is dit noodsaaklik dat elke skoolvak sal antwoord op die vraag : watter bydrae word deur hierdie vak gelewer tot die gestaltegewing van die onderwys se Christelike karakter?

Op hierdie vraag lewer Bybelkunde 'n duidelike antwoord. In die Bybelkunde-sillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement word gestel dat hierdie vak ook soos volg benader word:

> "Bybelkunde is 'n godsdienstig-vormende vak. Dit moet met geloofsoortuiging onderrig word met die oog op 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus deur die werking van die Heilige Gees".[181)]

In hierdie verband word verder met Bybelkunde die volgende algemene doelstelling beoog:

> "'n Studie van die Bybel met die oog op kennis van die Bybel as Godsopenbaring en as grondslag van die Christelike geloof en lewe."[182)]

Indien onderwysers dus Bybelkunde benader soos vereis deur die sillabus, en die geformuleerde doelstelling nastreef, sal hierdie vak doeltreffend bydra tot die vergestalting van die Christelike karakter van die onderwys.

Terloops, in die lig van bogenoemde is dit alleen billik indien elke vak wat in die skool aangebied word, deur formulering in die betrokke sillabus van die doelstelling(s) en benadering, sal verduidelik hoe die betrokke vak 'n bydrae gaan lewer tot die verwerkliking van die Christelike karakter van die onderwys. Indien dit ons erns met die betrokke Artikel is sal elke onderwyser/es in die Republiek van Suid-Afrika, ongeag watter vak onderrig word, hieroor duidelikheid moêt hê:

---

181. Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9,10, p.3.
182. Ibid., p.2.

"As ons wil uitleef wat die Wet op Nasionale Onderwysbeleid bepaal, naamlik dat die onderwys Christelik moet wees, dan moet ons onderwysers hê wat dit met oortuiging voorleef."[183]

**Samevattend:**

* Ook wat die aanbieding van Bybelkunde betref, moet die geloofsoortuiging van ouers en leerlinge geëerbiedig word.

* Omdat die karakter van die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika Christelik moet wees, sal elke vak, en dus ook Bybelkunde, 'n bydrae daartoe moet lewer.

* Bybelkunde lewer 'n bydrae tot die gestaltegewing van die Christelike karakter van die onderwys deur handhawing van die grondslag en benadering, en deur nastrewing van die vakdoelstellings soos vereis deur die Bybelkundesillabus.

## 2.15 Bybelkunde en die eis tot praktiese bruikbaarheid

Daar is reeds gewys op die feit dat Bybelkunde 'n akademiese studie tot op matrikulasiepeil én 'n godsdienstig-vormende vak is. Die belangrike bydrae wat Bybelkunde lewer tot die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing is ook aangedui.

Tereg moet die vraag nou gestel word: wat is die praktiese bruikbaarheid vir diegene wat Bybelkunde as vak kies? Vanselfsprekend kan dit leerlinge wees wat bloot 'n belangstelling toon in Bybelkunde as studie van die Bybel met die oog op kennis van die Godsopenbaring. Verder is Bybelkunde duidelik relevant vir diegene wat verdere studie in die Teologie met die oog op evangeliesasie, sendingwerk of die predikantsamp beoog.

Dit is egter Duvenage wat 'n belangrike opmerking maak oor vir wie die vak van verdere besondere belang kan wees:

---

183. Mulder, J.J. Sekularisasie en sekularisme in die opvoeding, Bulletin van die S.A.V.C.W., Oktober 1970, nr. 25, p.29.

> " .... maar om hoofsaaklik persone voor te berei wat in die onderwysberoep gaan staan en persone wat hierdie vak neem vir algemene vorming en basiese perspektief ten opsigte van ander wetenskappe."[184)]

Hiermee beklemtoon Duvenage nie alleen weer by herhaling die vormende waarde van Bybelkunde nie maar bring pertinent die onderwysberoep onder die aandag. Hierdie feit verdien nadere beskouing.

Soos aangedui in paragraaf 2.14 bepaal Artikel 2(1)(a) van Wet 39 van 1967 dat die karakter van die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika Christelik moet wees. Ongeag die vak wat aangebied word moet dit bydra tot die gestaltegewing van die Christelike karakter van die onderwys.

In die lig hiervan bestaan die oortuiging dat 'n studie van Bybelkunde vir alle voornemende onderwysers/esse van besondere waarde sal wees. Per slot van sake behoort 'n studie van Bybelkunde ook te dui op die lig wat Godswoord op alle lewensterreine en vakgebiede werp. Daarom behoort dit vir diegene wat Bybelkunde as graadvak geneem het duideliker te wees welke bydrae hulle gaan lewer vir die daarstelling van die Christelike karakter van die onderwys.

*2.15.1 Bybelkunde en die onderwyser/es in die Sekondêre Skool*

Met die oog op 'n graadkursus in Bybelkunde sal die keuse van Bybelkunde tot op matrikulasiepeil 'n betekenisvolle basis voorsien waarop universitêre opleiding kan voortbou. Vir sodanige graadstudente sal Bybelkunde aan die universiteit ook geen "nuwe" vak wees nie.

Van besondere belang is die feit dat met Bybelkunde as graadvak, voornemende onderwysers/esse insgelyks kwalifiseer om beide Godsdiensonderrig en Bybelkunde tot op die standerd 10-peil te onderrig.

*2.15.2 Bybelkunde en die onderwyser/es in die Primêre Skool*

Vir voornemende onderwysers/esse in die primêre skool is Bybelkunde as keuse-eksamenvak tot op matrikulasiepeil meer as sinvol. Alle professionele kursusse vir

---

184. Duvenage, op. cit., p.11.

onderwysopleiding aan onder andere Transvaalse Universiteite en Onderwyskolleges, sluit Godsdiensonderrig as verpligte vak in. Verder word van alle onderwysers/esse in die primêre skool verwag om hierdie verpligte vak op die primêre skool te onderrig indien vrystelling daartoe nie versoek word nie.[185] Bybelkunde as keusevak tot op matrikulasiepeil, voorsien 'n sterker basis waarop die vak Godsdiensonderrig kan voortbou tydens onderwysersopleiding.

**Samevattend:**

* Bybelkunde as godsdienstig-vormende vak is relevant vir alle beroepe en wetenskappe. Dit lewer 'n besondere bydrae tot die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

* Bybelkunde as skoolvak is van veel betekenis vir diegene wat 'n graadkursus wil volg met Bybelkunde as vak of hoofvak.

* Bybelkunde is veral betekenisvol vir voornemende onderwysers/esse in sowel die primêre as sekondêre skool.

### 2.16 Kriteria waaraan Bybelkunde moet beantwoord (samevattend)

#### *2.16.1 Die Bybelse eis en gelowige ouerskap*

2.16.1.1 Op grond van die Skrif is ouers primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hul kinders. Dit beteken dat die Skrifgelowige ouer verantwoordelik is om kinders op te voed om God bewustelik in liefdesgehoorsaamheid te dien.

2.16.1.2 Sekondêre opvoedingsinstellings soos die skool is ouers hierin behulpsaam en word vanuit die ouerhuis gekontroleer.

#### *2.16.2 Die eise van die doopsformulier*

2.16.2.1 Die Protestants-Calvinistiese doopsformulier dui op 'n besondere wyse wanneer, hoe, waarin en deur wie kinders onderrig moet word. Die

---

185. Transvaalse Provinsiale Raad. Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953, subartikel 6.

wese en inhoud van Bybelkunde as keuse-eksamenvak in die skool, sluit ten nouste aan by dit wat ouers beloof het hul kinders in te onderrig.

2.16.2.2 Gedagtig die eise wat die Protestants-Calvinistiese doopsformulier aan ouers stel, moet Bybelkunde aangebied word ooreenkomstig ouerlike doopbeloftes. Dit beteken dat Bybelkunde positief moet bou aan die geloofslewe van verbondskinders en hulle beïnvloed tot liefdesgehoorsaamheid aan God Drie-enig.

2.16.2.3 Bybelkunde moet so aangebied word dat verbondskinders se bande met die eie kerk en sy leer daardeur verstewig word.

*2.16.3 Eise wat die Bybelkundesillabus stel*

2.16.3.1 Omdat die sillabus daarop gebaseer is, het Bybelkunde as grondslag die Bybel as die geïnspireerde Woord van God wat aanvaar word as die enigste gesag vir geloof en lewe. Dit is die enigste grondslag waarop Bybelkunde berus.

2.16.3.2 Bybelkunde het ten doel om die Bybel te bestudeer met die oog op kennis van die Bybel as Godsopenbaring wat kan dien as grondslag van die Christelike geloof en lewe.

2.16.3.3 Bybelkunde is insgelyks 'n akademiese studie tot op matrikulasiepeil en 'n godsdienstig-vormende vak. Dit moet met geloofsoortuiging onderrig word met die oog op 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus deur die werking van die Heilige Gees. As akademiese studie bied Bybelkunde vryheid tot ander korrek gemotiveerde interpretasies wat gebaseer is op uitgekristaliseerde openbaringswaarhede soos dit deur die eeue op leerstellige of dogmatiese wyse vorm aangeneem het.

2.16.3.4 Die omvattende leerstofinhoud van Bybelkunde eis akademies-opgeleide onderwysers wat instaat sal wees om al die voorgeskrewe vakkomponente met geloofsoortuiging te onderrig.

*2.16.4 Eise wat die metodologiese riglyne aan Bybelkunde stel*

2.16.4.1 In Bybelkunde moet die Bybel die primêre bron wees. Met die oog op korrekte begrip en interpretering, en ter wille van gesaghebbende kommentaar en verklaring, eis die Bybel as primêre studiebron 'n verskeidenheid hulpmiddele.

2.16.4.2 In die aanbieding van Bybelkunde moet van 'n verskeidenheid metodes gebruik gemaak word wat leerlingdeelname en verdere belangstelling sal aanmoedig en bevorder.

*2.16.5 Eise ten opsigte van die organisasie en beplanning van Bybelkunde*

2.16.5.1 Elke Bybelkunde-onderwyser moet in besit wees van 'n Bybelkunde-sillabus, dit behoorlik bestudeer, interpreteer en die implementering daarvan beplan.

2.16.5.2 Elke Bybelkunde-onderwyser moet die Bybelkundesillabus verwerk tot 'n werkskema as werkbeplanning in kwartale of termyne vir die betrokke studiejaar of standerd.

2.16.5.3 Daar moet nougeset en noukeurig verslag gedoen word ten opsigte van die afhandeling van leerstof. Veelseggende opmerkings oor probleme en geleenthede wat hul voorgedoen het moet aangeteken en opgevolg word.

2.16.5.4 Deeglike voorbereiding moet onderneem word sodat die Bybelkunde-onderwyser elke periode lesgereed voor leerlinge verskyn.

2.16.5.5 Gereelde kontrole of alle gegewe opdragte aan leerlinge uitgevoer is, moet onderneem word. Alle, of 'n verteenwoordigende hoeveelheid skriftelike werk deur leerlinge, moet intensief nagesien en gekorrigeer word met die oog op remediëring en regstelling.

2.16.5.6 Huiswerk in Bybelkunde moet vooraf deeglik beplan en duidelik geformuleer word om aan te sluit by klasgebeure, dit voort te sit en af te rond. Huiswerk moet gereeld, en met inagneming van leerlinge se vol akademiese program gegee word.

2.16.5.7 Interne toetsing en eksaminering van Bybelkunde vereis deeglike beplanning oor wat presies vasgestel of getoets wil word en watter essensiële uit die leerstof inskerpend oorsien wil word. Hiervoor moet van 'n verskeidenheid erkende tipes vrae gebruik gemaak word om aan te sluit by die bepalings in die Bybelkundesillabus oor eksaminering.

2.16.5.8 Met die oog op duidelikheid, kontinuïteit en eenvormigheid moet die betrokke onderwyser(s) in elke skool 'n volledige en uitvoerbare vakbeleid vir Bybelkunde formuleer. Hierdie vakbeleid moet getrou uitgevoer word of gewysig word tot uitvoerbaarheid.

*2.16.6 Eise wat gedifferensieerde onderwys aan Bybelkunde stel*

2.16.6.1 Bybelkunde kan in twee van die agt bestaande studierigtings geneem word naamlik, die geesteswetenskaplike en die algemene studierigting.

2.16.6.2 In hierdie twee studierigtings is daar dertig amptelike vakversamelings waarin Bybelkunde as keuse-eksamenvak voorkom. Hoofde kan aansoek doen vir addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit.

2.16.6.3 Bybelkunde word op sowel hoër as standaardgraadvlak aangebied.

*2.16.7 Eise wat Bybelkunde aan Godsdiensonderrig stel*

2.16.7.1 Omdat Bybelkunde eers vanaf standerd 8 geneem kan word, is hierdie vak vir voornemende kandidate onbekend en het hulle geen vorige ervaring daarin nie.

2.16.7.2 Die Bybelkunde-onderwyser moet verkieslik ook Godsdiensonderrig vir standerds 6 en 7 aanbied. Hierdie geleentheid moet veral benut word om leerlinge onder die indruk van die volwaardigheidsbeeld van Godsdiensonderrig te bring en só hulle voor te lig, te inspireer en met toewyding te lei tot die moontlike keuse van Bybelkunde as eksamenvak.

2.16.7.3 Indien dit nie die Bybelkunde-onderwyser is nie, moet 'n Godsdiensonderrig-vakspesialis met akademiese opleiding in Bybelkunde, Godsdiensonderrig vir standerds 6 en 7 aanbied.

2.16.7.4 Vir Godsdiensonderrig moet 'n verantwoordbare evalueringsimbool op die skoolrapport toegeken word wat ook kan dien om die belangstelling in die keuse van Bybelkunde by potensiële kandidate te bewerkstellig.

*2.16.8 Eise wat inspeksie en voorligting aan Bybelkunde stel*

2.16.8.1 Die Transvaalse Onderwysdepartement het gedurende 1973 twee Inspekteurs van Onderwys aangestel met die oog op inspeksie, voorligting en bevordering van Godsdiensonderrig en Bybelkunde.

2.16.8.2 Afgesien van inspeksie en indiwiduele voorligting deur die betrokke twee Inspekteurs van Onderwys is gedurende 1974 'n oriënteringskursus vir alle Bybelkunde-onderwysers aangebied. Die doel van hierdie kursus was leiding met die oog op interpretering en implementering van die nuwe Bybelkundesillabus.

*2.16.9 Eise wat Wet 39 van 1967 aan Bybelkunde stel*

2.16.9.1 Ook wat die aanbieding van Bybelkunde betref, moet die geloofsoortuiging van ouers en leerlinge geëerbiedig word.

2.16.9.2 Omdat die karakter van die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika Christelik moet wees, sal elke vak, en dus ook Bybelkunde, 'n bydrae daartoe moet lewer.

2.16.9.3 Bybelkunde lewer 'n bydrae tot die gestaltegewing van die Christelike karakter van die onderwys deur handhawing van die vak se grondslag en benadering, en deur nastrewing van die vakdoelstellings soos vereis deur die Bybelkundesillabus.

*2.16.10 Bybelkunde en die eis tot praktiese bruikbaarheid*

2.16.10.1 Bybelkunde as godsdienstig-vormende vak is relevant vir alle beroepe. Dit lewer 'n besondere bydrae tot die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

2.16.10.2 Bybelkunde as skoolvak is van veel betekenis vir diegene wat 'n graadkursus wil volg met Bybelkunde as vak of hoofvak.

2.16.10.3 Bybelkunde is veral betekenisvol vir voornemende onderwysers/esse in sowel die primêre as sekondêre skool.

# HOOFSTUK 3

## 3. BESINNING OOR DIE VEREISTES VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE BETREKKING DAARVAN OP HIERDIE ONDERSOEK

### 3.1 Die questionnaire of vraelys

Om te bepaal wat iemand dink of weet sal dit nodig wees om daarna te vra. Die vraag kan persoonlik tydens 'n onderhoud gestel word of onpersoonlik d.m.v. 'n questionnaire of vraelys. Hierdie metode van ondersoek is beslis nie nuut nie want tereg word opgemerk:

> "Questioning as a method of inquiry is recorded as early as the Lord inquiring of Cain, "Where is Abel, thy brother? " As a method of thinking it flourished in antiquity through the teachings of Socrates, and as a method of data collection it flourished in the 1950s, 1960s, and will continue to flourish in the 1970s as public opinion polls of all kinds seek information".[1)]

In die opvoedkundige ondersoek is die questionnaire veral teen die end van die vorige eeu intensief toegepas deur die eintlike ontwerper daarvan, die Amerikaner G. Stanley Hall.[2)] Dit was egter die volgelinge van Hall wat die questionnaire tot so 'n mate misbruik het dat dit mettertyd in onguns geraak het. Hierdie misbruik ten spyt kon egter nie verhoed dat die bruikbaarheid van die questionnaire deur die jare heen geldig gebly het nie. Die gevolg was dat ondersoekers telkens daarop teruggeval het maar dan met die nodige waarskuwings teen misbruik en doelbewuste eliminering van bestaande nadele. In hierdie trant beweer Coetzee:

> "Die questionnaire is 'n onmisbare tegniek by die ondervraging van die kind, en die ondervraging kan wetenskaplik geskied mits die ondersoeker noukeurig die eise in ag neem wat aan 'n questionnaire om dit wetenskaplik bruikbaar te maak, gestel moet word".[3)]

Jare later stem Van Dalen met Coetzee saam oor kritiek op die questionnaire as metode van ondersoek:

---

1. Fox, D.J. The research process in education, p. 524.
2. Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, p. 21.
3. *Loc. cit.*

"Questionnaires have been subject to severe criticism, but many common weaknesses in them can be avoided if they are carefully structured and effectively administered to qualified respondents".4)

Ook Kerlinger beklemtoon die nadele verbonde aan die questionnaire en merk op:

"The mail questionnaire, another type of survey, has been popular in education, although it has serious drawbacks unless it is used in conjunction with other techniques. Two of these defects, especially the first, are serious enough to make the mail questionnaire worse than useless, except in highly sophisticated hands. Responses to mail questionnaires are generally poor. Returns of less than 40 or 50 percent are common. Higher percentages are rare. At best, the researcher must content himself with returns as low as 50 or 60 percent".5)

In die geval van hierdie ondersoek is die belangrike nadeel wat Kerlinger voorsien egter nie wesenlik nie. Gerusstellend is die feit dat questionnaires van hierdie ondersoek aan verantwoordelike skoolhoofde gestuur word vir persoonlike voltooiing en verder aan die betrokke onderwysers/esse vir hantering.

Hoewel Fox deeglik bewus is van die nadele verbonde aan die questionnaire is hy veel meer optimisties in sy beoordeling daarvan:

"If the researcher is confident that his questions are so clear as to require no explanation, and if he also has some basis for believing that a reasonable proportion of respondents will answer his questions if they receive them on a piece of paper, he has the two conditions necessary to consider using the impersonal interaction. If these two conditions are met, the researcher is in a position to capture the major advantage of this interaction, the massive coverage of respondents which can be achieved quickly and relatively inexpensively".6)

*3.1.1 Enkele nadele van die questionnaire*

Wanneer Kerlinger die voordele van die persoonlike onderhoud bo 'n onpersoonlike questionnaire bespreek, dui hy op die volgende vier nadele daarvan:7)

3.1.1.1 Lae persentasie terugsendings van voltooide questionnaires.

3.1.1.2 Dat die questionnaire nie so uniform is as wat op die oog af blyk nie en vrae dikwels vir verskillende respondente verskillende betekenisse het.

---

4. Van Dalen, D.B. Understanding educational research, p. 257.
5. Kerlinger, F.N. Foundations of behavioral research, p. 414.
6. Fox, D.J. *op. cit.*, p. 542.
7. Kerlinger, F.N. *op. cit.*, p. 487.

3.1.1.3 Dat vrae met beperkte antwoorde respondente dikwels oorbeperk en indien geleentheid vir vrye beantwoording geskep word, respondente weier om daarop te reageer. Laasgenoemde nadeel is een van die redes vir 'n lae persentasie terugsendings van questionnaires.

3.1.1.4 Dat sommige respondente nie oor die vermoë beskik om hul opinies in skrif duidelik weer te gee nie, en diegene wat wel kan, meermale weier om dit te doen.

Genoemde nadele behoort om die volgende redes nie wesenlik te wees vir hierdie ondersoek nie aangesien:

* die hantering van questionnaires deur besonder verantwoordelike persone geskied wat die ignorering van terugsendings grootliks uitskakel,

* die respondente homogeen is t.o.v. ouderdom, vakkeuse, akademiese kwalifikasies, moedertaal en ras en vrae dus tot 'n hoë mate eenders sal interpreteer,

* die noodsaaklike balans tussen vrae met beperkte en vry antwoorde in die questionnaire geskep is,

* die respondente as skoolhoofde, onderwysers/esse en standerd 10-leerlinge oor die vermoë beskik om hul opinies duidelik en getrou in skrif weer te gee.

## 3.2 Enkele vrae oor die questionnaire met die oog op wetenskaplike betroubaarheid

Vrae wat voor en tydens die finalisering van die questionnaire versigtige oorweging moet geniet met die oog op wetenskaplike betroubaarheid is die volgende:

### *3.2.1 Stigting van goeie verhoudings tussen ondersoeker en respondente*

* Is die ondersoek van genoegsame belangrikheid om die tyd van besige respondente op te eis?

* Is toestemming van die betrokke outoriteite ontvang om die ondersoek uit te voer?

* Verduidelik die questionnaire en/of 'n begeleidende brief volledig wat die doel van die ondersoek is?

* Word aangebied om respondente van die bevindinge van die ondersoek te voorsien ten einde hulle te motiveer tot getrouer deelname?

* Word daar nie van respondente verwag om inligting te verskaf wat ewe gerieflik elders verkry kan word nie? 8)

*3.2.2 Raamwerk van vrae*

* Het die ondersoeker deeglik sy ervaring, literatuur en ander questionnaires verken ten einde vrae so te formuleer dat by die essensiële uitgekom kan word?

* Is vrae in absoluut duidelike en eenvoudig-verstaanbare taal gestel met die oog op betekenisvolle antwoorde?

* Is vrae so gestel dat dit spesifieke i.p.v. ontwykende en niksseggende antwoorde sal ontlok? 9)

*3.2.3 Orde waarin vrae voorkom*

* Is vrae logies gerangskik en is in gedagte gehou dat die meer algemeen-eenvoudige vrae die meer beslissend-gedetailleerdes voorafgaan?

* Is daar 'n geleidelike oorgang van een groep vrae na die volgende groep? 10)

*3.2.4 Ontwerp van die vorm en aard van vrae*

* Is duidelik en volledig leiding gegee t.o.v. die tipe inligting wat verlang word, waar en in watter vorm dit verstrek moet word?

* Is die kategorië, vorm en inhoud van vrae so ontwerp dat dit nie alleen akkurate antwoorde sal ontlok nie maar ook die minumum tyd van respondente in beslag sal neem?

---

8. Van Dalen, *loc. cit.*
9. Van Dalen, *loc. cit.*
10. Van Dalen, *Ibid.*, p. 258.

* Sal die gegewens wat verkry word gerieflik getabuleer en doeltreffend geïnterpreteer kan word? [11]

*3.2.5 Verkryging van eerlike en betroubare antwoorde*

* Is vrae so konsidererend geformuleer dat dit alle vrees, agterdog, verleentheid en vyandigheid by respondente tydens beantwoording sal voorkom?

* Is daar in die geval van persoonlike vrae die versekering aan respondente verskaf dat inligting konfidensieel gehanteer sal word?

* Is vrae so geformuleer dat antwoorde vry sal wees van ondersteuning vir die ondersoeker se moontlike oortuigings en voorveronderstellings?

* Word daar nie met vrae aan respondente verwag dat hulle informasie sal verskaf waaroor hulle geen of weinig kennis het nie?

* Is spesifieke vrae gestel om die eerlikheid van antwoorde op ander vrae te kontroleer? [12]

## 3.3 Vereistes waaraan die vraag moet voldoen met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid

Om as doeltreffende stimulus te dien en met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid is dit nodig dat die vraag wat gestel word aan sekere vereistes sal voldoen. Aangesien hierdie ondersoek van die questionnaire as geskrewe vraelys gebruik sal maak, is dit vervolgens noodsaaklik om te let op daardie vereistes. Uiteindelik sal gepoog word om alle vrae rondom die questionnaire asook die vereistes vir wetenskaplike bruikbaarheid en betroubaarheid te inkorporeer in vraelyste A, B en C.

*3.3.1 Duidelikheid van taal as vereiste*

Die intensie van die vraag en die aard van verlangde informasie moet vir die respondent duidelik wees. Dit beteken dat die ondersoeker steeds die verhouding tussen

---

11. Van Dalen, *loc. cit.*
12. *Loc. cit.*

woordgebruik, taalstruktuur en verwagte begripsvlak in vrae teenoor die werklike taalvaardigheid en begripsvermoë van respondente moet bewaar. Die doeltreffendste wyse om onduidelikheid in vrae te voorkom, is om vrae in eenvoudig-bekende taal te formuleer deur gebruik te maak van woorde en sinsnedes wat in die respondent se daaglikse woord- en taalgebruik voorkom.[13)]

### *3.3.2 Spesifiekheid as vereiste*

Hierdie vereiste hang ten nouste saam met die voorafgaande maar het tog meer as bloot duidelikheid van taal op die oog. Die vraag kan in die duidelikste taal gestel wees en tog nie spesifiek aandui wat presies verwag word nie. Indien die ondersoeker wil bepaal wat onderwysers se interessantste ondervinding was tydens formele lesaanbiedings kan die volgende vraag byvoorbeeld oorweeg word: "Wat was die interessantste ondervinding van u onderwysloopbaan?" In hierdie vraag is die taalgebruik duidelik maar beslis nie spesifiek t.o.v. die verlangde inhoud nie. Onnodiglik moet die respondent ronddelf in die geskiedenis van sy onderwysloopbaan op soek na die betrokke ondervinding sonder om ook te weet hoe volledig dit uiteindelik weergegee moet word. Die volgende formulering van dieselfde vraag is spesifiek t.o.v. inhoud en omvang: "Beskryf in vyf reëls die interessantste ondervinding van u onderwysloopbaan tydens formele lesaanbiedings?" Ondersoekvrae moet met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid nie alleen spesifiek t.o.v. die verwagte inhoud en omvang wees nie maar ook respondente se tyd waarin antwoorde oorweeg word, konsidereer.[14)]

### *3.3.3 'n Enkelvoudige doel as vereiste*

Hierdie vereiste waarborg dat met elke vraag slegs een of 'n enkele gedeelte van 'n informasie-feit verlang word. 'n Algemene fout met vrae is dat 'n enkele vraag te veel informasie verlang. Sulke vrae is nie alleen 'n onuitvoerbare opdrag aan respondente nie maar skep vir die ondersoeker die probleem dat gegewens oninterpreteerbaar is. Die derde vereiste is dus dat die vraag as 'n enkele stimulus moet dien en sodoende 'n enkele antwoord ontlok.[15)]

---

13. Fox, *op. cit.*, p. 529.
14. *Ibid.*, p. 530.
15. *Ibid.*, p. 531.

*3.3.4 Vry van veronderstelling as vereiste*

Hierdie vereiste beoog dat ten einde 'n vraag te beantwoord die respondent nie gedwing moet word om vooraf iets te veronderstel wat nie bestaan nie of om te reageer op 'n vraag wat nooit gestel is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende: "Gee 'n voorbeeld van 'n geleentheid waar u oortuig is u as onderwyser gefaal het?" Hoewel waarskynlik is dit tog onbillik om aan te neem, of te veronderstel, dat die respondent van mening is dat hy by geleentheid as onderwyser gefaal het. Eerder behoort vooraf gevra te word of die respondent, na sy mening, by geleentheid as onderwyser gefaal het, en indien wel, 'n voorbeeld daarvan te gee.[16)]

*3.3.5 Vry van suggestie as vereiste*

Hierdie vereiste waarborg dat niks in die taalgebruik of struktuur van die vraag aan die respondent moet suggereer dat 'n bepaalde antwoord verwag word nie. Vir wetenskaplike betroubaarheid moet die ondersoeker slegs belangstel in die werklike feite en moet die vraag dus so geformuleer word dat alle direkte of indirekte suggestie tot 'n bepaalde antwoord vermy word.[17)]

*3.3.6 Taalkundige duidelikheid en grammatikale konsekwentheid as vereiste*

Daar moet in gedagte gehou word dat die vraag 'n essensiële interaksie tussen ondersoeker en respondent veronderstel. Daarom moet aandag geskenk word aan die taalkundige kwaliteit van vrae. In hierdie verband moet die volgende twee aspekte in gedagte gehou word:

* Sorg moet gedra word dat die vraag voorsiening maak vir die nodige suggestie i.v.m. taalgebruik. Hoewel die vraag nie die inhoud van die antwoord suggereer nie behoort dit aan die respondent die nodige leiding te gee m.b.t. die taalkundige vorm daarvan. Indien die ondersoeker verlang dat die respondent sy opinie vergelykenderwys moet gee oor bv. drie verskillende aspekte, is dit nodig dat die taalkundig-duidelike vraag die respondent lei tot denke en formulering van die

16. *Loc. cit.*
17. *Ibid.*, p. 532.

antwoord in vergelykende vorm. Al drie aspekte moet dus in een vraag saamgevat word en nie drie vrae wat elk handel oor 'n afsonderlike aspek nie.[18]

* Die vraag en antwoord moet 'n grammatikale korrekte eenheid vorm. Hierdie aspek kom meesal voor in die gestruktureerde vraelys. Vrae en moontlike antwoorde word aan respondente voorgelê sodat die vraag en antwoord gelyktydig as eenheid oorweeg kan word. Respondente se bereidwilligheid om vrae te beantwoord word beslis beïnvloed deur hul reaksie op die taalkundige karakter daarvan. 'n Goeie navorser kan nie bekostig om potensiële respondente te verloor deur hierdie vereiste te ignoreer nie.[19]

## 3.4 Tipes vrae en geleentheid vir beantwoording met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid

Vervolgens is dit belangrik om te let op die tipe vrae wat gestel kan word en die wyse waarop sodanige vrae respondente toelaat om daarop te antwoord. Fox beweer dat daar wesenlik slegs twee hooftipes antwoorde op ondersoekvrae bestaan en dat die vraag die betrokke antwoord ontlok.[20]

Eerstens is daar die vraag wat aan respondente geleentheid bied om geheel vry 'n antwoordkeuse uit te oefen. Die tweede vraagtipe daarteenoor suggereer gedeeltelik of volledig die moontlike antwoord waaruit respondente dan 'n keuse maak. Binne hierdie twee hooftipes antwoorde onderskei Fox dan die volgende vier verskillende tipes geleenthede waarop ondersoekvrae beantwoord kan word.[21]

### *3.4.1 Geleentheid vir totaal vrye beantwoording*

Hierdie geleentheid vir beantwoording bestaan wanneer geen suggesties gemaak word rakende die omvang van die inhoud of vorm van die antwoord nie. Hoewel hierdie tipe beantwoordingsgeleentheid aan die respondent groot vryheid laat, is daarin juis

---

18. *Ibid.*, p. 533.
19. *Loc. cit.*
20. *Loc. cit.*
21. *Ibid.*, p. 534.

ook die nadeel verskuil. Die respondent kan maklik tot so 'n mate verlore raak in sy vryheid dat hy nie weet hoe en waar om met die antwoord te begin nie. Sodoende gaan kosbare tyd verlore.[22)]

Indien die ondersoeker egter geen idee het van wat die moontlike antwoord op 'n ondersoekvraag is nie sal noodwendig van hierdie vraagtipe gebruik gemaak moet word. Verder kan die ondersoeker juis hierdie vraagtipe gebruik met die oog op 'n werklik objektief-persoonlike opinie. In die onderhawige is juis soortgelyke vrae ingesluit met die oog op 'n persoonlike opinie.

*3.4.2 Geleentheid vir beperkte vrye beantwoording*

Vir hierdie tipe antwoord verskaf die ondersoekvraag sekere riglyne betreffende die lengte en algemene vorm van die antwoord. Hoewel daar dus vryheid vir eie opinie bestaan, is die beperking in werklikheid 'n hulpverlenende aanduiding vir respondente t.o.v. die verlangde vorm en lengte van die antwoord.[23)]

*3.4.3 Geleentheid vir gestruktureerde beantwoording met 'n vrye keuse*

Met hierdie tipe ondersoekvraag word aan respondente moontlike antwoorde gesuggereer maar bied ingelyks ook geleentheid vir die formulering van 'n eie antwoord indien nie een van die wat gesuggereer word, aanvaarbaar is nie.[24)]

Hierdie vraagtipe bied duidelike leiding t.o.v. die verlangde vorm sonder om respondente onnodiglik te beperk en daarmee wetenskaplike betroubaarheid op te offer.

*3.4.4 Totaal gestruktureerde antwoorde*

Hierdie ondersoekvraag laat aan respondente geen vryheid betreffende die vorm of inhoud van antwoorde nie maar verwag slegs 'n keuse uit 'n aantal moontlike antwoorde. Met hierdie ondersoekvraag moet die ondersoeker egter oortuig wees dat alle moontlike antwoorde voorsien is met die oog op 'n korrekte en wetenskaplikbetroubare keuse. Hierdie tipe ondersoekvraag is veral bruikbaar wanneer die aantal moontlike antwoorde beperk en bekend is.[25)]

---

22. *Loc. cit.*
23. *Ibid.*, p. 535.
24. Ibid., *p. 536.*
25. *Loc. cit.*

Tot sover is die herkoms, nadele, vrae rondom en vereistes met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid en betroubaarheid van die questionnaire, verken. Hieruit is dit duidelik dat die vorm, keuse en rangskikking van vrae beslissend en van deurslaggewende belang is vir doeltreffende gebruik van die questionnaire. Hieroor merk Fox per slot van sake op:

> ".... the researcher must be certain that his answer formats meets the double goal of the questionnaire: providing every respondent with the ability to answer in a way which reasonably reflects his answer and providing the researcher with the data he needs, in the form in which he needs them, to answer the research question".[26]

### 3.5 Eise aan respondente met die oog op wetenskaplike betroubaarheid

Voordat oorgegaan word tot die formulering van die questionnaire wat vir hierdie ondersoek gebruik gaan word is dit nodig om kortliks te besin oor die eise waaraan respondente moet voldoen met die oog op wetenskaplike betroubaarheid.

Waar die questionnaire die versameling van informasie deur vrae beoog, is dit vanselfsprekend dat by hierdie gebeure twee partye in 'n bepaalde interaksie betrokke is. Drie vorme van sodanige interaksie word onderskei naamlik:

* die persoonlike interaksie waartydens ondersoeker en respondente mekaar van aangesig tot aangesig ontmoet en die antwoorde op vrae mondeling geskied,

* die onpersoonlike interaksie waar ondersoeker en respondente mekaar nooit ontmoet nie en vrae skriftelik gestel en beantwoord word,

* die gemengde interaksie waartydens die ondersoeker groepe respondente ontmoet, die doel van die ondersoek of questionnaire verduidelik, en waarop respondente dan die questionnaire skriftelik beantwoord.[27]

Wat egter ookal die vorm van interaksie is, bly dit noodsaaklik dat die ondersoeker self moet bepaal wie die respondente sal wees. Hoewel die doel van die ondersoek grootliks sal bepaal wie die respondente sal wees, moet die volgende in gedagte gehou word:

---

26. *Ibid.*, p. 553.
27. *Ibid.*, p. 579.

"Wat die ondersoekte persone betref, word die bruikbaarheid van die questionnaire-ondersoek bepaal deur die eis dat die ondersoekte persone onuitgesoek, onafgerig, homogeen (in geslag, ouderdom, omgewing of ras), verteenwoordigend en in aantal voldoende sal wees".[28]

### 3.6 Verdere verband tussen die bespreekte eise en die vraelyste van hierdie ondersoek

3.6.1 In hierdie ondersoek is die interaksie tussen ondersoeker en respondente onpersoonlik deurdat vrae skriftelik gestel en beantwoord is. Die drie vraelyste (vergelyk paragraaf 1.11.2) het verder alle betrokke hoofde, Bybelkunde-onderwysers en standerd 10-leerlinge by die ondersoek betrek. Hierdeur is voldoen aan die eis dat respondente onuitgesoek, onafgerig, homogeen, verteenwoordigend en in getal voldoende is. Die ondersoek het dus nie slegs betrekking op 'n snit uit die werklikheid nie, maar wil inderdaad volledig die situasie van Bybelkunde as keusevak in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole ondersoek en evalueer.

3.6.2 Die wyse waarop hierdie ondersoek aangepak is voldoen in elke opsig aan die eise wat gestel is vir die stigting van goeie verhoudings tussen ondersoeker en respondente. In hierdie verband het die volgende betrekking:

* Die oortuiging bestaan dat die ondersoek van genoegsame belangrikheid is om die tyd van besige respondente op te eis. Per slot van sake het elke respondent direkte belang by die bevindings van die ondersoek.

* Toestemming is vooraf van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang om die ondersoek uit te voer. Hierdie feit is onder die aandag van respondente gebring (vergelyk Bylaag A).

* Die doel en vertroulikheid rakende die ondersoek is in 'n begeleidende brief aan hoofde verduidelik, asook dat bevindinge tot die beskikking van belangstellendes gestel sal word.

* Uit die vraelyste sal vir respondente duidelik blyk dat die verlangde inligting op geen wyse geriefliker verkry kan word nie.

---

28. Coetzee, J. Chris, *op. cit.*, p. 20.

3.6.3 Met die oog op korrekte formulering van vrae het die ondersoeker vooraf relevante literatuur en ander questionnaires verken. Daardeur is verseker dat gestelde vrae by die essensiële uitkom. Verder is vrae spesifiek en in duidelik-verstaanbare taal gestel met die oog op betekenisvolle antwoorde.

3.6.4 Vooraf is gelet op die logiese rangskikking van vrae en dat die algemeen-eenvoudige vrae, die meer beslissend-gedetailleerdes voorafgaan. Met die rangskikking van vrae is voorsiening gemaak vir die geleidelike oorgang van een groep vrae na die volgende.

3.6.5 By elke vraelys is vooraf duidelik leiding gegee m.b.t. die vorm waarin inligting verstrek moet word. Die vrae is verder sodanig ontwerp dat beantwoording daarvan die minimum tyd van respondente in beslag sal neem.

3.6.6 Met die oog op verkryging van eerlike en betroubare antwoorde is respondente verseker van die vertroulike wyse waarop inligting hanteer sal word. Deur vrae duidelik en beleef te formuleer is eerlik gepoog om die samewerking en vertroue van respondente te verkry. Geen vraag het van respondente verlang om informasie te verskaf waaroor hulle weinig of geen kennis het nie.

3.6.7 Sorg is gedra dat vrae vry van veronderstelling en suggestie is en telkens is slegs een of 'n enkele gedeelte van 'n informasie-feit verlang.

3.6.8 Met die oog op wetenskaplike bruikbaarheid van inligting is gebruik gemaak van verskillende tipes vrae. In gevalle waar die ondersoeker geen idee het van wat die moontlike antwoord op 'n ondersoekvraag is nie, is geleentheid gelaat vir beperkte vrye beantwoording. Ten einde tyd te bespaar, en aan respondente leiding te gee m.b.t. die lengte van verlangde antwoorde, is respondente versoek om antwoorde tot 'n sekere aantal reëls te beperk. In die vraelys aan hoofde (vergelyk Bylaag B) is veral van hierdie vraagtipe gebruik gemaak met die oog op 'n werklik objektief-persoonlike opinie.

Verder is ook gebruik gemaak van gestruktureerde beantwoording met 'n vrye keuse. Hiermee is aan respondente duidelike leiding gebied met die oog op beantwoording

sonder om hulle onnodiglik te beperk. In sodanige gevalle is moontlike antwoorde verskaf en ruimte gelaat vir 'n ander, ongenoemde, antwoord.

In gevalle waar die ondersoeker oortuig is dat alle moontlike antwoorde bekend is, is gebruik gemaak van die ondersoekvraag met totaal gestruktureerde antwoorde.

# HOOFSTUK 4

## 4. ONTLEDING VAN EMPIRIESE GEGEWENS

### 4.1 Vraelys A (Vergelyk Bylaag B)

Die eerste vraelys waarvan die empiriese gegewens hier ontleed word, is vraelys A (vgl. Bylaag B). Hierdie vraelys is aan die hoofde van al 31 skole gerig wat tans Bybelkunde aanbied en het uit 13 vrae bestaan. Van die 31 skole het 30 skole se hoofde die betrokke vraelys voltooi en teruggestuur.

#### *4.1.1 Verduideliking van tabel A: Instelling van Bybelkunde en aantal kandidate*

(a) Onder a verskyn die jaar waarop die betrokke skole Bybelkunde ingestel het.

(b) Onder b verskyn die getal standerd 10 Bybelkunde-kandidate wat die onderskeie skole in 1973 gelewer het.

(c) Onder c verskyn die getal standerd 10 Bybelkunde-kandidate wat die onderskeie skole in 1974 gelewer het.

(d) Onder d verskyn die getal standerd 10 Bybelkunde-kandidate wat die onderskeie skole in 1975 gelewer het.

(e) Onder e verskyn die getal standerd 9 Bybelkunde-kandidate wat die onderskeie skole in 1975 gelewer het.

(f) Onder f verskyn die getal standerd 8 Bybelkunde-kandidate wat die onderskeie skole in 1975 gelewer het.

Tabel A : Instelling van Bybelkunde en aantal kandidate

| Nr. van Skool | (Instellingsjaar) a | (Standerd 10 – 1973) b | (Standerd 10 – 1974) c | (Standerd 10 – 1975) d | (Standerd 9 – 1975) e | (Standerd 8 – 1975) f |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 1969 | 27 | 46 | 18 | 25 | 20 |
| 2 | 1969 | 13 | 9 | 16 | 12 | 14 |
| 3 | 1972 | 21 | 13 | 0 | 10 | 13 |
| 4 | 1973 | 0 | 0 | 20 | 14 | 12 |
| 5 | 1974 | 0 | 0 | 0 | 15 | 0 |
| 6 | 1973 | 0 | 0 | 13 | 0 | 5 |
| 7 | 1969 | 32 | 46 | 0 | 30 | 34 |
| 8 | 1971 | 59 | 35 | 21 | 12 | 11 |
| 9 | 1973 | 0 | 26 | 16 | 11 | 0 |
| 10 | 1973 | 0 | 0 | 6 | 21 | 18 |
| 11 | 1973 | 0 | 8 | 0 | 0 | 11 |
| 12 | 1971 | 58 | 82 | 40 | 40 | 27 |
| 13 | 1970 | 22 | 28 | 19 | 0 | 18 |
| 14 | 1972 | 38 | 30 | 9 | 16 | 0 |
| 15 | 1972 | 22 | 0 | 21 | 0 | 0 |
| 16 | 1969 | 13 | 7 | 7 | 12 | 0 |
| 17 | 1973 | 0 | 0 | 6 | 18 | 16 |
| 18 | 1973 | 0 | 0 | 15 | 12 | 15 |
| 19 | 1972 | 70 | 47 | 28 | 25 | 14 |
| 20 | 1971 | 30 | 37 | 15 | 13 | 16 |
| 21 | 1974 | 0 | 0 | 0 | 24 | 13 |
| 22 | 1972 | 36 | 29 | 10 | 0 | 0 |
| 23 | 1975 | 0 | 0 | 0 | 0 | 8 |
| 24 | 1973 | 0 | 0 | 15 | 0 | 0 |
| 25 | 1973 | 0 | 15 | 10 | 0 | 10 |
| 26 | 1969 | 50 | 68 | 25 | 44 | 26 |
| 27 | 1972 | 24 | 23 | 12 | 0 | 0 |
| 28 | 1972 | 11 | 0 | 0 | 12 | 0 |
| 29 | 1973 | 0 | 0 | 7 | 0 | 0 |
| 30 | 1969 | 19 | 3 | 0 | 0 | 11 |
| Totale aantal leerlinge | | 545 | 552 | 349 | 366 | 312 |

**Afleidings**

(a) In die onderskeie jare het die volgende aantal skole Bybelkunde vir die eerste keer as keuse-eksamenvak ingestel:

- 1969 : 6
- 1970 : 1
- 1971 : 3
- 1972 : 7
- 1973 : 10
- 1974 : 2
- 1975 : 1

(b) Vanaf 1969 tot en met 1972 kon Bybelkunde slegs vanaf standerd 9 gekies word. Sedert 1973 kon Bybelkunde vanaf standerd 8 gekies word. In die lig hiervan blyk uit tabel A:

- In 1973 was dit net vir 17 skole moontlik om standerd 10 Bybelkunde-kandidate te lewer. Hierdie 17 skole het gesamentlik 545 kandidate gelewer wat 'n gemiddeld van 32 kandidate per skool (van die deelnemende skole) beteken.

- In 1974 was dit net vir 17 skole moontlik om standerd 10 Bybelkunde-kandidate te lewer. Hierdie 17 skole het gesamentlik 552 kandidate gelewer wat 'n gemiddeld van 32,4 kandidate per skool (van die deelnemende skole) beteken.

- In 1975 was dit vir 27 skole moontlik om standerd 10 Bybelkunde-kandidate te lewer. Hierdie 27 skole het gesamentlik 349 kandidate gelewer wat 'n gemiddeld van 12,9 kandidate per skool (van die deelnemende skole) beteken.

- In 1975 was dit vir 29 skole moontlik om standerd 9 Bybelkunde-kandidate te lewer. Hierdie 29 skole het gesamentlik 366 kandidate gelewer wat 'n gemiddeld van 12,6 kandidate per skool (van die deelnemende skole) beteken.

- In 1975 was dit vir 30 skole moontlik om standerd 8 Bybelkunde-kandidate te lewer. Hierdie 30 skole het gesamentlik 312 kandidate gelewer wat 'n gemiddeld van 10,4 kandidate per skool (van die deelnemende skole) beteken.

(c) Van die dertig skole wat Bybelkunde ingestel het is daar 10 of 33,3% wat in 1975 geen standerd 8 Bybelkunde-kandidate het nie.

**Gevolgtrekkings**

(a) In die jare 1972 en 1973 het die grootste aantal skole, naamlik 17, Bybelkunde as keuse-eksamenvak ingestel. In die daaropvolgende jare 1974 en 1975 het slegs 3 skole Bybelkunde ingestel. Dit dui daarop dat vóór die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal (1973) Bybelkunde meer vryelik by skole ingestel is as daarna. Tans het nog slegs 31 skole uit 'n totaal van 232, Bybelkunde as keusevak ingestel.

(b) Die feit dat daar in 1973 gemiddeld 32 standerd 10 Bybelkunde-kandidate per skool was teenoor 12,9 per skool in 1975, dui op 'n radikale afname van leerlinge wat jaarliks die vak kies.

(c) Die feit dat daar in 1975 gemiddeld slegs 10,4 standerd 8, en 12,6 standerd 9 Bybelkunde-kandidate per skool is, beklemtoon die afname van leerlinge wat jaarliks die vak kies. As in aanmerking geneem word dat 'n aantal van hierdie kandidate jaarliks druip, is die afname nog meer betekenisvol.

(d) Die feit dat daar by 10 of 33,3% van die betrokke skole vir 1975 geen standerd 8 Bybelkunde-kandidate is nie kan daarop dui dat by sommige skole die vak besig is om dood te loop.

*4.1.2 Vrae 4 en 5 in vraelys A: Redes vir moontlike afname in getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde kies en aanbevelings in hierdie verband*

Hierdie twee vrae kan nie in tabelvorm weergegee word nie en eis dus bespreking.

*4.1.2.1 Vraag 4* Hierdie vraag het versoek dat hoofde moontlike redes sal verstrek indien die getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde kies, 'n afname toon.

(a) Ongeveer 53% van die hoofde het die beperkte aantal vakversamelings waarin Bybelkunde voorkom as die belangrikste rede aangevoer waarom die aantal Bybelkunde-kandidate 'n afname toon. Ongeveer 7% het bygevoeg dat die skrapping volgens T.O.D.–Omsendminuut 104 van 1974 van amptelike vakversamelings met Bybelkunde, die probleem met beperkte vakversamelings vergroot het.

(b) Ongeveer 23% het aangevoer dat die vak veel moeiliker is as wat aanvanklik gemeen is. Dieselfde hoofde is ook van mening dat die inhoud van die Bybelkundesillabus té omvangryk is.

(c) Ongeveer 7% het as redes aangevoer dat leerlinge wat die vak in standerd 8 moet kies, onkundig is t.o.v. die wese daarvan.

(d) Ongeveer 3% het as redes aangevoer dat leerlinge geen praktiese bruikbaarheid vir die vak sien nie.

(e) Ongeveer 3% het as redes aangevoer dat ouers en leerlinge in 'n materialistiese tyd nie belangstel in 'n vak met oorwegend vormende waarde nie.

(f) Ongeveer 3% het as rede aangevoer die feit dat Bybelkunde aanvanklik slegs in die standaardgraad geneem kon word.

(g) Ongeveer 3% het as rede aangevoer die betrokke skole se algemene daling van leerlingtal.

(h) Ongeveer 3% het as rede aangevoer die feit dat die verantwoordelike Bybelkunde-onderwyser na 'n ander skool gesekondeer is.

(i) Ongeveer 16% het geen redes aangevoer nie aangesien die vraag nie betrekking op die betrokke skool gehad het nie.

**Afleiding**

(a) Die oorwegende rede vir die afname van die getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde kies, word deur hoofde toegeskryf aan 'n beperkte getal vakversamelings wat die vak insluit.

Gevolgtrekking

Die bestaande amptelike getal vakversamelings wat Bybelkunde insluit is geheel ontoereikend.

*4.1.2.2 Vraag 5* Indien die belangstelling in Bybelkunde 'n afname toon, het hierdie vraag hoofde se aanbevelings versoek vir die bewerkstelliging van 'n konstante patroon of groei van die getal leerlinge wat Bybelkunde kies.

(a) Ongeveer 50% van die hoofde het aanbeveel dat 'n groter aantal vakversamelings wat Bybelkunde insluit op die Transvaalse Onderwysdepartement se amptelike lys van vakversamelings geplaas moet word.

(b) Ongeveer 7% het aanbeveel dat die voorgeskrewe vakversamelings afgeskaf word en dat hoofde self aanbevelings t.o.v. vakversamelings moet maak.

(c) Ongeveer 13% het aanbeveel dat Bybelkunde, soos ander vakke, ook vanaf standerds 6 of 7 aangebied moet word.

(d) Ongeveer 10% het aanbeveel dat doelgerigte voorligting oor die praktiese bruikbaarheid en vormende waarde van Bybelkunde onderneem moet word.

(e) Ongeveer 10% het aanbeveel dat Bybelkunde in meer studierigtings moet voorkom as keuse-eksamenvak.

Afleidings

(a) Die oorgrote meerderheid hoofde beveel aan dat Bybelkunde in 'n groter aantal vakversamelings op die Transvaalse Onderwysdepartement se amptelike lys van vakversamelings moet voorkom.

(b) 'n Aantal hoofde is van mening dat Bybelkunde vanaf standerd 6 of 7 aangebied moet word.

(c) Hoofde is ook van mening dat Bybelkunde in meer studierigtings moet voorkom as keuse-eksamenvak.

**Gevolgtrekkings**

(a) Hoofde beveel oorwegend aan dat 'n groter aantal vakversamelings wat Bybelkunde insluit 'n konstante patroon of groei t.o.v. die getal leerlinge wat jaarliks die vak kies, sal bewerkstellig.

(b) 'n Aantal hoofde is van mening dat dit in die belang van Bybelkunde is indien die vak reeds vanaf standerd 6 of 7 aangebied word.

(c) 'n Aantal hoofde is van mening dat Bybelkunde in meer studierigtings as keuse-eksamenvak moet voorkom.

*4.1.3 Verduideliking van tabel B : Gegewens en menings van hoofde rakende Bybelkunde*

(a) Onder a verskyn die getal addisionele vakversamelings waarvoor hoofde aansoek gedoen het volgens paragraaf 1.1 van T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973.

(b) Onder b verskyn die getal addisionele vakversamelings waarvoor aansoek gedoen is en wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement goedgekeur is.

(c) Onder c verskyn die getal addisionele vakversamelings waarvoor aansoek gedoen is en wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement afgekeur is.

(d) Onder d verskyn hoofde se antwoorde op die vraag of die belangstelling in Bybelkunde as keusevak sal toeneem indien die vak reeds vanaf standerd 6 gekies sou kon word.

(e) Onder e verskyn hoofde se antwoorde op die vraag of dit hul mening is dat Bybelkunde daartoe bydra om leerlinge prinsipieel te vorm en beter toe te rus vir die eise van ons tyd.

(f) Onder f verskyn hoofde se antwoorde op die vraag of dit hul mening is dat die instelling van Bybelkunde by die betrokke skool ook leerlinge se belangstelling in Godsdiensonderrig verhoog het.

(g) Onder g verskyn die hoogste akademiese kwalifikasie in Bybelkunde van die onderwyser/es wat vir die meerderheid standerd 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied (Bv. Bybelkunde I, II of III).

**Tabel B : Gegewens en menings van hoofde rakende Bybelkunde**

| | (Aansoek vakversamelings) a | (Goedgekeur) b | (Afgekeur) c | (Belangstelling toeneem – vanaf St. 6?) d | | (Prinsipiële vorming van leerlinge?) e | | (Belangstelling in Godsdiensonderrig verhoog?) f | | (Hoogste Byb. kwalifikasie) g |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | (i) Ja | (ii) Nee | (i) Ja | (ii) Nee | (i) Ja | (ii) Nee | |
| 1 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | I |
| 2 | 1 | 1 | 0 | | x | x | | x | | – |
| 3 | 1 | 1 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 4 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | – |
| 5 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 6 | 0 | 0 | 0 | | x | x | | x | | III |
| 7 | 14 | 14 | 0 | | x | x | | x | | III |
| 8 | 0 | 0 | 0 | x | | | x | x | | III |
| 9 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | – |
| 10 | 10 | 10 | 0 | x | | x | | x | | I |
| 11 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 12 | 8 | 8 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 13 | 5 | 5 | 0 | x | | x | | x | | – |
| 14 | 0 | 0 | 0 | | x | x | | | x | II |
| 15 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | – |
| 16 | 2 | 2 | 0 | | x | x | | x | | – |
| 17 | 0 | 0 | 0 | | x | x | | x | | – |
| 18 | 7 | 7 | 0 | x | | x | | | x | III |
| 19 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 20 | 10 | 10 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 21 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | – |
| 22 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 23 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | II |
| 24 | 0 | 0 | 0 | | x | x | | | x | I |
| 25 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 26 | 0 | 0 | 0 | | x | x | | x | | III |
| 27 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | III |
| 28 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | II |
| 29 | 0 | 0 | 0 | | x | x | | | x | – |
| 30 | 0 | 0 | 0 | x | | x | | x | | III |
| Totale | 58 | 58 | 0 | 21 | 9 | 29 | 1 | 26 | 4 | – |

**Afleidings**

(a) Gesamentlik het 9 of 30% van die skole wat Bybelkunde aanbied, aansoek gedoen vir addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit. In totaal is om 58 addisionele vakversamelings aansoek gedoen. Die Transvaalse Onderwysdepartement het al 58 aansoeke om addisionele vakversamelings goedgekeur.

(b) Daar is 21 of 70% van die hoofde wat van mening is dat die belangstelling in Bybelkunde as keuse-eksamenvak sal toeneem indien die vak reeds vanaf standerd 6 gekies sou kon word.

(c) Daar is 29 of 97,6% hoofde wat van mening is dat Bybelkunde daartoe bydra om leerlinge prinsipieël te vorm en beter toe te rus vir die eise van ons tyd. Slegs een hoof is van mening dat dit nie die geval is nie.

(d) Daar is 26 of 86,6% hoofde wat van mening is dat die instelling van Bybelkunde by hul onderskeie skole ook leerlinge se belangstelling in Godsdiensonderrig verhoog het.

(e) By die betrokke skole is die hoogste akademiese kwalifikasie van onderwysers wat vir die meerderheid standerd 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied soos volg:

- 15 of 50% van die onderwysers het Bybelkunde III geslaag;
- 3 of 10% van die onderwysers het Bybelkunde II geslaag;
- 3 of 10% van die onderwysers het Bybelkunde I geslaag;
- 9 of 30% van die onderwysers het geen akademiese opleiding in Bybelkunde nie.

**Gevolgtrekkings**

(a) Die Transvaalse Onderwysdepartement is Bybelkunde besonder goedgesind deurdat alle aansoeke om addisionele vakversamelings wat die vak insluit, goedgekeur is.

(b) 70% van die hoofde het nie aansoek gedoen om addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit nie. Hierdie feit moet vergelyk word met die 53%

hoofde wat van mening is dat die beperkte aantal vakversamelings verantwoordelik is vir die afname in die aantal Bybelkunde-kandidate. Dit beteken dat hoewel die meerderheid hoofde beperkte vakversamelings as rede vir die afname in die aantal Bybelkunde-kandidate aanvoer, 70% hoofde nie aansoek gedoen het vir addisionele vakversamelings volgens T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973 nie.

(c) Bykans alle hoofde is oortuig dat Bybelkunde leerlinge prinsipieel vorm en beter toerus vir die eise van ons tyd. Daar bestaan by 97,6% van hoofde geen twyfel oor die vormende waarde van Bybelkunde nie.

(d) Die oorgrote meerderheid hoofde is van mening dat die instelling van Bybelkunde by 'n skool ook in belang van Godsdiensonderrig is omdat Bybelkunde as keuse-eksamenvak leerlinge se belangstelling in Godsdiensonderrig verhoog het.

(e) Hoewel 50% van die betrokke skole oor die dienste van onderwysers met Bybelkunde III beskik vir die aanbieding van Godsdiensonderrig aan die meerderheid standerd 7-leerlinge, het 30% van die betrokke onderwysers geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad nie.

*4.1.4 Verduideliking van tabel C: Redes vir die instelling van Bybelkunde*

Hierdie tabel ontleed die gegewens van vraag 12 in vraelys A. Hierdie vraag het hoofde se hoofredes versoek vir die instelling van Bybelkunde.

(a) Teenoor rede a verskyn die getal en persentasie wat Bybelkunde ingestel het omdat 'n algemene behoefte by leerlinge daarvoor bestaan het.

(b) Teenoor rede b verskyn die getal en persentasie wat Bybelkunde ingestel het omdat 'n persoon of instansie dit versoek het.

(c) Teenoor rede c verskyn die getal en persentasie wat Bybelkunde ingestel het omdat die oortuiging bestaan het dat leerlinge daardeur makliker standerd 10 sou slaag.

(d) Teenoor rede d verskyn die getal en persentasie wat Bybelkunde ingestel het omdat die vormende waarde van die vak dit eis.

(e) Teenoor rede e verskyn die getal en persentasie wat Bybelkunde ingestel het omdat daardeur voorsien wou word in die behoefte van verdere studie daarin.

**Tabel C : Redes vir die instelling van Bybelkunde**

| Redes | Getal | % |
|---|---|---|
| a (Algemene behoefte) | 7 | 23,3 |
| b (Op versoek) | 6 | 20 |
| c (Makliker st. 10 slaag) | 0 | 0 |
| d (Vormende waarde) | 23 | 76,6 |
| e (Verdere studie) | 14 | 46,6 |

**Afleidings**

(a) Die belangrikste rede van hoofde vir die instelling van Bybelkunde was op grond van die vormende waarde van die vak (76,6%).

(b) 'n Ander belangrike rede van hoofde vir die instelling van Bybelkunde was om daardeur te voorsien in die behoefte van verdere studie daarin (46,6%).

(c) Geen hoof het Bybelkunde ingestel omdat die oortuiging bestaan het dat leerlinge daardeur makliker standerd 10 sou slaag nie.

**Gevolgtrekking**

(a) Hoofde wat Bybelkunde by hul onderskeie skole ingestel het is tot so 'n mate onder die indruk van die vormende waarde daarvan dat dit die hoof-oorweging vir instelling was.

(b) 'n Ander belangrike oorweging by hoofde vir die instelling van Bybelkunde was om te voorsien in die behoefte van verdere studie daarin.

(c) Geen hoof het Bybelkunde ingestel omdat die oortuiging bestaan het dat leerlinge daardeur makliker standerd 10 sou slaag nie.

*4.1.5 Vraag 13 in vraelys A: Ander redes vir die instelling van Bybelkunde*

Hierdie vraag het enige ander rede(s) benewens die genoemdes in tabel C, vir die instelling van Bybelkunde van hoofde versoek.

(a) Een hoof het geen van die redes in tabel C genoem, aangevoer vir die instelling van Bybelkunde nie. Die enigste rede wat aangevoer is vir die instelling van Bybelkunde is die feit dat die vak uit nood ingestel is ten einde meer vakversamelings as keuse te kon aanbied.

(b) Een hoof het 'n addisionele rede vir instelling bygevoeg naamlik, om groter differensiasie te bewerkstellig.

**Afleiding**

Dat die vyf redes vir die instelling van Bybelkunde waarvoor in tabel C voorsiening gemaak is bykans alle moontlikhede ingesluit het aangesien geen ander betekenisvolle redes aangevoer is nie.

*4.1.6 Samevatting*

(a) Gedurende die jare 1972/73 het die grootste aantal skole, naamlik 17, Bybelkunde as keuse-eksamenvak ingestel. Die daaropvolgende twee jaar is die vak by slegs drie skole ingestel wat dui op 'n ernstige afname in die getal skole wat Bybelkunde ingevoer het.

(b) Die getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde as eksamenvak kies, toon 'n baie ernstige afname.

(c) Dit blyk dat Bybelkunde as keuse-eksamenvak doodloop by skole wat die vak ingestel het. In hierdie verband het 33,3% van genoemde skole geen standerd 8-leerlinge wat die vak neem nie.

(d) Die bestaande amptelike getal vakversamelings wat Bybelkunde insluit, blyk geheel ontoereikend te wees.

(e) Hoofde is oorwegend van mening dat 'n groter getal vakversamelings wat Bybelkunde insluit, die aanbieding van Bybelkunde vanaf standerd 6 of 7 en

die feit dat Bybelkunde in meer as die bestaande twee studierigtings moet voorkom, 'n konstante patroon of groei t.o.v. die getal Bybelkunde-kandidate wat jaarliks die vak kies tot gevolg sal hê.

(f) Alle aansoeke om addisionele vakversamelings is deur die Transvaalse Onderwysdepartement goedgekeur.

(g) Hoewel hoofde glo dat 'n groter getal vakversamelings wat Bybelkunde insluit tot voordeel van die vak se groei sal wees, doen die meerderheid van hoofde nie aansoek vir addisionele vakversamelings kragtens T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973 nie.

(h) Die oorgrote meerderheid hoofde (97,6%) is oortuig daarvan dat Bybelkunde leerlinge prinsipieel vorm en beter toerus vir die eise van ons tyd.

(i) Die oorgrote meerderheid hoofde is van mening dat die instelling van Bybelkunde by hul onderskeie skole ook die vak Godsdiensonderrig bevoordeel het. Dit het leerlinge se belangstelling in Godsdiensonderrig verhoog.

(j) Hoewel 50% van die onderwysers wat vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied, Bybelkunde III geslaag het, het 30% geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad nie.

(k) Die oorgrote meerderheid hoofde het Bybelkunde by hul onderskeie skole ingestel op grond van die vormende waarde daarvan. 'n Ander belangrike oorweging vir die vak se instelling was om te voorsien in die behoefte van verdere studie daarin.

## 4.2 Vraelys B (Vergelyk Bylaag C)

Hierdie vraelys was gerig aan alle onderwysers wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Bybelkunde in standerd 10 gedurende 1975 (vgl. Bylaag C). Van die 31 skole wat tans Bybelkunde aanbied, het 30 skole hierdie vraelys voltooi en teruggestuur. Aangesien slegs een onderwyser per skool verantwoordelik is vir die vakaanbieding in standerd 10 is 'n totaal van 30 onderwysers hierby betrokke.

### *4.2.1 Verduideliking van tabel D: Besonderhede van Bybelkunde-onderwysers wat die vak in 1975 vir standerd 10-leerlinge aanbied*

(a) Teenoor a verskyn die getal en persentasie onderwysers wat lid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is.

(b) Teenoor b verskyn die getal en persentasie onderwysers wat lid van die Gereformeerde Kerk is.

(c) Teenoor c verskyn die getal en persentasie onderwysers wat lid van die Nederduits-Hervormde Kerk van Afrika is.

(d) Teenoor d verskyn die getal en persentasie onderwysers wat lid van die Apostoliese Geloofsending is.

(e) Teenoor e verskyn die getal en persentasie manlike personeel wat Bybelkunde aanbied.

(f) Teenoor f verskyn die getal en persentasie vroulike personeel wat Bybelkunde aanbied.

(g) Teenoor g verskyn die getal en persentasie onderwysers wat in besit van 'n universiteitsgraad is.

(h) Teenoor h verskyn die getal en persentasie onderwysers wat geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad het nie.

(i) Teenoor i verskyn die getal en persentasie onderwysers wat slegs Bybelkunde I geslaag het.

(j) Teenoor j verskyn die getal en persentasie onderwysers wat slegs Bybelkunde II geslaag het.

(k) Teenoor k verskyn die getal en persentasie onderwysers wat Bybelkunde III geslaag het.

(l) Teenoor l verskyn die getal en persentasie onderwysers wat akademiese opleiding in die algemene inleiding tot die Ou en Nuwe Testament gehad het.

(m) Teenoor m verskyn die getal en persentasie onderwysers wat akademiese opleiding in die Openbaringsgeskiedenis van die Ou en Nuwe Testament gehad het.

(n) Teenoor n verskyn die getal en persentasie onderwysers wat akademiese opleiding in die kultuurhistoriese agtergrondstudie van die Bybel gehad het.

(o) Teenoor o verskyn die getal en persentasie onderwysers wat akademiese opleiding in die Ou en Nuwe Testamentiese kanoniekstudie gehad het.

(p) Teenoor p verskyn die getal en persentasie onderwysers wat akademiese opleiding in die Christelike geloofs- en sedeleer gehad het.

(q) Teenoor q verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 'n onderwysdiploma verwerf het.

(r) Teenoor r verskyn die getal en persentasie onderwysers wat by die skool behulpsaam is met die werksaamhede van 'n kerklike jeugvereniging.

(s) Teenoor s verskyn die getal en persentasie onderwysers wat hul akademiese opleiding in Bybelkunde aan die P.U. vir C.H.O. gehad het.

(t) Teenoor t verskyn die getal en persentasie onderwysers wat hul akademiese opleiding in Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria gehad het.

(u) Teenoor u verskyn die getal en persentasie onderwysers wat hul akademiese opleiding in Bybelkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika gehad het.

(v) Teenoor v verskyn die getal en persentasie onderwysers wat hul akademiese opleiding in Bybelkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gehad het.

**Tabel D : Besonderhede van Bybelkunde-onderwysers wat die vak in 1975 vir standerd 10-leerlinge aanbied**

| Besonderhede | | Getal | % |
|---|---|---|---|
| a | (N.G. Kerk) | 18 | 60 |
| b | (Geref. Kerk) | 8 | 26,6 |
| c | (Ned.-Herv. Kerk) | 3 | 10 |
| d | (A.G.S.) | 1 | 3,3 |
| e | (Manlike personeel) | 25 | 83,3 |
| f | (Vroulike personeel) | 5 | 16,6 |
| g | (Universiteitsgraad) | 22 | 73,3 |
| h | (Geen akademiese opleiding in Byb.) | 3 | 10 |
| i | (Slegs Byb. I) | 2 | 6,6 |
| j | (Slegs Byb. II) | 8 | 26,6 |
| k | (Byb. III) | 17 | 56,6 |
| l | (Alg. inleiding tot O.T. en N.T.) | 27 | 90 |
| m | (Openbaringsgesk. van O.T. en N.T.) | 26 | 86,6 |
| n | (Kultuurhistoriese agtergrond) | 26 | 86,6 |
| o | (Kanoniekstudie, O.T. en N.T.) | 27 | 90 |
| p | (Christelike geloofs- en sedeleer) | 11 | 36,6 |
| q | (Besit onderwysdiploma) | 29 | 96,6 |
| r | (Kerklike jeugvereniging) | 13 | 43,3 |
| s | (U.P.) | 14 | 46,6 |
| t | (P.U. vir C.H.O.) | 9 | 30 |
| u | (UNISA) | 6 | 20 |
| v | (U.O.V.S.) | 1 | 3,3 |

**Afleidings**

(a) Dat 29 of 96,6% van die onderwysers wat in 1975 Bybelkunde vir standerd 10-leerlinge in Transvaalse sekondêre skole aanbied, lidmate van die drie Afrikaanse kerke is. Van hierdie onderwysers is 60% van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 26,6% van die Gereformeerde Kerk en 10% van die Nederduits-Hervormde Kerk van Afrika.

(b) Dit is hoofsaaklik manlike personeel wat Bybelkunde aanbied (83,3%).

(c) Van die onderwysers wat Bybelkunde aanbied, is 73,3% in besit van 'n universiteitsgraad.

(d) Van die onderwysers wat Bybelkunde aanbied, het 17 of 56,6% Bybelkunde III geslaag terwyl 3 of 10% geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad het nie.

(e) Hoewel tussen 86,6% en 90% van die Bybelkunde-onderwysers akademiese opleiding in die ander vier komponente van Bybelkunde gehad het, het slegs 36,6% akademiese opleiding in die Christelike geloofs- en sedeleer ontvang.

(f) Met die uitsondering van 1 onderwyser is 29 of 96,6% van die Bybelkunde onderwysers in besit van 'n onderwysdiploma.

(g) 43,3% van die onderwysers is by die skool behulpsaam met die werksaamhede van 'n kerklike jeugvereniging.

(h) 14 of 46,6% van die onderwysers het hul akademiese opleiding in Bybelkunde aan die P.U. vir C.H.O. ontvang, 9 of 30% aan die Universiteit van Pretoria, 6 of 20% aan die Universiteit van Suid-Afrika en 1 of 3,3% aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

**Gevolgtrekkings**

(a) Dit is bykans uitsluitlik beleidende manlike lidmate van die drie Afrikaanse kerke wat verantwoordelik is vir die onderrig van Bybelkunde aan verbondskinders. Verder is 43,3% van hierdie onderwysers ook behulpsaam met die werksaamhede van 'n kerklike jeugvereniging by die skool.

(b) Omdat 73,3% van die Bybelkunde-onderwysers in besit van 'n universiteitsgraad is en 96,6% 'n onderwysdiploma verwerf het, blyk dit op die oog af of hulle akademies en professioneel goed toegerus is vir hul taak. By nadere beskouing egter is dit ontstellend om te merk dat 10% geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad het nie, slegs 56,6% Bybelkunde III geslaag het en slegs 36,6% akademiese opleiding in Christelike geloofs- en sedeleer

ontvang het. Veral laasgenoemde feit is van die allergrootste belang as in ag geneem word dat 50% van die Bybelkundesillabus vir standerd 10 juis Christelike geloofs- en sedeleer voorskryf.

(c) Met die uitsondering van 1 onderwyser het 29 of 96,6% van die Bybelkunde-onderwysers hul akademiese opleiding aan Transvaalse universiteite ontvang. Die P.U. vir C.H.O. het bykans die helfte naamlik 46,6% van die huidige Bybelkunde-onderwysers gelewer.

*4.2.2 Verduideliking van tabel E: Ervaring van Bybelkunde-onderwysers*

(a) Onder a verskyn die gesamentlike aantal jare onderwyservaring van die 30 Bybelkunde-onderwysers en dan die gemiddelde jare onderwyservaring per onderwyser.

(b) Onder b verskyn die gesamentlike aantal jare ervaring in Bybelkunde-onderrig van die 30 onderwysers en dan die gemiddelde jare ervaring daarin per onderwyser.

**Tabel E : Ervaring van Bybelkunde-onderwysers**

| Besonderhede | (Onderwys-ervaring)<br>a | (Ervaring in Bybelkunde-onderrig)<br>b |
|---|---|---|
| Totale aantal jare gesamentlik | 214 | 70 |
| Gemiddelde per onderwyser | 7,1 | 2,3 |

**Afleiding**

(a) Bybelkunde-onderwysers het gemiddeld 7,1 jaar onderwyservaring en 2,3 jaar ervaring in die onderrig van Bybelkunde.

**Gevolgtrekking**

(a) Die gebrek aan ervaring in die onderrig van Bybelkunde moet toegeskryf word aan die feit dat Bybelkunde eers vanaf 1969 ingestel is en jaarliks nog by skole as nuwe vak ingevoer word.

(b) Die feit dat Bybelkunde-onderwysers gemiddeld slegs 7,1 jaar onderwys-ervaring het dui daarop dat hoofsaaklik van jong onderwysers se dienste gebruik gemaak word vir die vakaanbieding.

*4.2.3 Verduideliking van tabel F : Godsdiensonderrig en Bybelkunde*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie Bybelkunde-onderwysers wat ook verantwoordelik is vir die aanbieding van Godsdiensonderrig.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie Bybelkunde-onderwysers wat vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie skole wat Bybelkunde aanbied en ook 'n rapportsimbool of -persentasie vir Godsdiensonderrig toeken.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie Bybelkunde-onderwysers wat van mening is dat die instelling van Bybelkunde die standaard van Godsdiens-onderrig in die betrokke skole verhoog het.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie Bybelkunde-onderwysers wat van mening is dat die instelling van Bybelkunde die status van Godsdiensonderrig in die betrokke skole verhoog het.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie Bybelkunde-onderwysers wat van mening is dat die instelling van Bybelkunde die status van Godsdiensonderrig verlaag het.

**Tabel F : Godsdiensonderrig en Bybelkunde**

| | (Bied ook Godsdiensonderrig aan) a | (Aan meerderheid st. 6 en 7-leerlinge) b | (Rapportsimbool) c | (Standaard van Godsdiensonderrig verhoog) d | (Status van Godsdiensonderrig verhoog) e | (Status van Godsdiensonderrig verlaag) f |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 24 | 6 | 28 | 28 | 28 | 0 |
| % | 80 | 20 | 93,3 | 93,3 | 93,3 | 0 |

**Afleidings**

(a) 80% van die Bybelkunde-onderwysers bied ook Godsdiensonderrig aan.

(b) Slegs 20% van die Bybelkunde-onderwysers bied vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge Godsdiensonderrig in die betrokke skool aan.

(c) By 93,3% van die skole wat Bybelkunde aanbied word 'n rapportsimbool of -persentasie vir Godsdiensonderrig toegeken.

(d) 93,3% van die Bybelkunde-onderwysers is van mening dat die instelling van Bybelkunde by die betrokke skole die standaard en status van Godsdiensonderrig verhoog het.

(e) Geen Bybelkunde-onderwyser is van mening dat die instelling van Bybelkunde by die betrokke skole die status van Godsdiensonderrig verlaag het nie.

**Gevolgtrekkings**

(a) Die feit dat 80% Bybelkunde-onderwysers ook Godsdiensonderrig aanbied, is verblydend. Ongelukkig bied slegs 20% van die Bybelkunde-onderwysers vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge Godsdiensonderrig aan. Verder is uit tabel B by paragraaf (e) afgelei dat 30% van die onderwysers wat vir die meerderheid standerd 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied geen akademiese opleiding in Bybelkunde ontvang het nie. Dit beteken dat die geleenthede nie volledig benut word om 'n onderwyser met akademiese opleiding in Bybelkunde en/of daarvoor verantwoordelik, te gebruik vir die aanbieding van Godsdiensonderrig aan standerd 6 en 7-leerlinge nie. Sodoende is in die oorgrote meerderheid standerd 6 en 7 Godsdiensonderrigklasse nie onderwysers wat gesaghebbend leerlinge kan voorlig en lei t.o.v. die moontlike keuse van Bybelkunde in die daaropvolgende standerd 8-jaar nie.

(b) Dit is die oorwoë mening van Bybelkunde-onderwysers dat die instelling van Bybelkunde die standaard en status van Godsdiensonderrig by die betrokke skole verhoog het. Geen onderwyser is van mening dat daardeur die status van Godsdiensonderrig verlaag is nie.

*4.2.4 Verduideliking van tabel G : Aantal Bybelkunde- en Godsdiensonderrig-onderwysers per skool*

(a) Onder a verskyn die totale getal onderwysers wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Bybelkunde vanaf standerd 8 tot 10 by die betrokke 30 skole en die gemiddelde aantal Bybelkunde-onderwysers per skool.

(b) Onder b verskyn die totale getal onderwysers wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Godsdiensonderrig vanaf standerd 6 tot 10. By die betrokke 30 skole en die gemiddelde aantal Godsdiensonderrig-onderwysers per skool.

**Tabel G : Aantal Bybelkunde- en Godsdiensonderrig-onderwysers per skool**

| | (Bybelkunde) a | (Godsdiensonderrig) b |
|---|---|---|
| Totale aantal onderwysers | 34 | 153 |
| Gemiddelde aantal onderwysers per skool | 1,1 | 5,1 |

**Afleiding**

(a) Dat die betrokke 30 skole van gemiddeld 1,1 en 5,1 onderwysers gebruik maak vir die aanbieding van onderskeidelik Bybelkunde en Godsdiensonderrig.

**Gevolgtrekking**

(a) Dat die vakeenheid in beide Bybelkunde en Godsdiensonderrig by die betrokke 30 skole bewaar word en die vak nie versnipper word deur dit tussen te veel onderwysers te verdeel nie.

*4.2.5 Verduideliking van tabel H : Hulpmiddele vir die onderrig van Bybelkunde*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie onderwysers wat oor 'n eie vaklokaal vir Bybelkunde beskik.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie onderwysers wat in die klaskamer oor 'n Bybel vir elke leerling beskik.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie onderwysers wat in die klaskamer oor 'n Bybelatlas vir elke leerling beskik.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie onderwysers wat oor 'n goedgekeurde handboek vir elke standerd 9 en 10-leerling beskik.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie onderwysers wat die Bybel met Verklarende Aantekeninge permanent in die klaskamer beskikbaar het.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 'n Bybelkonkordansie permanent in die klaskamer beskikbaar het.

(g) Onder g verskyn die getal en persentasie onderwysers wat beweer dat al hul standerd 10-leerlinge die Bybelkonkordansie korrek kan gebruik.

(h) Onder h verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 'n Bybelse kommentaar permanent in die klaskamer beskikbaar het.

(i) Onder i verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 'n Bybelse Ensiklopedie(ë) permanent in die klaskamer beskikbaar het.

(j) Onder j verskyn die getal en persentasie onderwysers wat oor die permanente gebruik van 'n truprojektor in die klaskamer beskik.

(k) Onder k verskyn die getal en persentasie onderwysers wat oor volledige aardrykskundige muurkaarte van die Bybellande in die klaskamer beskik.

(l) Onder l verskyn die getal en persentasie onderwysers wat beweer dat die skoolbiblioteek oor voldoende naslaanwerke vir Bybelkunde beskik.

**Tabel H : Hulpmiddele vir die onderrig van Bybelkunde**

| | (Vaklokaal) a | (Bybel) b | (Bybelatlas) c | (Handboek) d | (Bybel met Verkl. Aant.) e | (Bybelkonkordansie) f | (Gebruik van f.) g | (Bybelse kommentaar) h | (Bybelse Ensiklopedie) i | (Truprojektor) j | (Muurkaarte) k | (Skoolbiblioteek) l |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 28 | 30 | 10 | 28 | 18 | 14 | 17 | 6 | 16 | 17 | 11 | 21 |
| % | 93,3 | 100 | 33,3 | 93,3 | 60 | 46,6 | 56,6 | 20 | 53,3 | 56,6 | 36,6 | 70 |

**Afleidings**

(a) Vir Bybelkunde-onderwysers is oorwegend permanente vaklokale beskikbaar aangesien 28 of 93,3% daaroor beskik.

(b) Elke leerling wat Bybelkunde neem, het 'n Bybel permanent beskikbaar in die klaskamer.

(c) 93,3% van die standerd 9 en 10-leerlinge wat Bybelkunde neem, het 'n goedgekeurde handboek beskikbaar.

(d) Slegs 10 of 33,3% onderwysers beskik in die klaskamer oor 'n Bybelatlas vir elke leerling.

(e) 60% van die onderwysers het 'n Bybel met Verklarende Aantekeninge in die klaskamer beskikbaar.

(f) 46,6% van die onderwysers het 'n Bybelkonkordansie permanent in die klaskamer beskikbaar terwyl 56,6% van die onderwysers beweer dat standerd 10-leerlinge die Bybelkonkordansie korrek kan gebruik.

(g) Slegs 6 of 20% onderwysers het 'n Bybelse kommentaar permanent in die klaskamer beskikbaar.

(h) 53,3% van die onderwysers het 'n Bybelse Ensiklopedie permanent in die klaskamer beskikbaar.

(i) 56,6% van die onderwysers beskik oor die permanente gebruik van 'n truprojektor in die klaskamer.

(j) 36,6% van die onderwysers het volledige aardrykskundige muurkaarte van die Bybellande in die klaskamer beskikbaar.

(k) 70% onderwysers beweer dat die skoolbiblioteek oor voldoende naslaanwerke vir Bybelkunde beskik.

**Gevolgtrekkings**

(a) Dit is besonder verblydend dat elke Bybelkunde-leerling permanent oor 'n Bybel in die klaskamer beskik.

(b) Ook is dit verblydend dat 28 of 93,3% van die Bybelkunde-onderwysers oor 'n eie permanente vaklokaal beskik.

(c) Dit blyk egter duidelik dat 'n groot hoeveelheid onderwysers nie permanent in die klaskamer die volgende beskikbaar het nie:

* Bybel met Verklarende Aantekeninge (40%);
* 'n Bybelkonkordansie (53,3%);
* 'n Bybelse kommentaar (80%);
* 'n Bybelse Ensiklopedie (46,7%);
* 'n truprojektor (43,3%);
* volledige aardrykskundige muurkaarte van die Bybellande (63,4%).

(d) Dit is ontstellend dat 66,6% Bybelkunde-leerlinge nie beskik oor 'n Bybelatlas nie.

(e) Oor die algemeen blyk dit dat skoolbiblioteke oor voldoende naslaanwerke vir Bybelkunde beskik hoewel dit in 30% nie die geval is nie.

*4.2.6 Verduideliking van tabel I : Organisasie van Bybelkunde*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie onderwysers wat oor die nuwe Bybelkundesillabus beskik.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie onderwysers wat oor 'n volledige werkskema, gebaseer op die nuwe Bybelkundesillabus, beskik.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie onderwysers wat oor 'n duidelike en volledige vakbeleid vir Bybelkunde beskik.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie onderwysers wat voorbereiding vir Bybelkunde in 'n afsonderlike boek onderneem.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie onderwysers wat weekliks verslag doen oor die afhandeling van die werkskema.

**Tabel I : Organisasie van Bybelkunde**

| | (Nuwe Byb. sillabus) a | (Volledige werk-skema) b | (Volledige vak-beleid) c | (Voorbereiding) d | (Weeklikse verslag) e |
|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 30 | 23 | 27 | 26 | 29 |
| % | 100 | 76,6 | 90 | 86,6 | 96,6 |

**Afleidings**

(a) Alle onderwysers beskik oor die nuwe Bybelkundesillabus.

(b) 76,6% van die onderwysers beskik oor 'n volledige werkskema, gebaseer op die nuwe Bybelkundesillabus.

(c) 90% van die onderwysers beskik oor 'n duidelike en volledige vakbeleid vir Bybelkunde.

(d) 86,6% van die onderwysers onderneem voorbereiding vir Bybelkunde in 'n afsonderlike boek.

(e) 96,6% van die onderwysers doen weekliks verslag oor die afhandeling van die werkskema.

**Gevolgtrekkings**

(a) Oor die algemeen beskou, blyk dit dat Bybelkunde behoorlik georganiseer is deur die betrokke onderwysers.

(b) As in aanmerking geneem word dat die werkskema 'n verwerking van die sillabus tot 'n sinvolle werkbeplanning vir die betrokke standerd en jaar is, ontstel dit egter dat 23,4% van die onderwysers dit nog nie onderneem het nie.

*4.2.7 Verduideling van tabel J: Die Bybelkundesillabus*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie onderwysers wat tevrede is dat die "Grondslag" van Bybelkunde soos gestel in die sillabus korrek is.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie onderwysers wat tevrede is met die "Algemene Doelstelling" wat vir Bybelkunde in die sillabus geformuleer is.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie onderwysers wat tevrede is met die "Benadering" van Bybelkunde soos in die sillabus geformuleer.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie onderwysers wat heeltemal tevrede is met die voorgeskrewe inhoud van die Bybelkundesillabus.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie onderwysers wat nie heeltemal tevrede is met die voorgeskrewe inhoud van die Bybelkundesillabus nie.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie onderwysers wat heeltemal ontevrede is met die voorgeskrewe inhoud van die Bybelkundesillabus.

**Tabel J : Die Bybelkundesillabus**

| | a (Grondslag) | b (Algemene doelstelling) | c (Benadering) | d (Heeltemal tevrede) | e (Nie heeltemal tevrede) | f (Heeltemal ontevrede) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 29 | 30 | 30 | 20 | 10 | 0 |
| % | 96,6 | 100 | 100 | 66,6 | 33,3 | 0 |

**Afleidings**

(a) 96,6% van die onderwysers is tevrede dat die "Grondslag" van Bybelkunde soos geformuleer in die sillabus korrek is. Slegs 1 onderwyser het beweer dat die grondslag meer Christosentries geformuleer behoort te word.

(b) Alle onderwysers is tevrede met die formulering van die "Algemene Doelstelling" en "Benadering" van Bybelkunde soos geformuleer in die sillabus.

(c) 66,6% van die onderwysers is heeltemal tevrede met die voorgeskrewe inhoud van die Bybelkundesillabus, 33,3% is nie heeltemal tevrede nie terwyl geen onderwyser heeltemal ontevrede daaroor is nie.

**Gevolgtrekkings**

(a) Met die uitsondering van 1 onderwyser wat van mening is dat die grondslag vir Bybelkunde meer Christosentries geformuleer behoort te word, is alle onderwysers tevrede met die formulering in die sillabus van die grondslag, algemene doelstelling en benadering van Bybelkunde.

(b) Hoewel 66,6% van die onderwysers heeltemal tevrede is met die voorgeskrewe inhoud van die Bybelkundesillabus is 33,3% nie heeltemal tevrede daarmee nie. Uit gesprekke met meeste van laasgenoemde persentasie onderwysers blyk dat hulle geen prinsipiële beswaar teen die voorgeskrewe inhoud het nie maar bloot voel dat die inhoud té wyd en omvattend is.

**Opmerking**

Vrae is ook aan onderwysers gestel of enige leerlinge of ouers beswaar gemaak het teen die grondslag, algemene doelstelling en benadering van Bybelkunde, en indien wel, hoeveel leerlinge en ouers daarteen beswaar gemaak het. Uit die antwoorde hierop blyk dat geen leerlinge of ouers teen enige van genoemde aspekte beswaar gemaak het nie.

*4.2.8 Verduideliking van tabel K : Huiswerk, klastoetse en kontrole in Bybelkunde*

(a) Onder a is die vraag gestel na hoe dikwels vir leerlinge in Bybelkunde huiswerk gegee word.

- a(i) is die getal en persentasie onderwysers wat elke periode huiswerk gee.
- a(ii) is die getal en persentasie onderwysers wat weekliks huiswerk gee.
- a(iii) is die getal en persentasie onderwysers wat tweeweekliks huiswerk gee.
- a(iv) is die getal en persentasie onderwysers wat nooit huiswerk gee nie.

(b) Onder b is die vraag gestel na hoe dikwels klastoetse in Bybelkunde gegee word.

- b(i) is die getal en persentasie onderwysers wat weekliks klastoetse gee.
- b(ii) is die getal en persentasie onderwysers wat tweeweekliks klastoetse gee.
- b(iii) is die getal en persentasie onderwysers wat maandeliks klastoetse gee.
- b(iv) is die getal en persentasie onderwysers wat kwartaalliks klastoetse gee.
- b(v) is die getal en persentasie onderwysers wat nooit klastoetse gee nie.

(c) Onder c is die vraag gestel na waaruit klastoetse hoofsaaklik bestaan.

- c(i) is die getal en persentasie onderwysers wat slegs van kortvrae gebruik maak.
- c(ii) is die getal en persentasie onderwysers wat van kortvrae en paragrawe gebruik maak.
- c(iii) is die getal en persentasie onderwysers wat slegs van paragrawe gebruik maak.
- c(iv) is die getal en persentasie onderwysers wat van paragrawe en langvrae gebruik maak.
- c(v) is die getal en persentasie onderwysers wat slegs van langvrae gebruik maak.
- c(vi) is die getal en persentasie onderwysers wat van langvrae en kortvrae gebruik maak.
- c(vii) is die getal en persentasie onderwysers wat van langvrae, kortvrae en paragrawe gebruik maak.

(d) Onder d is die vraag gestel na hoe dikwels skriftelike werk van leerlinge deur onderwysers gekontroleer word en 'n paraaf en datum by die kontrole geplaas word.

- d(i) is die getal en persentasie onderwysers wat weekliks kontroleer.
- d(ii) is die getal en persentasie onderwysers wat tweeweekliks kontroleer.

- d(iii) is die getal en persentasie onderwysers wat maandeliks kontroleer.

- d(iv) is die getal en persentasie onderwysers wat kwartaalliks kontroleer.

- d(v) is die getal en persentasie onderwysers wat nooit kontroleer nie.

(e) Onder e is die vraag gestel na watter persentasie skriftelike werk van leerlinge intensief deur die onderwyser nagesien word met die aanduiding van leemtes in die werk.

- e(i) is die getal en persentasie onderwysers wat geen werk intensief nasien nie.

- e(ii) is die getal en persentasie onderwysers wat 1% – 25% werk intensief nasien.

- e(iii) is die getal en persentasie onderwysers wat 26% – 50% werk intensief nasien.

- e(iv) is die getal en persentasie onderwysers wat 51%–75% werk intensief nasien.

- e(v) is die getal en persentasie onderwysers wat 76% – 100% werk intensief nasien.

Tabel K : Huiswerk, klastoetse en kontrole in Bybelkunde

| | (Huiswerk) a | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Elke periode | Weekliks | Tweeweekliks | Nooit |
| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) |
| Getal | 23 | 5 | 2 | 0 |
| % | 76,6 | 16,6 | 6,6 | 0 |

| | (Klastoetse) b | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Weekliks | Tweeweekliks | Maandeliks | Kwartaalliks | Nooit |
| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) |
| Getal | 11 | 9 | 10 | 0 | 0 |
| % | 36,6 | 30 | 33,3 | 0 | 0 |

| | (Inhoud van klastoetse) c | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Slegs kortvrae | Kortvrae & paragr. | Slegs paragrawe | Paragrawe & langvrae | Slegs langvrae | Langvrae & kortvrae | lang-, kortvrae & paragrawe |
| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) | (vi) | (vii) |
| Getal | 0 | 5 | 0 | 2 | 0 | 2 | 21 |
| % | 0 | 16,6 | 0 | 6,6 | 0 | 6,6 | 70 |

| | (Kontrole) d | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Weekliks | Tweeweekliks | Maandeliks | Kwartaalliks | Nooit |
| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) |
| Getal | 14 | 15 | 1 | 0 | 0 |
| % | 46,6 | 50 | 3,3 | 0 | 0 |

| | (Intensiewe nasien) e | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | 1% – 25% | 26% – 50% | 51% – 75% | 76% – 100% |
| | (i) | (ii) | (iii) | (iv) | (v) |
| Getal | 0 | 11 | 9 | 6 | 4 |
| % | 0 | 36,6 | 30 | 20 | 13,3 |

Afleidings

(a) 76,6% van die onderwysers gee elke periode huiswerk aan leerlinge.

(b) 16,6% van die onderwysers gee weekliks huiswerk aan leerlinge.

(c) 6,6% van die onderwysers gee tweeweekliks huiswerk aan leerlinge.

(d) 36,6% van die onderwysers gee weekliks klastoetse.

(e) 30% van die onderwysers gee tweeweekliks klastoetse.

(f) 33% van die onderwysers gee maandeliks klastoetse.

(g) 70% van die onderwysers maak hoofsaaklik van langvrae, kortvrae en paragrawe gebruik tydens klastoetse.

(h) 16,6% van die onderwysers maak hoofsaaklik van kortvrae en paragrawe gebruik tydens klastoetse.

(i) 6,6% van die onderwysers maak hoofsaaklik van paragrawe en langvrae gebruik tydens klastoetse.

(j) 6,6% van die onderwysers maak hoofsaaklik van langvrae en kortvrae gebruik tydens klastoetse.

(k) 50% van die onderwysers kontroleer tweeweekliks skriftelike werk van leerlinge.

(l) 46,6% van die onderwysers kontroleer weekliks skriftelike werk van leerlinge.

(m) 3,3% van die onderwysers kontroleer maandeliks skriftelike werk van leerlinge.

(n) 36,6% van die onderwysers sien 1%–25% van leerlinge se skriftelike werk intensief na en dui leemtes daarin aan.

(o) 30% van die onderwysers sien 26% – 50% van leerlinge se skriftelike werk intensief na en dui leemtes daarin aan.

(p) 20% van die onderwysers sien 51–75% van leerlinge se skriftelike werk intensief na en dui leemtes daarin aan.

(q) 13,3% van die onderwysers sien 76% – 100% van leerlinge se skriftelike werk intensief na en dui leemtes daarin aan.

Gevolgtrekkings

(a) Huiswerk word gereeld in Bybelkunde gegee as in aanmerking geneem word dat 76,6% van die onderwysers elke periode, en 16,6% weekliks, huiswerk as tuisopdragte aan leerlinge gee.

(b) Klastoetse word gereeld in Bybelkunde geskryf as in aanmerking geneem word dat 36,6% onderwysers weekliks, 30% tweeweekliks en 33% maandeliks klastoetse laat aflê.

(c) Klastoetse bestaan hoofsaaklik uit langvrae, kortvrae en paragrawe as in aanmerking geneem word dat 70% van die onderwysers hierdie kombinasie van verskillende tipes vrae tydens klastoetse gebruik.

(d) Die feit dat 30% egter nie van hierdie kombinasie gebruik maak nie beteken dat leerlinge nie ook tydens klastoetse die geleentheid kry om al die tipes vrae te beantwoord wat die sillabus vir die eindeksamen voorskryf nie.

(e) Oor die algemeen beskou, blyk dit dat skriftelike werk van leerlinge gereeld gekontroleer word as in aanmerking geneem word dat 46,6% van die onderwysers weekliks, en 50% tweeweekliks, kontroleer. Die feit dat daar tog 3,3% onderwysers is wat maandeliks kontroleer is teleurstellend as in ag geneem word dat in Bybelkunde 28 periodes na 'n maand verloop het.

(f) Die feit dat slegs 13,3% van die onderwysers 76% – 100% van leerlinge se werk intensief nasien en leemtes daarin aadui, wek kommer. Veral as in ag geneem word dat die oorgrote meerderheid, naamlik 36,6%, slegs 1%–25% leerlingwerk intensief nasien is die persentasie betekenisvol. Hieruit blyk dat hoewel huiswerk (wat ook skriftelike werk insluit) besonder gereeld gegee word, die intensiewe nasien daarvan grootliks nagelaat word.

*4.2.9 Verduideliking van tabel L : Bybelkunde-aantekeninge en selfwerksaamheid van leerlinge*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie onderwysers wat afgerolde aantekeninge aan leerlinge verskaf.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie onderwysers wat jaarliks 1–10 bladsye afgerolde aantekeninge verskaf.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie onderwysers wat jaarliks 11–20 bladsye afgerolde aantekeninge verskaf.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie onderwysers wat jaarliks 21–30 bladsye afgerolde aantekeninge verskaf.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie onderwysers wat jaarliks 30+ bladsye afgerolde aantekeninge verskaf.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie onderwysers wat aantekeninge vir hul leerlinge dikteer.

(g) Onder g verskyn die getal en persentasie onderwysers wat weekliks aantekeninge vir hul leerlinge dikteer.

(h) Onder h verskyn die getal en persentasie onderwysers wat maandeliks aantekeninge vir hul leerlinge dikteer.

(i) Onder i verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 1–5 langvrae jaarliks selfstandig deur leerlinge laat voltooi het.

(j) Onder j verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 5–10 langvrae jaarliks selfstandig deur leerlinge laat voltooi het.

(k) Onder k verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 10+ langvrae jaarliks selfstandig deur leerlinge laat voltooi het.

(l) Onder l verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 1–10 paragrawe jaarliks selfstandig deur leerlinge laat voltooi het.

(m) Onder m verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 11–20 paragrawe jaarliks selfstandig deur leerlinge laat voltooi het.

(n) Onder n verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 20 + paragrawe jaarliks selfstandig deur leerlinge laat voltooi het.

(o) Onder o verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 1–40 kortvrae jaarliks selfstandig deur leerlinge laat beantwoord het.

(p) Onder p verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 41–50 kortvrae jaarliks selfstandig deur leerlinge laat beantwoord het.

(q) Onder q verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 51–100 kortvrae jaarliks selfstandig deur leerlinge laat beantwoord het.

(r) Onder r verskyn die getal en persentasie onderwysers wat 100+ kortvrae jaarliks selfstandig deur leerlinge laat beantwoord het.

**Tabel L : Bybelkunde-aantekeninge en selfwerksaamheid van leerlinge**

| | (Afgerolde aantekeninge) a | (1–10 blse afger. aantekeninge) b | (11–20 blse afger. aant.) c | (21–30 blse afger. aant. d | (30+ blse. afger. aant. e | (Dikteer aant.) f | (Dikteer weekliks) g | (Dikteer maandeliks) h | (1–5 langvrae) i | (5–10 langvrae) j | (10+ langvrae) k | (1–10 paragr.) l | (11–20 paragrawe) m | (20+ paragrawe) n | (1–40 kortvrae) o | (41–50 kortvrae) p | (51–100 kortvrae) q | (100+ kortvrae) r |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 27 | 2 | 3 | 2 | 20 | 6 | 3 | 3 | 5 | 6 | 19 | 3 | 9 | 18 | 1 | 2 | 8 | 19 |
| % | 90 | 6,6 | 10 | 6,6 | 66,6 | 20 | 10 | 10 | 16,6 | 20 | 63,3 | 10 | 30 | 60 | 3,3 | 6,6 | 26,6 | 63,3 |

**Afleidings**

(a) 90% onderwysers verskaf afgerolde aantekeninge aan leerlinge.

(b) 66,6% onderwysers verskaf jaarliks 30+ bladsye afgerolde aantekeninge aan leerlinge.

(c) 20% onderwysers dikteer aantekeninge aan hul leerlinge.

(d) 10% onderwysers dikteer weekliks aantekeninge aan hul leerlinge.

(e) 10% onderwysers dikteer maandeliks aantekeninge aan hul leerling.

(f) 63,3% onderwysers laat jaarliks 10+ langvrae selfstandig deur leerlinge voltooi.

(g) 20% onderwysers laat jaarliks 5–10 langvrae selfstandig deur leerlinge voltooi.

(h) 16,6% onderwysers laat jaarliks 1–5 langvrae selfstandig deur leerlinge voltooi.

(i) 60% onderwysers laat jaarliks 20+ paragrawe selfstandig deur leerlinge voltooi.

(j) 30% onderwysers laat jaarliks 11–20 paragrawe selfstandig deur leerlinge voltooi.

(k) 10% onderwysers laat jaarliks 1–10 paragrawe selfstandig deur leerlinge voltooi.

(l) 63,3% onderwysers laat jaarliks 100+ kortvrae selfstandig deur leerlinge voltooi.

(m) 26,6% onderwysers laat jaarliks 51–100 kortvrae selfstandig deur leerlinge voltooi.

(n) 6,6% onderwysers laat jaarliks 41–50 kortvrae selfstandig deur leerlinge voltooi.

(o) 3,3% onderwysers laat jaarliks 1–40 kortvrae selfstandig deur leerlinge voltooi.

**Gevolgtrekkings**

(a) Die verskaffing van afgerolde aantekeninge blyk algemene praktyk te wees in die lig van die feit dat 90% onderwysers jaarliks 30+ bladsye afgerolde aantekeninge aan leerlinge verskaf.

(b) Dit is verblydend dat 80% onderwysers nie aantekeninge aan leerlinge dikteer nie. Van die 20% onderwysers wat wel aantekeninge dikteer doen 10% dit weekliks en 10% dit maandeliks.

(c) Op die oog af blyk dit dat leerlinge voldoende geleentheid tot selfwerksaamheid kry omdat 63,3% onderwysers jaarliks 10+ langvrae selfstandig deur leerlinge laat voltooi, 60% onderwysers jaarliks 20+ paragrawe selfstandig deur leerlinge laat voltooit, en 63,3% onderwysers jaarliks 100+ kortvrae selfstandig deur leerlinge laat beantwoord.

(d) Die feit dat soveel selfstandige skriftelike werk jaarliks deur leerlinge voltooi word beklemtoon egter die kommer wat oor die gebrek aan intensiewe nasien uitgespreek is by gevolgtrekking f na aanleiding van tabel K.

(e) Daarteenoor is dit egter onrusbarend om te merk dat 16,6% van die onderwysers jaarliks slegs 1–5 langvrae selfstandig deur leerlinge laat voltooi, 10% onderwysers jaarliks slegs 1–10 paragrawe selfstandig deur leerlinge laat skryf, en 10% onderwysers jaarliks slegs 1–50 kortvrae selfstandig deur leerlinge laat beantwoord. In die lig van die feit dat so 'n groot persentasie (90%) onderwysers soveel (30+ bladsye) afgerolde aantekeninge jaarliks aan leerlinge verskaf kan daarop dui dat 'n betekenisvolle persentasie onderwysers leerlinge van selfwerksaamheid as selfstandige vinding, uitvinding en formulering weerhou tot nadeel van leerlinge en die vak.

*4.2.10 Verduideliking van tabel M : Aanbiedingsgesindheid teenoor Bybelkunde, inspeksie, voorligting en nuwe bedeling*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie onderwysers wat beweer dat hulle die aanbieding van Bybelkunde geniet.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie onderwysers by wie die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) sedert 1973 inspeksie uitgevoer het.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie onderwysers aan wie die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) sedert 1973 persoonlik leiding gegee het met die aanbieding van Bybelkunde.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie onderwysers wat die Transvaalse Onderwysdepartement se oriënteringskursus in Bybelkunde gedurende 1974 bygewoon het.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie onderwysers vir wie hul bywoning van die oriënteringskursus 'n groot hulp met die vakaanbieding was.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie onderwysers vir wie hul bywoning van die oriënteringskursus weinig hulp met die vakaanbieding meegebring het.

(g) Onder g verskyn die getal en persentasie onderwysers vir wie hul bywoning van die oriënteringskursus geen hulp met die vakaanbieding meegebring het nie.

(h) Onder h verskyn die getal en persentasie onderwysers wat glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak nou vanaf standerd 8 geneem kan word.

(i) Onder i verskyn die getal en persentasie onderwysers wat glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak nou ook op hoërgraadvlak geneem kan word.

(j) Onder j verskyn die getal en persentasie onderwysers wat glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat vanaf November 1975 in die eindeksamen slegs oor die standerd 10-jaar se werk geëksamineer word.

Tabel M : Aanbiedingsgesindheid teenoor Bybelkunde, inspeksie, voorligting en nuwe bedeling

| | (Geniet aanbieding) a | (Inspeksie uitgevoer) b | (Persoonlike leiding) c | (Oriënteringskursus bygewoon) d | (Van groot hulp) e | (Van weinig hulp) f | (Van geen hulp) g | (Byb. vanaf st. 8) h | (Ook op hoërgraad vlak) i | (Eksamineer slegs st. 10-werk) j |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 30 | 20 | 24 | 26 | 23 | 3 | 0 | 29 | 30 | 30 |
| % | 100 | 66,6 | 80 | 86,6 | 88,4 | 11,6 | 0 | 96,6 | 100 | 100 |

**Afleidings**

(a) Alle onderwysers wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Bybelkunde beweer dat dit vir hulle 'n genot is.

(b) Die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) het sedert 1973 by 66,6% van die Bybelkunde-onderwysers inspeksie uitgevoer.

(c) Die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) het sedet 1973 aan 80% van die Bybelkunde-onderwysers persoonlik leiding gegee met die aanbieding van Bybelkunde.

(d) 86,6% van die Bybelkunde-onderwysers het die Transvaalse Onderwysdepartement se oriënteringskursus in Bybelkunde gedurende 1974 bygewoon.

(e) Van die onderwysers wat die oriënteringskursus in Bybelkunde bygewoon het beweer 88,4% dat dit vir hulle van groot hulp was met die vakaanbieding.

(f) Van die onderwysers wat die oriënteringskursus in Bybelkunde bygewoon het, beweer 11,6% dat dit vir hulle van weinig hulp was met die vakaanbieding.

(g) 96,6% van die onderwysers glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak nou vanaf standerd 8 geneem kan word.

(h) Alle onderwysers glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak nou ook op hoërgraadvlak geneem kan word.

(i) Alle onderwysers glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat vanaf November 1975 in die eindeksamen slegs oor die standerd 10-jaar se werk geëksamineer word.

**Gevolgtrekkings**

(a) Die feit dat alle Bybelkunde-onderwysers die vakaanbieding geniet dui op 'n algehele positiewe gesindheid teenoor die vak, arbeidsvreugde en behoort ouers, kinders, onderwyshoofde en die Kerk tot dankbaarheid te stem.

(b) Die feit dat die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) sedert 1973 by 66,6% van die Bybelkunde-onderwysers inspeksie uitgevoer het en aan 80% persoonlike leiding met die vakaanbieding gegee het, dui op 'n baie hoë mate van toesig en leiding in hierdie vak deur die Inspektoraat. Hierdie persentasies is sekerlik nog hoër as personeelwisseling gedurende die afgelope twee jaar in aanmerking geneem word.

(c) Die feit dat 86,6% van die onderwysers die Transvaalse Onderwysdepartement se oriënteringskursus in Bybelkunde bygewoon het beteken dat hierdie hoë persentasie voorligting en leiding ontvang het met die oog op die implementering van die nuwe Bybelkundesillabus.

(d) Hoewel 88,4% van die onderwysers wat die oriënteringskursus in Bybelkunde bygewoon het beweer dat dit vir hulle van groot hulp met die vakaanbieding was, is daar tog 11,6% wat beweer dat dit vir hulle van weinig hulp was. In die lig van die finansiële- en tydsbesteding verbonde aan die aanbieding van sodanige oriënteringskursusse behoort menings soos van hierdie 11,6% onderwysers opgevolg te word met die oog op regstelling en/of verbetering.

(e) Die feit dat 96,6% van die onderwysers glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak vanaf Januarie 1973 vanaf standerd 8, i.p.v. standerd 9, geneem kan word is betekenisvol. Verder, en nog meer betekenisvol is die feit dat alle onderwysers glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak vanaf November 1975 ook op die hoërgraadvlak en in die eindeksamen slegs oor die standerd 10-jaar se werk geëksamineer sal word. By implikasie beteken dit dat hierdie

persentasies onderwysers meen dat die toestand vanaf 1969 tot en met die toegewing van hierdie drie aspekte as nuwe bedeling vir Bybelkunde, nie in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak was nie. Tot watter mate egter die bedeling vir Bybelkunde t.o.v. hierdie drie aspekte voor regstelling skadelik was, is moeilik te bepaal. Feit is dat Bybelkunde vanaf datum van instelling nie die geleenthede vir voornemende kandidate kon bied wat tans die geval is nie.

*4.2.11 Verduideliking van tabel N : Metodes by die aanbieding van Bybelkunde*

(a) Onder a verskyn die persentasie onderwysers wat vir elke periode van die genoemde metodes gebruik maak vir die aanbieding van Bybelkunde.

(b) Onder b verskyn die persentasie onderwysers wat vir 5 of 6 periodes weekliks van die genoemde metodes gebruik maak vir die aanbieding van Bybelkunde.

(c) Onder c verskyn die persentasie onderwysers wat vir 3 of 4 periodes weekliks van die genoemde metodes gebruik maak vir die aanbieding van Bybelkunde.

(d) Onder d verskyn die persentasie onderwysers wat vir 1 of 2 periodes weekliks gebruik maak van die genoemde metodes vir die aanbieding van Bybelkunde.

(e) Onder e verskyn die persentasie onderwysers wat tweeweekliks gebruik maak van die genoemde metodes vir die aanbieding van Bybelkunde.

(f) Onder f verskyn die persentasie onderwysers wat maandeliks gebruik maak van die genoemde metodes vir die aanbieding van Bybelkunde.

(g) Onder g verskyn die persentasie onderwysers wat nooit van genoemde metodes gebruik maak vir die aanbieding van Bybelkunde nie.

Tabel N : Metodes by die aanbieding van Bybelkunde

| | | a (Elke periode) | b (5 of 6 periodes weekliks) | c (3 of 4 periodes weekliks) | d (1 of 2 periodes weekliks) | e Tweeweekliks | f Maandeliks | g (Nooit) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | % | % | % | % | % | % |
| (i) | Verhalende metode vir die hele periode | 6,6 | 6,6 | 23,3 | 33,3 | 3,3 | 6,6 | 20 |
| (ii) | Vooraf beplande klasbesprekings van deur leerling-voorbereide leerstof | 0 | 0 | 3,3 | 33,3 | 26,6 | 26,6 | 10 |
| (iii) | Herhalende metode met geleentheid vir onbeplande klasbesprekings | 10 | 6,6 | 23,3 | 40 | 3,3 | 3,3 | 13,3 |
| (iv) | Gebruik van skryfbord of truprojektor vir skematisering | 40 | 26,6 | 26,6 | 6,6 | 0 | 0 | 0 |
| (v) | Gebruik van die Bybel deur leerlinge in die klaskamer | 63,3 | 16,6 | 16,6 | 3,3 | 0 | 0 | 0 |
| (vi) | Gebruik van die Bybel met Verklarende Aantekeninge deur die onderwyser of leerlinge | 6,6 | 6,6 | 10 | 33,3 | 13,3 | 13,3 | 16,6 |
| (vii) | Voorlesing uit handboeke deur die onderwyser in die klaskamer | 3,3 | 3,3 | 0 | 26,6 | 10 | 0 | 56,6 |
| (viii) | Beantwoording van gestelde kortvrae deur leerlinge in die klaskamer | 33,3 | 13,3 | 10 | 26,6 | 13,3 | 3,3 | 0 |
| (ix) | Beantwoording van paragrawe of langvrae deur leerlinge in die klaskamer | 6,6 | 0 | 16,6 | 30 | 26,6 | 3,3 | 16,6 |

**Afleidings**

(a) Die meerderheid onderwysers (33,3%) maak vir 1 of 2 periodes weekliks gebruik van die verhalende metode vir die hele periode. Daar is ook 6,6% onderwysers wat vir elke periode daarvan gebruik maak terwyl 20% onderwysers nooit daarvan gebruik maak nie.

(b) Die meerderheid onderwysers (33,3%) hou vir 1 of 2 periodes weekliks vooraf beplande klasbesprekings oor leerstof wat deur leerlinge voorberei is. Daar is ook 26,6% onderwysers wat hierdie metode tweeweekliks of maandeliks gebruik. 10% van die onderwysers maak nooit gebruik van sodanige klasbesprekings nie.

(c) Die meerderheid onderwysers (40%) maak vir 1 of 2 periodes weekliks gebruik van die verhalende metode met geleentheid vir onbeplande klasbesprekings. Daar is ook 10% onderwysers wat dit vir elke periode doen terwyl 13,3% nooit hiervan gebruik maak nie.

(d) Die meerderheid onderwysers (40%) gebruik elke periode die skryfbord of truprojektor vir skematisering van leerstof, 26,6% gebruik dit vir 5 of 6 periodes weekliks, 26,6% gebruik dit vir 3 of 4 periodes weekliks, terwyl 6,6% dit slegs vir 1 of 2 periodes weekliks gebruik.

(e) Die meerderheid onderwysers (63,3%) laat leerlinge die Bybel tydens elke periode in die klaskamer gebruik, 16,6% laat dit vir 5 of 6 periodes weekliks doen, 16,6% laat dit vir 3 of 4 periodes weekliks doen, terwyl 3,3% dit slegs vir 1 of 2 periodes weekliks doen.

(f) Die meerderheid onderwysers (33,3%) maak slegs vir 1 of 2 periodes weekliks gebruik van die Bybel met Verklarende Aantekeninge, 13,3% maak tweeweekliks daarvan gebruik, 13,3% gebruik dit maandeliks, terwyl 16,6% nooit daarvan gebruik maak nie.

(g) Die meerderheid onderwysers (56,6%) lees nooit uit handboeke in die klaskamer voor nie, 26,6% doen dit vir 1 of 2 periodes weekliks, 10% doen dit tweeweeklikds, 3,3% doen dit vir 5 of 6 periodes weekliks, terwyl 3,3% dit tydens elke periode doen.

(h) Alle onderwysers laat leerlinge in die klaskamer gestelde kortvrae beantwoord. Die meerderheid onderwysers (33,3%) laat dit tydens elke periode doen terwyl 26,6% dit tydens 1 of 2 periodes weekliks laat doen.

(i) Die meerderheid onderwysers (30%) laat leerlinge tydens 1 of 2 periodes weeklikds paragrawe of langvrae in die klaskamer beantwoord, 26,6% laat dit

tweeweekliks doen, 6,6% laat dit tydens elke periode doen, terwyl 16,6% dit nooit in die klaskamer laat doen nie.

**Gevolgtrekkings**

(a) Oor die algemeen beskou maak onderwysers van 'n verskeidenheid metodes gebruik vir die aanbieding van Bybelkunde.

(b) Die feit dat 33,3% onderwysers slegs vir 1 of 2 periodes weekliks vir die hele periode die verhalende metode gebruik en 20% nooit vir die hele periode daarvan gebruik maak nie, dui daarop dat hierdie metode nie oordoen word tot 'n [illegible]durige toespreking van leerlinge nie. Dit is nogtans ontstellend dat 6,6% onderwysers vir elke periode daarvan gebruik maak vir die hele duur van die periode.

(c) Die meerderheid leerlinge kry geleentheid om leerstof tuis voor te berei en na aanleiding daarvan deel te neem aan beplande klasbesprekings. Hierdie metode wat aan leerlinge die geleentheid tot eie formulering bied word deur 33,3% van die onderwysers vir 1 of 2 periodes per week en 26,6% tweeweekliks of maandeliks gebruik. Wat egter ontstel is die feit dat 10% van die onderwysers nooit van hierdie metode gebruik maak nie.

(d) In dieselfde verband is dit verblydend dat 40% van die onderwysers vir 1 of 2 periodes weekliks van die verhalende metode gebruik maak en daartydens geleentheid bied vir onbeplande klasbesprekings. Ook wat hierdie geleentheid tot meespreking as bespreking en eie formulering deur leerlinge betref, is daar egter 13,3% onderwysers wat dit nie benut nie.

(e) Die oorgrote meerderheid onderwysers maak gereeld van die skryfbord of truprojektor gebruik vir die skematisering van leerstof. Die feit dat daar tog 6,6% onderwysers is wat dit slegs vir 1 of 2 periodes weekliks gebruik beteken dat in hulle geval die mees natuurlike metode van leerstofordening nie benut word nie.

(f) Dit is verblydend dat 63,3% van die onderwysers leerlinge vir elke periode die Bybel in die klaskamer laat gebruik. Hoewel die indruk bestaan dat die Bybel gereeld deur leerlinge gebruik word is daar tog 16,6% en 3,3% onder-

wysers wat leerlinge respektiewelik vir slegs 3 of 4 periodes en 1 of 2 periodes weekliks die Bybel laat gebruik.

(g) Hoewel die Bybel met Verklarende Aantekeninge vir 1 of 2 periodes weekliks deur 33,3% van die onderwysers gebruik word, deur 13,3% tweeweekliks en 13,3% maandeliks blyk dit dat hierdie gebruik met die oog op gesaghebbende verklaring grootliks afgeskeep of nagelaat word. Dit ontstel dat 16,6% van die onderwysers nooit van die Bybel met Verklarende Aantekeninge gebruik maak nie.

(h) Hoewel 56,6% van die onderwysers nooit uit handboeke in die klaskamer voorlees nie is dit tog ontstellend dat 3,3% dit vir 5 of 6 periodes weeklikds doen en 3,3% dit tydens elke periode doen.

(i) Dit blyk dat die meerderheid onderwysers tydens Bybelkunde-periodes leerlinge gestelde kortvrae laat beantwoord. Dit kan aanvaar word dat dit nie vir die duur van die hele periode is nie en gevolglik kan dit 'n doeltreffende wyse wees om leerlinge die Bybel en handboeke selfstandig te laat gebruik met die oog op verkryging van antwoorde.

(j) Oor die algemeen beskou word Bybelkunde-periodes nie gebruik vir die beantwoording van paragrawe en langvrae nie. 16,6% van die onderwysers laat dit nooit in die klaskamer doen nie terwyl die meerderheid (30%) dit slegs vir 1 of 2 periodes weekliks laat doen.

### *4.2.12 Samevatting*

(i) Dit is bykans uitsluitlik manlike lidmate van die drie Afrikaanse kerke wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Bybelkunde. Bykans die helfte van die Bybelkunde-onderwysers is ook behulpsaam met die werksaamhede van 'n kerklike jeugvereniging by die skool.

(ii) Die akademiese kwalifikasies van Bybelkunde-onderwysers laat veel te wense oor. Slegs 56,6% het Bybelkunde III geslaag terwyl slegs 36,6% akademiese opleiding in Christelike geloofs- en sedeleer ontvang het. Bykans alle (96,6%) Bybelkunde-onderwysers is in besit van 'n onderwysdiploma.

(iii) Bykans alle (96,6%) Bybelkunde-onderwysers het hul akademiese opleiding aan Transvaalse universiteite ontvang. Die meeste (46,6%) het hul akademiese opleiding aan die P.U. vir C.H.O. ontvang.

(iv) Die meeste onderwysers wat Bybelkunde aanbied is jonk met gemiddeld 7,1 jaar onderwyservaring en gemiddeld 2,3 jaar ervaring in die aanbieding van Bybelkunde. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat Bybelkunde relatief 'n nuwe vak is.

(v) Hoewel 80% van die Bybelkunde-onderwysers ook Godsdiensonderrig aanbied is daar van hulle slegs 20% wat vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied.

(vi) 30% van die onderwysers wat vir die meerderheid standerd 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied, het geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad nie. Dit beteken dat 'n groot persentasie moontlike Bybelkunde-kandidate in standerd 7 nie in die Godsdiensonderrig 'n akademies-opgeleide onderwyser (in Bybelkunde) het wat hulle gesaghebbend kan voorlig en lei t.o.v. die keuse van Bybelkunde nie.

(vii) Dit is die oorwoë mening van Bybelkunde-onderwysers dat die instelling van Bybelkunde die standaard en status van Godsdiensonderrig by die betrokke skole verhoog het.

(viii) Die vakeenheid van sowel Bybelkunde as Godsdiensonderrig word by die betrokke skole bewaar deurdat die vakke nie tussen te veel onderwysers verdeel is vir aanbieding nie.

(ix) Alle Bybelkunde-leerlinge beskik oor die permanente gebruik van 'n Bybel in die klaskamer.

(x) 'n Groot hoeveelheid onderwysers beskik egter nie oor die permanente gebruik van die volgende in hul klaskamers nie:

| | | |
|---|---|---|
| * | Bybel met Verklarende Aantekeninge | (40%); |
| * | 'n Bybelkonkordansie | (53,3%); |
| * | 'n Bybelse kommentaar | (80%); |

- * 'n Bybelse Ensiklopedie (46,7 %);
- * 'n truprojektor (43,3 %);
- * volledige aardrykskundige muurkaarte van die Bybellande (63,3 %).

(xi) Oor die algemeen beskik skoolbiblioteke oor voldoende naslaanwerke vir Bybelkunde.

(xii) 66,6 % van die Bybelkunde-leerlinge beskik nie oor 'n Bybelatlas nie.

(xiii) Die oorgrote meerderheid Bybelkunde-onderwysers (93,3 %) beskik oor 'n eie permanente vaklokaal.

(xiv) Bybelkunde is oor die algemeen behoorlik georganiseer deur die betrokke onderwysers. Dit is egter ontstellend dat 23,4 % van die onderwysers nog nie die nuwe Bybelkundesillabus tot 'n werkskema as sinvolle werkbeplanning verwerk het nie.

(xv) Met die uitsondering van een onderwyser wat 'n meer Christosentriese formulering van die nuwe Bybelsillabus se grondslag voorstaan, is alle onderwysers tevrede dat die grondslag, algemene doelstelling en benadering van Bybelkunde, soos geformuleer in die sillabus, korrek is.

(xvi) Hoewel 33,3 % van die onderwysers nie heeltemal tevrede is met die inhoud van die nuwe Bybelkundesillabus nie, het hul geen prinsipiële beswaar daarteen nie. Hulle is van mening dat die voorgeskrewe inhoud té wyd en omvattend is.

(xvii) Geen leerlinge of ouers het enige beswaar gemaak teen die grondslag, algemene doelstelling en benadering van Bybelkunde nie.

(xviii) Huiswerk in Bybelkunde word gereeld aan leerlinge gegee.

(xix) Klastoetse in Bybelkunde word gereeld geskryf.

(xx) Die meerderheid (70 %) onderwysers maak in klastoetse van kortvrae, langvrae en paragrawe gebruik.

(xxi) Oor die algemeen beskou, word skriftelike werk van leerlinge gereeld gekontroleer maar die intensiewe nasien daarvan laat veel te wense oor. 36,6% van die onderwysers sien slegs 1%–25% van leerlingwerk intensief na en dui leemtes daarin aan terwyl slegs 13,3% onderwysers 76%–100% leerlingwerk intensief nasien.

(xxii) Die verskaffing van afgerolde aantekeninge in Bybelkunde aan leerlinge blyk algemene praktyk te wees. 90% onderwysers verskaf jaarliks 30+ bladsye afgerolde aantekeninge aan leerlinge.

(xxiii) Die oorgrote meerderheid onderwysers (80%) dikteer nie aantekeninge vir leerlinge nie. Van die 20% onderwysers wat aantekeninge dikteer doen 10% dit weekliks en 10% dit maandeliks.

(xxiv) Oor die breë beskou geniet leerlinge in Bybelkunde voldoende geleentheid vir selfwerksaamheid, tog is daar wel nog 'n betekenisvolle persentasie Bybelkunde-onderwysers wat leerlinge weerhou van die geleentheid tot selfstandige vinding, uitvinding en formulering.

(xxv) Alle Bybelkunde-onderwysers put genot uit die vakaanbieding wat dui op arbeidsvreigde en 'n posisitewe gesindheid en leerlinge, ouers, onderwyshoofde en die Kerk tot dankbaarheid behoort te stem.

(xxvi) Die hoë persentasie onderwysers wat in die afgelope twee jaar inspeksie en persoonlike leiding van die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) ontvang het dui op 'n hoë mate van toesig en leiding in hierdie vak deur die Inspektoraat.

(xxvii) Die oriënteringskursus in Bybelkunde wat gedurende 1974 deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangebied is het leiding ten doel gehad met die implementering van die nuwe Bybelkundesillabus. 86,6% van die Bybelkunde-onderwysers het die kursus bygewoon waarvan 88,4% beweer dat dit vir hulle van groot hulp was met die vakaanbieding en 11,6% beweer het dat dit vir hulle van weinig hulp was.

(xxviii) Bykans alle onderwysers is daarvan oortuig dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak sedert Januarie 1973 vanaf standerd

8 geneem kan word, nou ook op die hoërgraadvlak aangebied word en vanaf November 1975 in die eindeksamen slegs oor die standerd 10-jaar se werk geëksamineer word.

(xxix) Oor die algemeen beskou maak onderwysers van 'n verskeidenheid metodes gebruik vir die aanbieding van Bybelkunde.

(xxx) Die verhalende metode word nie oordoen tydens die aanbieding van Bybelkunde nie en die meerderheid leerlinge kry die geleentheid om deel te neem aan klasbesprekings na aanleiding van tuisvoorbereiding. Tog is daar 10% onderwysers wat nooit van beplande, en 13,3% wat nooit van onbeplande of spontane klasbesprekings gebruik maak nie.

(xxxi) Die oorgrote meerderheid onderwysers maak gereeld van die skryfbord of truprojektor gebruik vir die skematisering van leerstof.

(xxxii) Die oorgrote meerderheid onderwysers laat leerlinge tydens elke periode van die Bybel gebruik maak. Tog is daar 3,3% wat leerlinge vir slegs 1 of 2 periodes weekliks van die Bybel in die klaskamer laat gebruik maak.

(xxxiii) Dit is ontstellend dat so min onderwysers gereeld van die Bybel met Verklarende Aantekeninge tydens die vakaanbieding gebruik maak. Hoewel 33,3% onderwysers vir 1 of 2 periodes weekliks daarvan gebruik maak doen 16,6% dit nooit.

(xxxiv) Die meerderheid onderwysers (56,6%) lees nooit tydens periodes uit handboeke voor nie. Tog is dit onrusbarend dat 3,3% dit vir 5 of 6 periodes weekliks doen en 3,3% dit tydens elke periode doen.

(xxxv) Die meerderheid onderwysers laat leerlinge tydens Bybelkunde-periodes ook gestelde kortvrae beantwoord. Sodoende kry leerlinge tydens hierdie periodes geleentheid om selfstandig die Bybel en handboeke te gebruik met die oog op verkryging van antwoorde.

(xxxvi) Oor die algemeen beskou word Bybelkunde-periodes nie gebruik vir die beantwoording van paragrawe en langvrae nie. 16,6% van die onderwysers laat dit nooit in die klaskamer doen nie terwyl die meerderheid (30%) dit slegs vir 1 of 2 periodes weekliks laat doen.

### 4.3 Vraelys C (Vgl. Bylaag D)

Hierdie vraelys bestaan uit 24 vrae en is voltooi deur 340 standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 in 30 Transvaalse sekondêre skole Bybelkunde as keusevak neem. As in aanmerking geneem word dat slegs een skool in Transvaal nie op die betrokke vraelyste gereageer het nie, beteken dit dat hierdie 340 leerlinge bykans alle standerd 10-leerlinge verteenwoordig wat gedurende 1975 die vak neem.

#### *4.3.1 Verduideliking van tabel O : Besonderhede van Bybelkunde-kandidate*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie dogters wat gedurende 1975 in standerd 10 Bybelkunde neem.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie seuns wat gedurende 1975 in standerd 10 Bybelkunde neem.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie leerlinge wat Bybelkunde op hoërgraadvlak neem.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie leerlinge van wie die ouers lidmate van die Nederduits-Hervormde Kerk van Afrika is.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie leerlinge van wie die ouers lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie leerlinge van wie die ouers lidmate van die Gereformeerde Kerk is.

(g) Onder g verskyn die getal en persentasie leerlinge van wie die ouers lidmate van die Apostoliese Geloofsending is.

(h) Onder h verskyn die getal en persentasie leerlinge van wie die ouers lidmate van 'n ander kerk, nie reeds hier genoem nie, is.

**Tabel O: Besonderhede van Bybelkunde-kandidate**

| | (Dogters) a | (Seuns) b | (Hoërgraad-vlak) c | (Ned.-Herv. Kerk) d | (N.G.-Kerk) e | (Geref. Kerk) f | (A.G.S.) f | (Ander kerke) g |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 256 | 84 | 183 | 56 | 205 | 38 | 19 | 22 |

**Afleidings**

(a) Die oorgrote meerderheid (75,3%) standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde as keusevak neem is dogters.

(b) Die meerderheid standerd 10-leerlinge (53,8%) met Bybelkunde as keusevak, neem dit gedurende 1975 op die hoërgraadvlak.

(c) Die oorgrote meerderheid ouers (88%) van standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem is lidmate van die drie Afrikaanse kerke. Hiervan is 60,3% lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 16,5% lidmate van die Nederduits-Hervormde Kerk van Afrika en 11,2% lidmate van die Gereformeerde Kerk. Verder is 5,6% van hierdie leerlinge se ouers lidmate van die Apostoliese Geloofsending en 6,5% lidmate van ander kerke.

**Gevolgtrekkings**

(a) Dit is hoofsaaklik dogters wat Bybelkunde as keuse-eksamenvak neem. Hierdie feit ontstel hoegenaamd nie as in aanmerking geneem word dat die vormende waarde van Bybelkunde deel vorm van die toerusting van toekomstige moeders nie. Inteendeel, in die lig hiervan en teen die agtergrond van die feit dat Bybelkunde 'n gewilde keusevak onder dogters is, behoort Bybelkunde ook en veral in die Huishoudkundestudierigting as keusevak voor te kom. Tans is dit nie die geval nie.

(b) Die feit dat die meerderheid standerd 10-leerlinge met Bybelkunde as keusevak, dit gedurende 1975 op hoërgraadvlak neem, onderstreep die behoefte wat bestaan om Bybelkunde in die hoër graad te neem. Eers sedert Januarie 1973 was dit vir standerd 8-leerlinge moontlik om die vak op hoërgraadvlak te neem wat beteken dat 'n groot persentasie leerlinge vanaf 1969 tot en met Januarie 1973, die vak nie gekies het nie omdat dit slegs in die standaardgraad aangebied is. As verder in aanmerking geneem word dat alle (100%) Bybelkunde-onderwysers glo dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak nou ook op hoërgraadvlak geneem kan word, blyk dit dat dit skadelik vir Bybelkunde as keusevak was dat die vak aanvanklik net op standaardgraadvlak geneem kon word.

(c) Die feit dat 88% van die ouers van standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, lidmate van die drie Afrikaanse kerke is, dui daarop dat die oorgrote meerderheid van hierdie leerlinge se ouers gebonde is aan die doopgeloftes soos vervat in die Protestants-Christelike Doopsformulier en nie in stryd daarmee onderrig mag word nie.

*4.3.2. Verduideliking van tabel P : Betekenis van Bybelkunde vir leerlinge*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde tot dusver aan hulle gebied het wat verwag is.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde hulle aangemoedig het om vrywillig die Bybel meer te lees.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde hulle 'n beter begrip van die Bybel gegee het.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde hul lewensuitkyk verbreed het.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde hulle help om persoonlike probleme op te los.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde van hulle mense gemaak het wat beter staande sal kan bly teen die hedendaagse aanslae.

(g) Onder g verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde vir hulle groter geloofsekerheid gegee het.

(h) Onder h verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde hul kennis van God vergroot het.

(i) Onder i verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde vir hulle 'n dieper liefde vir God gegee het.

(j) Onder j verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde daartoe bygedra het dat hulle soms in hul geloof verward raak.

(k) Onder k verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde daartoe bygedra het om hul begrip van die kerk te verbeter.

(l) Onder l verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat Bybelkunde bygedra het tot die verbetering van hul kerkbesoek.

**Tabel P : Betekenis van Bybelkunde vir leerlinge**

| | (Gebied wat verwag is) a | (Lees Bybel vrywillig meer) b | (Beter begrip van Bybel) c | (Lewensuitkyk verbreed) d | (Help pers. probleme oplos) e | (Beter staande bly) f | (Groter geloofsekerheid) g | (Kennis van God vergroot) h | (Dieper liefde vir God) i | (Soms in geloof verward) j | (Kerkbegrip verbeter) k | (Oorweeg Bybelkunde in graadkursus) l |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 310 | 267 | 340 | 304 | 182 | 285 | 297 | 331 | 319 | 60 | 271 | 162 |
| % | 91,2 | 78,5 | 100 | 89,4 | 53,5 | 83,8 | 87,4 | 97,4 | 93,8 | 17,6 | 79,7 | 47,6 |

**Afleidings**

(a) Vir 91,2% van die leerlinge het Bybelkunde tot dusver gebied wat hulle verwag het.

(b) 78,5% van die leerlinge is deur Bybelkunde aangemoedig om vrywillig die Bybel meer te lees.

(c) Alle leerlinge beweer dat Bybelkunde hulle 'n beter begrip van die Bybel gegee het.

(d) 89,4% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde hul lewensuitkyk verbreed het.

(e) 53,5% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde hulle gehelp het om persoonlike probleme op te los.

(f) 83,8% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde van hulle mense gemaak het wat beter staande sal kan bly teen hedendaagse aanslae.

(g) 87,4% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde vir hulle groter geloofsekerheid gegee het.

(h) 97,4% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde hul kennis van God vergroot het.

(i) 93,8% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde vir hulle 'n dieper liefde vir God gegee het.

(j) 17,6% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde daartoe bydra dat hulle soms in hul geloof verward raak.

(k) 79,7% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde daartoe bygedra het om hul begrip van die kerk te verbeter.

(l) 47,6% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde bygedra het tot die verbetering van hul kerkbesoek.

**Gevolgtrekkings**

(a) Die vormende waarde van Bybelkunde spreek duidelik uit die feit dat die vak daartoe bygedra het dat alle leerlinge 'n beter begrip van die Bybel verkry het, 78,5% aangemoedig is om vrywillig die Bybel meer te lees, 89,4% se lewensuitkyk verbreed is, 83,8% mense geword het wat beter staande sal kan bly teen hedendaagse aanslae, 87,4% groter geloofsekerheid verkry het, 97,4% 'n groter kennis van God verkry het, 93,8% 'n dieper liefde vir God en 79,7% 'n beter begrip van die kerk verkry het.

(b) Daarteenoor is dit ontstellend om te merk dat 17,6% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde daartoe bygedra het dat hulle soms in hul geloof verward raak. Vir hierdie ernstige feit bestaan daar sekerlik 'n verskeidenheid moontlike verklarings wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement opgevolg behoort te word.

(c) Die feit dat 91,2% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde tot dusver aan hulle gebied het wat verwag is moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat alle Bybelkunde-onderwysers beweer dat hulle die vakaanbieding geniet. Hieruit blyk nie alleen dat onderwysers arbeidsvreugde uit die vakaanbieding put nie maar ook dat die vakaanbieding aan die verwagtinge van leerlinge voldoen.

(d) Die feit dat 47,6% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde bygedra het tot die verbetering van hul kerkbesoek tel in die guns van die vak. Hierdie persentasie moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat 'n baie groot persentasie leerlinge reeds gereeld die kerk besoek het en dit ook gestel het.

*4.3.3 Verduideliking van tabel Q : Betekenis van Godsdiensonderrig vir Bybelkunde-kandidate*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat hulle van die vak Godsdiensonderrig hou.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat hulle deur Godsdiensonderrig verveel word omdat hulle ook Bybelkunde neem.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat die vak Godsdiensonderrig hulle aangemoedig het om Bybelkunde te neem.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beweer dat die kennis wat hulle met Godsdiensonderrig opgedoen het, bruikbaar is in Bybelkunde.

**Tabel Q : Betekenis van Godsdiensonderrig vir Bybelkunde-kandidate**

| | (Hou van Godsdiensonderrig) a | (Word deur Godsdiensonderrig verveel) b | (Deur Godsdiensonderrig aangemoedig) c | (Godsdiensonderrig kennis is bruikbaar) d |
|---|---|---|---|---|
| Getal | 269 | 69 | 112 | 254 |
| % | 79,1 | 20,3 | 32,9 | 74,7 |

**Afleidings**

(a) 79,1% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, hou van die vak Godsdiensonderrig.

(b) 20,3% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beweer dat Godsdiensonderrig hulle verveel omdat hulle ook Bybelkunde neem.

(c) 32,9% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beweer dat Godsdiensonderrig hulle daartoe aangemoedig het.

(d) 74,4% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beweer dat die kennis wat hulle met Godsdiensonderrig opgedoen het, bruikbaar is in Bybelkunde.

**Gevolgtrekkings**

(a) Hoewel 79,1% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem van Godsdiensonderrig hou, is daar tog 20,3% wat beweer dat Godsdiensonderrig hulle verveel omdat hulle ook Bybelkunde neem. Hierdie 20,3% leerlinge mag wel positief teenoor Godsdiensonderrig ingestel wees en selfs van die vak hou, maar verveeld is omdat hulle vir twee periodes weekliks elementêr met hoofsaaklik dieselfde voorgeskrewe leerstof (geloofs- en sedeleer) as in Bybelkunde te doen het. Die betrokke vraag het juis gevra na moontlike verveling op grond van die feit dat hulle spesifiek ook Bybelkunde neem en daarom is duplisering van werk in die geval van 20,3% leerlinge waarskynlik die oorsaak van verveling.

(b) Die 79,1% leerlinge wat beweer dat hulle van Godsdiensonderrig hou, korreleer ook betekenisvol met die 74,4% leerlinge wat beweer dat die kennis wat hulle daarin opgedoen het bruikbaar is in Bybelkunde.

(c) Die feit dat 32,9% van die betrokke leerlinge beweer dat die vak Godsdiensonderrig hul aangemoedig het om Bybelkunde te neem, dui beslis op die belangrikheid van deeglike Godsdiensonderrig vir die groei van Bybelkunde. Afgesien van Godsdiensonderrig in die primêre skool is dit veral in standerds 6 en 7 waar die vak werklik deeglik aangebied behoort te word met die oog op keuse van Bybelkunde as eksamenvak.

*4.3.4 Verduideliking van tabel R : Beroepskeuses van Bybelkunde-kandidate en verdere studie in Bybelkunde.*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om onderwyser(es) te word. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om 'n loopbaan in die staatsdiens te volg. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om predikant te word. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om maatskaplike werk as loopbaan te volg. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om 'n regsberoep te volg. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en 'n loopbaan in die ekonomie beplan. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(g) Onder g verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en 'n loopbaan as navorser beplan. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(h) Onder h verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om mediese dokter te word. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(i) Onder i verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om 'n loopbaan in verpleging te volg. Daar-

na word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

(j) Onder j verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om 'n ander beroep as die genoemdes te volg. Daarna word die getal en persentasie van hierdie leerlinge aangedui wat in 'n graadkursus Bybelkunde as vak oorweeg.

**Tabel R : Beroepskeuses van Bybelkunde-kandidate en voortsetting van Bybelkunde in 'n graadkursus**

| | a (Onderwys) | b (Staatsdiens) | c (Predikant) | d (Maatskaplike werk) | e (Regsberoep) | f (Ekonomie) | g (Navorsing) | h (Medies) | i (Verpleging) | j (Ander beroep) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Beroepskeuse | 122 | 23 | 12 | 31 | 17 | 7 | 7 | 2 | 20 | 99 |
| % | 38,8 | 6,8 | 3,5 | 9,1 | 5 | 2,1 | 2,1 | ,6 | 5,9 | 29,1 |
| Verdere studie in Bybelkunde | 59 | 4 | 7 | 15 | 0 | 0 | 1 | 0 | 4 | 18 |
| % | 48,4 | 17,4 | 58,3 | 44,1 | 0 | 0 | 14,3 | 0 | 20 | 18,2 |

**Afleidings**

(a) 38,8% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om onderwyser(es) te word. 48,4% van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(b) 6,8% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan 'n loopbaan in die staatsdiens. 17,4% van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(c) 3,5% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om predikant te word. 58,3% van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(d) 9,1% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om maatskaplike werk as loopbaan te volg. 44,1% van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(e) 5% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om 'n regsberoep te volg. Geen van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem nie.

(f) 2,1% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om 'n loopbaan in die ekonomie te volg. Geen van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem nie.

(g) 2,1% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan 'n loopbaan as navorser. 14% van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(h) 0,6% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om mediese dokter te word. Geen van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem nie.

(i) 5,9% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om 'n loopbaan in verpleging te volg. 20% van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(j) 29,1% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan om 'n ander beroep as die genoemdes te volg. 18,2% van hierdie leerlinge oorweeg dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

**Gevolgtrekkings**

(a) 'n Groot verskeidenheid beroepe word beplan deur leerlinge wat Bybelkunde as keusevak vir standerd 10 neem. Daar kan dus hoegenaamd nie die opvatting bestaan dat hierdie vak slegs relevant vir toekomstige predikante is nie, veral nie as in aanmerking geneem word dat met die uitsondering van drie beroepe, leerlinge telkens oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem nie.

(b) Dit is hoofsaaklik leerlinge wat 'n loopbaan in die onderwys (38,8%), maatskaplike werk (9,1%), staatsdiens (6,8%) en verpleging (5,9%) oorweeg, wat Bybelkunde as keusevak in standerd 10 neem.

(c) Dit is veral verblydend dat so 'n groot persentasie (38,8%) van hierdie leerlinge oorweeg om onderwyser(es) te word en dat 48,4% van hulle dit oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem. Dit beteken nie alleen dat 'n groot persentasie toekomstige onderwysers as opvoeders deel in die vormende waarde van die vak met die oog op gestaltegewing aan die eise van Wet 39 van 1967 nie, maar ook dat daar uiteindelik onderwysers sal wees wat die vak op skool kan onderrig.

(d) Die feit dat 38,8% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem die onderwysberoep oorweeg en dat 48,4% van hulle dit oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem, beteken sekerlik ook dat die huidige Bybelkunde-onderwysers sterk identifikasie figure slaan en navolgingswaardige voorbeelde stel.

*4.3.5 Verduideliking van tabel S : Bybelkunde en die Onderwysberoep*

(a) Onder a verskyn die getal en persentasie standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om onderwyser(es) te word.

(b) Onder b verskyn die getal en persentasie van hierdie leerlinge wat beplan om hoërskoolonderwyser(es) te word.

(c) Onder c verskyn die getal en persentasie van hierdie leerlinge wat beplan om primêre skool-onderwyser(es) te word.

(d) Onder d verskyn die getal en persentasie leerlinge wat beplan om sekondêre skool-onderwyser(es) te word en dit oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(e) Onder e verskyn die getal en persentasie leerlinge onder d genoem wat aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer.

(f) Onder f verskyn die getal en persentasie leerlinge onder d genoem wat aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gaan studeer.

(g) Onder g verskyn die getal en persentasie leerlinge onder d genoem wat aan die Randse Afrikaanse Universiteit gaan studeer.

(h) Onder h verskyn die getal en persentasie leerlinge onder d genoem wat onseker is oor waar hulle gaan studeer.

**Tabel S : Bybelkunde en die Onderwysberoep**

| | (Beplan om onderwyser(es) te word) a | (Beplan hoërskool-onderwyser(es)) b | (Beplan primêre skool-onderwyser(es)) c | (Oorweeg Bybelkunde in graadkursus) d | (Oorweeg U.P.) e | (Oorweeg P.U. vir C.H.O.) f | (Oorweeg R.A.U.) g | (Nog onseker) h |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 122 | 72 | 50 | 59 | 29 | 14 | 3 | 13 |
| % | 38,8 | 59 | 40,9 | 81,4 | 49,2 | 23,7 | 5,1 | 22 |

**Afleidings**

(a) Van die 340 standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, beplan 122 (38,8%) om onderwyser(es) te word.

(b) Van hierdie 122 (38,8%) leerlinge beplan 72 (59%) om onderwyser(es) in die sekondêre skool en 50 (40,9%) in die primêre skool te word.

(c) Van die 72 (59%) leerlinge wat beplan om onderwyser(es) in die sekondêre skool te word, oorweeg 59 (81,4%) dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(d) Van die 59 leerlinge wat dit oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus kursus te neem, gaan 29 (49,2%) aan die Universiteit van Pretoria studeer.

(e) Van die 59 leerlinge wat dit oorweeg om Bybelkunde as vak 'n graadkursus te neem, gaan 14 (23,7%) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer.

(f) Van die 59 leerlinge wat dit oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem, gaan 3 (5,1%) aan die Randse Afrikaanse Universiteit studeer.

(g) Van die 59 leerlinge wat dit oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem, is 13 (22%) nog onseker oor waar hulle gaan studeer.

**Gevolgtrekkings**

(a) Die meerderheid standerd 10-leerlinge (59%) wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en die onderwysberoep as loopbaan wil volg, oorweeg dit om opgelei te word vir die sekondêre skool.

(b) Die oorgrote meerderheid leerlinge (81,4%) wat dit oorweeg om onderwyser(es) in die sekondêre skool te word, beplan om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(c) Van die 59 leerlinge wat onderwyser(es) in die sekondêre skool wil word en dit beplan om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem, gaan die meerderheid (49,2%) aan die Universiteit van Pretoria studeer, terwyl 23,7% aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gaan studeer.

*4.3.6 Samevatting*

(a) Dit is hoofsaaklik dogters (75,3%) wat Bybelkunde as keuse-eksamenvak neem. Die gewildheid van Bybelkunde onder dogters en die vormende waarde daarvan vir toekomstige moeders noodsaak ook en veral dat Bybelkunde as keusevak in die Huishoudkundestudierigting voorkom (wat tans nie die geval is nie).

(b) Die aanbieding van Bybelkunde op hoërgraadvlak vanaf 1973 het in 'n besliste behoefte voldoen as in aanmerking geneem word dat 53,8% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem, dit op die hoërgraadvlak verkies het. Dit was skadelik vir die groei van Bybelkunde dat die vak vanaf Januarie 1969 tot Desember 1972 slegs op standaardgraadvlak aangebied is.

(c) Die oorgrote meerderheid leerlinge (88%) wat Bybelkunde neem, se ouers is lidmate van die drie Afrikaanse kerke. Dit beteken dat ouers van hierdie leerlinge gebonde is aan die doopgeloftes van die Protestants-Christelike doopsformulier en nie in stryd daarmee onderrig mag word nie.

(d) Die vormende waarde van Bybelkunde vir leerlinge wat die vak neem, spreek absoluut duidelik uit die antwoorde wat hulle verskaf het op vrae oor die vak se betekenis vir hulle (Vgl. tabel P).

(e) Dit is ontstellend dat 17,6% van die leerlinge beweer dat Bybelkunde daartoe bydra dat hulle soms in hul geloof verward raak. Hoewel hierdie ernstige feit verskeie verklarings kan hê verdien dit nogtans die aandag van die Transvaalse Onderwysdepartement.

(f) Bybelkunde bied aan 91,2% van die leerlinge wat hulle van die vak verwag het. Die feit dat aan leerlinge se verwagtinge voldoen word met die vakaanbieding kan ook toegeskryf word aan die feit dat alle Bybelkunde-onderwysers die vakaanbieding geniet en dus roepingsbewus arbeidsvreugde in hul werk vind.

(g) Hoewel 79,1% van die standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 Bybelkunde neem van die vak Godsdiensonderrig hou, is daar tog 20,3% wat beweer dat hulle deur die vak verveel word. Dit kan moontlik toegeskryf word aan oorvleueling van voorgeskrewe leerstof in die standerd 10-sillabusse van die twee vakke.

(h) Daarteenoor is dit opvallend dat 74,4% leerlinge beweer dat kennis wat hulle met Godsdiensonderrig opgedoen het vir hulle bruikbaar in Bybelkunde is.

(i) Daar is 32,9% leerlinge wat beweer dat die vak Godsdiensonderrig hulle aangemoedig het om Bybelkunde te neem. Hierdie feit onderstreep die noodsaaklikheid van toegewyde Godsdiensonderrig – ook vir die groei van Bybelkunde.

(j) 'n Groot verskeidenheid beroepe word beplan deur leerlinge wat Bybelkunde as keusevak neem. Die mees gewilde beroepe onder hierdie leerling is: onderwys (38,8%), maatskaplike werk (9,1%), staatsdiens (6,8%) en verpleging (5,9%).

(k) Dit is insiggewend dat met die uitsondering van drie beroepe onder al die ander beroepe wat beplan word, leerlinge is wat dit oorweeg om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem.

(l) Die feit dat 'n groot persentasie leerlinge dit oorweeg om onderwyser(es) te word en Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem, dui beslis op die positiewe invloed en navolgingswaardige voorbeeld wat huidige Bybelkunde-onderwysers stel.

(m) Die meerderheid standerd 10-leerlinge (59%) wat gedurende 1975 Bybelkunde neem en beplan om onderwyser(es) te word, oorweeg dit om opgelei te word vir die sekondêre skool. Van hierdie 59 leerlinge wil 81,4% Bybelkunde as vak in 'n graadkursus neem. Die meerderheid van hierdie leerlinge gaan aan die Universiteit van Pretoria (49,2%) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (23,7%) studeer, terwyl 22% nog onseker is oor waar hulle gaan studeer.

# HOOFSTUK 5

## 5. EVALUERING VAN BYBELKUNDE IN DIE LIG VAN DIE GESTELDE KRITERIA

In hierdie hoofstuk word oorgegaan tot die evaluering van Bybelkunde as keusevak deur die gegewens wat in hoofstuk 4 ontleed is, te toets aan die gestelde kriteria in hoofstuk 2. Voordat daartoe oorgegaan word, is dit egter noodsaaklik om te let op die vordering wat die vak, sedert die instelling daarvan in Januarie 1969, gemaak het. Vir hierdie doel word die getal leerlinge wat jaarliks die vak gekies het in aanmerking geneem.

### 5.1 Vordering van Bybelkunde in die lig van die getal leerlinge wat jaarliks die vak kies (vergelyk tabel A)

5.1.1 Blykens die gegewens wat ingewin is, toon nie alleen die getal skole wat jaarliks die vak instel 'n afname nie, maar is daar ook 'n radikale afname in die getal leerlinge wat jaarliks die vak kies. Hierdie opmerking moet gesien word teen die agtergrond dat tans nog net 31 uit 'n totaal van 232 skole, Bybelkunde as keusevak ingestel het.

5.1.2 Tot op datum het 31 Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole Bybelkunde as keusevak ingestel. Van hierdie skole het 30 deelgeneem aan hierdie ondersoek wat beteken dat die ondersoek bykans 'n volledige beeld van Bybelkunde in die betrokke skole vertoon. Blykens die gegewens het skole vóór die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal meer vryelik Bybelkunde as keusevak ingestel as daarna. Hierdie bewering word gemaak op grond van die feit dat 17 skole gedurende 1972 en 1973 die vak ingestel het, teenoor die 3 skole wat in 1974 en 1975 daartoe oorgegaan het. Die bewering word verder ondersteun deur die gegewens en menings van hoofde wat verskyn in paragrawe 4.1.2.1 en 4.1.2.2 in hoofstuk 4.

5.1.3 Gegewens dui op 'n radikale afname in die getal leerlinge wat jaarliks die vak kies. Hiervoor word in aanmerking geneem dat 17 skole in 1973, 545 standerd 10 Bybelkunde-kandidate gelewer het, met 'n gemiddeld van 32 kandidate per skool, teenoor die 349 standerd 10 Bybelkunde-kandidate, wat 27 skole in 1975 gelewer het, met 'n gemiddeld van 12,9 kandidate per skool.

5.1.4 Gegewens dui ook op 'n ernstige gevaar dat Bybelkunde, by skole wat die vak ingestel het, besig is om dood te loop. Hiervoor word in aanmerking geneem dat daar in 1975 gemiddeld slegs 10,4 standerd 8- en 12,6 standerd 9- Bybelkunde-kandidate per skool is. Die werklike omvang van hierdie gevaar word vollediger geillustreer deur die feit dat 33,3% van die skole wat Bybelkunde ingestel het, in 1975 geen standerd 8-Bybelkunde-kandidate opgelewer het nie.

5.1.5 Oor die invloed van die nuwe bedeling vir Bybelkunde op die groei van die vak waaroor gehandel is in tabel M by paragraaf 4.2.10, voel onderwysers besonder optimisties. In hierdie verband glo alle onderwysers dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak vanaf Januarie 1973 ook op hoërgraadvlak aangebied word. Ook alle onderwysers glo dat dit in belang van Bybelkunde is dat vanaf November 1975, slegs oor die standerd 10-jaar se werk geëksamineer word. Verder glo 96,6% onderwysers dat dit in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak is dat die vak sedert Januarie 1973 vanaf standerd 8 geneem kan word.

Hoewel hierdie bedeling beslis vir Bybelkunde as keusevak in 'n groter mate gelyke geleenthede teenoor ander geesteswetenskaplike vakke bewerkstellig het, word onderwysers se optimisme bevraagteken. Die gegewens in paragrawe 5.1.3 en 5.1.4 toon geensins dat die vak sedert Januarie 1973 'n groei ten opsigte van die getal kandidate getoon het nie. Daarom sal dit nodig wees om benewens die aspekte in die nuwe bedeling, ook ander groei-stimulante vir Bybelkunde te oorweeg, of te aanvaar dat die invloed van die agterstand teenoor ander vakke waarmee die vak in 1969 ingestel is, nog geld. In hierdie verband is dit van belang om te let op die menings van hoofde oor die eise wat gedifferensieerde onderwys aan Bybelkunde stel (vergelyk paragraaf 5.7 in hoofstuk 5). Ten slotte sal ook aandag geskenk moet word aan die 13% hoofde wat aanbeveel het dat Bybelkunde, soos ander vakke, ook vanaf standerds 6 of 7 aangebied moet word.

## 5.2 Getoets aan die Bybelse eis en gelowige ouerskap

Kragtens die bepalings van Wet 39 van 1967 en die wese van Bybelkunde, is die skool in die algemeen, en Bybelkunde in die besonder, alle belanghebbende ouers behulpsaam in die opvoeding van hul kinders om God bewustelik in liefdesgehoor-

saamheid te dien. Hierdie bemoeienis met kinders as hulpverlening deur die skool word vanuit die ouerhuis gekontroleer. Die feit dat geen leerling of ouer beswaar gemaak het teen die grondslag, algemene doelstelling of benadering van die Bybelkunde-aanbieding in die skool nie, toon duidelik dat dit gedoen word ooreenkomstig die Skrifeis en ouerlike verwagting.

Hierdie toedrag van sake word sekerlik ook vergemaklik deur die feit dat daar so 'n treffende ooreenkoms bestaan tussen die geloofsoortuiging van Bybelkunde-onderwysers en dié van leerlinge wat die vak neem. Hiervoor moet in aanmerking geneem word dat 29 of 96,6% van die betrokke onderwysers lidmate van die drie Afrikaanse kerke is en 1 of 3,3% lid van die Apostoliese Geloofsending is (vergelyk tabel D). Daarteenoor is 88% van die betrokke leerlinge se ouers lidmate van die drie Afrikaanse kerke, 5,6% lidmate van die Apostoliese Geloofsending en 6,3% lidmate van ander kerke (vergelyk tabel O). Verder blyk hieruit dat onderwysers tydens die aanbieding van Bybelkunde die geloofsoortuiging van andersdenkendes eerbiedig, aangesien geen ouer of leerling teen genoemde aspekte beswaar gemaak het nie.

### 5.3 Getoets aan die eise van die doopsformulier

5.3.1 Uit hierdie ondersoek het geblyk dat Bybelkunde aangebied word ooreenkomstig die eise van die Protestants-Christelike doopsformulier en die doopbeloeftes van ouers. Kragtens die wese en inhoud van Bybelkunde, en deur hul kinders hierdie vak te laat neem, laat ouers op 'n besondere wyse toe dat die skool via Bybelkunde hulle behulpsaam is in dít wat hulle, volgens die doopsformulier, beloof het hul kinders te onderrig.

Uit gegewens het geblyk dat Bybelkunde inderdaad bou aan die geloofslewe van kinders. Nie alleen stel hierdie vak hom ook die godsdienstige vorming van leerlinge ten doel nie, maar het 87,4% standerd 10-leerlinge inderdaad beweer dat die vak vir hulle groter geloofsekerheid gegee het, terwyl Bybelkunde vir 97,4% hul kennis van God vergroot het (vergelyk tabel P). Verder is Bybelkunde-kandidate se bande met die kerk verstewig deurdat die vak vir 79,7% 'n beter begrip van die kerk gegee het, en vir 47,6% daartoe bygedra het dat hul kerkbesoek verbeter het (vergelyk tabel P).

5.3.2 Hierteenoor is dit ontstellend dat 17,6% leerlinge tog beweer dat Bybelkunde daartoe bygedra het dat hulle soms in hul geloof verward raak (vergelyk tabel P).

## 5.4 Getoets aan die eise wat die Bybelkundesillabus stel

5.4.1 Een van die eise van die Bybelkundesillabus is dat die Bybel as geïnspireerde Woord van God die enigste grondslag is waarop die vak berus. Verder word in die Bybelkundesillabus gestel dat die Bybel aanvaar word as die enigste bron van gesag vir geloof en lewe. Die prominente rol van die Bybel in die vakaanbieding en die wyse waarop die Bybel deur onderwysers en leerlinge in die klaskamer gebruik word, toon dat prakties gepoog word om aan hierdie eis te voldoen (vergelyk tabel N). In dieselfde verband is dit insiggewend dat 93,8% van die Bybelkunde-kandidate beweer het dat hul liefde vir God deur die vak verdiep is. Daarmee word voldoen aan die sillabus-eis dat die vak met geloofsoortuiging onderrig moet word met die oog op 'n lewende geloofsverhouding tot God in Christus deur die werking van die Heilige Gees.

5.4.2 'n Verdere afgeleide eis van die Bybelkundesillabus is dat die omvattende leerstofinhoud akademies-opgeleide onderwysers noodsaak om al die voorgeskrewe vakkomponente met geloofsoortuiging te onderrig. In tabel P is aangetoon van watter betekenis die vak is vir leerlinge wat dit neem. Hieruit kan afgelei word dat die vak beslis met geloofsoortuiging onderrig word. Die positiewe gesindheid van Bybel-kunde-onderwysers teenoor die godsdienstige vorming van leerlinge, word verder onderstreep deur die feit dat 43,3% van hulle ook by die skool met die werksaam-hede van 'n kerklike jeugvereniging behulpsaam is.

Wat onderwysers se akademiese kwalifikasies betref, blyk uit die gegewens dat dit hoofsaaklik jeugdige (vergelyk tabel E), manlike personeel met 'n universiteitsgraad (73,3%) is, wat Bybelkunde aanbied (vergelyk tabel D). Van hierdie onderwysers beskik 96,6% ook oor 'n onderwysdiploma. Op die oog af mag dit blyk dat Bybel-kunde-onderwysers akademies goed gekwalifiseer is. By nadere bekyking skok dit egter om te merk dat 36,6% van die Bybelkunde-onderwysers akademiese opleiding in die komponent Christelike geloofs- en sedeleer gehad het (vergelyk tabel D). Hierdie feit ontstel nog meer as in aanmerking geneem word dat juis hierdie vak-komponent, 50% van die voorgeskrewe leerstofinhoud in die standerd 10 Bybel-

kundesillabus uitmaak. Hierdie ongelukkige toedrag van sake moet toegeskryf word aan die feit dat slegs die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, hierdie vakkomponent in hul Bybelkunde-graadkursus insluit (vergelyk paragrawe 2.8.4.1 en 2.8.4.2 en tabel D). Vir die uiteindelike akademiese prestasies van leerlinge is hierdie feite oor die inhoud van onderwysers se akademiese opleiding van besliste belang. Die aktualiteit en werklike gevaar wat hierdie leemte in die akademiese opleiding van Bybelkunde-onderwysers inhou, kom egter eers in fokus wanneer die bewerings van leerlinge oor die betekenis van Bybelkunde daarmee in verband gebring word. Dit mag nie die aandag ontglip dat 17,6% leerlinge beweer het dat Bybelkunde daartoe bygedra het dat hulle soms in hul geloof verward raak nie (vergelyk tabel P).

5.4.3 Dit is gestel dat die Bybelkundesillabus 'n akademiese studie eis met ruimte vir ander geldige interpretasies. Aan hierdie eis word voldoen as in aanmerking geneem word dat geen ouer of leerling beswaar gemaak het teen die grondslag, algemene doelstelling of benadering van die vak nie. Dit, ten spyte van die feit dat alle onderwysers en leerlinge nie van dieselfde kerkverband of geloofsoortuiging is nie (vergelyk tabelle D en O).

## 5.5 Getoets aan die eise wat die opmerkings oor die metodologiese riglyne vir Bybelkunde stel

5.5.1 In hierdie verband is geëis dat in die onderrig van Bybelkunde die Bybel primêre bron van studie is. Verder is die eis gestel dat korrekte Bybelgebruik en vakaanbieding verdere hulpmiddele, 'n verskeidenheid metodes en beplande leerlingdeelname eis.

5.5.2 Blykens gegewens wat ingewin is, kom die Bybel as primêre bron in Bybelkunde-onderrig tot sy reg. Elke leerling beskik oor die permanente gebruik van 'n Bybel in die klaskamer (vergelyk tabel H), terwyl 63,3% onderwysers die Bybel tydens elke periode laat gebruik (vergelyk tabel N).

5.5.3 Vir die korrekte begrip en interpretering van die Bybel, en ter wille van gesaghebbende kommentaar en verklaring daarvan, maak onderwysers egter nie voldoende gebruik van toepaslike hulpmiddele nie. In hierdie verband het veral opgeval dat 'n groot hoeveelheid onderwysers nie permanent in die klaskamer oor die volgende beskik nie (vergelyk tabel H):

| | |
|---|---|
| * Bybel met Verklarende Aantekeninge | (40%); |
| * 'n Bybelkonkordansie | (53,3%); |
| * 'n Bybelse kommentaar | (80%); |
| * 'n Bybelse Ensiklopedie | (46,7%); |
| * Volledige aardrykskundige muurkaarte van die Bybellande | (63,4%); |
| * 'n Bybelatlas vir elke leerling | (66,6%). |

5.5.4 Verder blyk uit gegewens wat ingewin is dat Bybelkunde-onderwysers van 'n verskeidenheid metodes gebruik maak tydens die vakaanbieding en dat die verhalende metode nie misbruik word tot 'n durige toespreking van leerlinge nie (vergelyk tabel N). Verder het geblyk dat leerlinge voldoende geleentheid tot selfwerksaamheid kry en dat 'n groot hoeveelheid skriftelike werk jaarliks selfstandig deur leerlinge voltooi word.

5.5.5 Dit is egter tog onrusbarend dat daar wel tussen 10% en 16,6% onderwysers is wat jaarliks die minimum skriftelike werk selfstandig deur leerlinge laat voltooi (vergelyk tabel L). Dit moet beoordeel word teen die agtergrond dat 90% onderwysers jaarliks 30+ bladsye afgerolde aantekeninge aan leerlinge verskaf en sodoende die vak en leerlinge benadeel deur hulle van selfwerksaamheid as selfstandige vinding, uitvinding en formulering weerhou. Selfs al sou hierdie aantekeninge moeilike leerstof uit handboeke vervang blyk dit nogtans of die praktyk oordoen word.

## 5.6 Getoets aan die eise ten opsigte van die organisasie en beplanning van Bybelkunde

5.6.1 Sekere aspekte van Bybelkunde is behoorlik georganiseer en vakbeplanning geniet die nodige aandag van die betrokke onderwysers. In hierdie verband is dit verblydend dat alle onderwysers in besit is van die nuwe Bybelkundesillabus, 90% oor 'n duidelike en volledige vakbeleid beskik, 96,6% weekliks verslag doen oor afhandeling van werk, en 86,6% voorbereiding in 'n afsonderlike boek onderneem (vergelyk tabel I).

5.6.2 Ontstellend blykens die gegewens is dat 24,4% van die Bybelkunde-onderwysers nog nie die sillabus verwerk het tot 'n volledige werkskema as sinvolle werkbeplanning in kwartale of termyne vir die betrokke studiejaar of standerd nie

(vergelyk tabel I). Die implikasie van gebrek aan deeglike vooruitbeplanning is planloosheid by onderwysers wat as onduidelikheid, onsekerheid en uiteindelike belangeloosheid deurwerk na leerlinge.

5.6.3 Huiswerk word gereeld in Bybelkunde gegee as in aanmerking geneem word dat 76,6% onderwysers elke periode, en 16,6% weekliks, tuisopdragte aan leerlinge gee (vergelyk tabel K).

5.6.4 Oor die algemeen beskou, blyk dit dat skriftelike werk van leerlinge gereeld gekontroleer word. Dit beteken dat gereeld vasgestel word of skriftelike opdragte wel uitgevoer is. Die intensiewe nasien van skriftelike werk deur leerlinge is egter 'n aspek wat beslis dringende aandag verdien. Die feit dat slegs 13,3% van die onderwysers 76% – 100% van leerlingwerk intensief nasien deur leemtes daarin aan te dui, teenoor 36,6% wat dit slegs ten opsigte van 1% – 25% leerlingwerk doen, is ontstellend (vergelyk tabel K).

5.6.5 Klastoetse word gereeld in Bybelkunde geskryf waartydens onderwysers hoofsaaklik van 'n kombinasie van verskillende tipes vrae gebruik maak. Sodoende word aan die eis voldoen dat leerlinge geleentheid kry om gewoon te raak aan beantwoording van daardie tipes vrae wat in die sillabus vir die eindeksamen voorgeskryf word (vergelyk tabel K).

## 5.7 Getoets aan die eise wat gedifferensieerde onderwys aan Bybelkunde stel

5.7.1 Gedifferensieerde onderwys het vir Bybelkunde as keusevak meegebring dat dit in 2 van die 8 studierigtings geneem kan word, in 30 amptelike vakversamelings voorkom, en dat die vak op beide hoër- en standaardgraadvlak geneem kan word.

5.7.2 Uit die gegewens blyk dat die implementering van gedifferensieerde onderwys by die Transvaalse Onderwysdepartement 'n saak van erns is wat op duidelike prinsipiële grondslag aangepak is. Die feit dat Bybelkunde egter beperk is tot slegs 2 studierigtings en 30 amptelike vakversamelings blyk onvoldoende te wees vir 'n relatief nuwe vak. Wat hierdie twee aspekte betref, blyk dit dat die bedeling vir Bybelkunde die vak ongunstig laat vergelyk met ander geesteswetenskaplike vakke in groep E (vergelyk paragrawe 2.11.1 en 2.11.2 in hoofstuk 2). Die feit dat dit hoof-

saaklik dogters is wat Bybelkunde neem, dui op die gewildheid van die vak onder dogters (vergelyk tabel O). Anders as wat tans die geval is, behoort Bybelkunde dus in meer studierigtings, en veral in die Huishoudkundige studierigting, aangebied te word.

Die oorwegende rede wat hoofde aangevoer het vir die jaarlikse afname in die getal leerlinge wat Bybelkunde kies, was die beperkte getal vakversamelings wat Bybelkunde as keusevak insluit (vergelyk paragraaf 4.1.2.1 in hoofstuk 4). Ongeveer 50% hoofde het ook aanbeveel dat 'n groter getal vakversamelings met Bybelkunde, 'n konstante patroon of groei van die getal leerlinge wat Bybelkunde kies, sal bewerkstellig (vergelyk paragraaf 4.1.2.2 in hoofstuk 4). Volgens die gegewens blyk dit ook dat 10% van die hoofde glo dat sodanige patroon bewerkstellig sal word indien die vak ook in meer studierigtings voorkom.

5.7.3 In aansluiting by die voorafgaande blyk egter ook duidelik dat die Transvaalse Onderwysdepartement die vak begunstig het deur hoofde, volgens T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973, toe te laat om aansoek te doen vir addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit. Die simpatieke gesindheid van die Onderwysdepartement teenoor die vak blyk verder uit die feit dat al 58 addisionele vakversamelings waarvoor hoofde aansoek gedoen het, goedgekeur is (vergelyk tabel B). Betekenisvol in hierdie verband is egter nou dat hoewel 53% hoofde beperkte vakversamelings as rede aangevoer het vir die jaarlikse daling in die getal leerlinge wat die vak kies, slegs 30% hoofde aansoek gedoen het vir addisionele vakversamelings (vergelyk afleiding (a) by tabel B). Billikheidshalwe moet egter gestel word dat dit sekerlik voordeliger vir 'n vak is indien voldoende amptelike vakversamelings bestaan waaruit leerlinge onmiddellik kan kies, in plaas van eers aansoek te doen daarvoor met die risiko van moontlike afkeuring. Die mate van onsekerheid wat hierdeur ontstaan, impliseer 'n agterstand teenoor ander vakke wat oor ruimer amptelike vakversamelings beskik.

5.7.4 Die feit dat daar tans 53,8% van die leerlinge wat Bybelkunde neem, die vak op hoërgraadvlak neem, toon die behoefte wat bestaan vir die vakaanbieding op hierdie vlak (vergelyk tabel O). Vóór Januarie 1973 is Bybelkunde slegs op standaardgraadvlak aangebied wat beteken dat 'n groot persentasie leerlinge die

vak moontlik om hierdie rede nie gekies het nie. Die feit dat Bybelkunde tot Januarie 1973 slegs op standaardgraadvlak geneem kon word, het moontlik ook die vak gestigmatiseer as nie hoërgraadvlak waardig nie. Die moontlike skade wat Bybelkunde as keusevak hierdeur gelei het, sal egter nooit werklik bepaal kan word nie.

### 5.8 Getoets aan die eise wat Godsdiensonderrig aan Bybelkunde stel

5.8.1 Dit het uit gegewens geblyk dat dit vir Bybelkunde as keusevak skadelik is dat dit as nuwe en dus onbekende vak eers vanaf standerd 8 geneem kan word. In hierdie verband beweer 70% hoofde dan ook dat die belangstelling daarvoor sal toeneem indien die vak vanaf standerd 6 aangebied sou word (vergelyk tabel B). Hierdie aspek word verder beklemtoon deur die 7% hoofde wat beweer dat leerlinge in standerd 8 onkundig is oor die wese van Bybelkunde wanneer 'n keuse gemaak moet word (vergelyk paragraaf 4.1.2.1 in hoofstuk 4). Voortspruitend hieruit, en op grond daarvan dat Bybelkunde vir leerlinge 'n nuwe en onbekende vak is, het 23% hoofde ook aangevoer dat Bybelkunde vir leerlinge veel moeiliker is as wat aanvanklik gemeen is. Feit is egter dat Bybelkunde by voornemende kandidate gespesialiseerde voor- en bekendstelling nodig het omdat die vak eers van standerd 8 aangebied word. Vir hierdie doel is die Bybelkunde-onderwyser uitnemend geskik om deur middel van deegliker Godsdiensonderrig en gesaghebbende voorligting oor die wese van Bybelkunde in die Godsdiensonderrigklas, leerlinge te inspireer tot die keuse van Bybelkunde.

5.8.2 In die lig van die voorafgaande is dit nou teleurstellend dat slegs 20% Bybelkunde-onderwysers vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied (vergelyk tabel F). Die feit dat 80% van hierdie onderwysers wel Godsdiensonderrig aanbied, maar nie hoofsaaklik vir standerd 6 en 7-leerlinge nie, toon dat hulle wel beskikbaar is vir die aanbieding van Godsdiensonderrig maar nie daarvoor, in belang van Bybelkunde, benut word nie (vergelyk tabel F). In die lig hiervan is dit begryplik waarom slegs 32,9% van die standerd 10-leerlinge wat in 1975 Bybelkunde neem, deur Godsdiensonderrig daartoe aangemoedig is (vergelyk tabel Q).

5.8.3 Hoewel 50% van die onderwysers wat vir die meerderheid standerd 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied, Bybelkunde III geslaag het, beskik 30% van hierdie onderwysers oor geen akademiese kwalifikasies in Bybelkunde nie (vergelyk tabel B). Die eis van 'n Godsdiensonderrig-vakspesialis met akademiese opleiding in Bybelkunde, vir die aanbieding van Godsdiensonderrig aan standerd 6 en 7-leerlinge, is dus grootliks onbevredigend. In die lig hiervan kan moontlik ook verstaan word waarom 20,3% van die leerlinge Godsdiensonderrig vervelend vind en 20,9% nie van die vak hou nie (vergelyk tabel Q). Die noodsaaklikheid, en voor-die-hand-liggende geleentheid, om Godsdiensonderrig meer doelgerig in belang van Bybelkunde te onderrig, blyk uit die feit dat 79,1% leerlinge van Godsdiensonderrig hou, en 74,4% leerlinge beweer dat die kennis van Godsdiensonderrig vir hulle bruikbaar in Bybelkunde is (vergelyk tabel Q).

5.8.4 Dit is verblydend dat 93,3% van die skole wat Bybelkunde aanbied, vir Godsdiensonderrig 'n evalueringsimbool op die skoolrapport toeken. Hierdie simbool kan dien om die belangstelling in die keuse van Bybelkunde by potensiële kandidate te bewerkstellig (vergelyk tabel F).

## 5.9 Getoets aan die eise wat inspeksie en voorligting aan Bybelkunde stel

5.9.1 Daar bestaan 'n baie hoë mate van Departementele toesig, leiding en voorligting in die vak Bybelkunde. Dit word beweer op grond van die feit dat die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) sedert 1973 by 66,6% van die Bybelkunde-onderwysers inspeksie uitgevoer het en aan 80% persoonlike leiding gegee het met die vakaanbieding (vergelyk tabel M).

5.9.2 Deeglike leiding en voorligting met betrekking tot Bybelkunde blyk ook uit die feit dat 86,6% van die Bybelkunde-onderwysers, die Transvaalse Onderwysdepartement se oriënteringskursus vir die vak gedurende 1974 bygewoon het (vergelyk tabel M). Hierdie kursus het leiding en voorligting gebied ten opsigte van die interpretering en implementering van die nuwe Bybelkundesillabus. Van die 86,6% onderwysers wat die kursus bygewoon het, beweer 88,4% dat dit vir hulle van groot hulp was met die vakaanbieding (vergelyk tabel M).

5.9.3 Die positiewe beeld ten opsigte van voorligting en leiding met die aanbieding van Bybelkunde neem nie weg dat 11,6% onderwysers beweer dat die oriënteringskursus vir hulle slegs van weinig hulp was nie. Hoewel geheel in die minderheid sal hierdie bewering aandag moet geniet. Daar kan natuurlik ook bevind word dat dit bekwame onderwysers is wat geen voorligting en leiding benodig nie.

## 5.10 Getoets aan die eise wat Wet 39 van 1967 aan Bybelkunde stel

5.10.1 Dit blyk duidelik uit die oortuiging van onderwysers dat Bybelkunde 'n positiewe bydrae lewer tot die gestaltegewing van die Christelike karakter van die onderwys soos vereis in Wet 39 van 1967. Waar Bybelkunde onder andere 'n bydrae daartoe lewer deur handhawing van die vak se grondslag en benadering, en deur nastrewing van die vakdoelstellings soos vereis in die sillabus, het die algehele tevredenheid by onderwysers daarmee opgeval (vergelyk tabel J). Benewens onderwysers se tevredenheid daarmee moet ook in ag geneem word dat die vakaanbieding vir alle onderwysers 'n genot is (vergelyk tabel M). Die algemene tevredenheid by onderwysers dat die grondslag, vakdoelstellings en benadering van Bybelkunde korrek geformuleer is, en die algehele arbeidsvreugde met die implementering daarvan, dra nie alleen by tot die uitvoering van die eise van Wet 39 van 1967 nie, maar behoort ouers, leerlinge, onderwyshoofde en die kerk tot dankbaarheid te stem.

Ook wat die vakinhoud betref, het geen onderwyser enige prinsipiële beswaar daarteen nie. Dit blyk uit die feit dat 66,6% heeltemal tevrede daarmee is, en dat by die 33,3% wat nie heeltemal tevrede daarmee is nie, dit bloot gaan om 'n gevoel dat die leerstof té omvattend is (vergelyk tabel J).

5.10.2 Wat die vakaanbieding betref, word die geloofsoortuiging van ouers en leerlinge geëerbiedig soos vereis deur Wet 39 van 1967. Geen ouer of leerling het beswaar gemaak teen die grondslag, doelstellings of benadering van Bybelkunde nie (vergelyk die "opmerking" na gevolgtrekkings by tabel J). Inteendeel, 91,2% van die leerlinge wat Bybelkunde neem, beweer dat die vak tot dusver aan hul verwagtinge voldoen het (vergelyk tabel P).

## 5.11 Getoets aan die eis wat praktiese bruikbaarheid aan Bybelkunde stel

5.11.1 Die besondere godsdienstig-vormende waarde van Bybelkunde, en die feit dat dit 'n positiewe bydrae lewer tot die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, is die algemene oortuiging van hoofde. 97,6% hoofde is die mening toegedaan dat die vak daartoe bydra om leerlinge prinsipieel te vorm en beter toe te rus vir die eise van ons tyd (vergelyk tabel B). In dieselfde verband is 86,6% hoofde verder van mening dat die instelling van Bybelkunde by hul onderskeie skole ook leerlinge se belangstelling in Godsdiensonderrig verhoog het (vergelyk tabel B). Per slot van sake was die vormende waarde van Bybelkunde, en om te voorsien in die behoefte van verdere studie daarin, die hoofredes by hoofde vir die instelling van die vak (vergelyk tabel C).

Hierdie feite is bevestig deur leerlinge wat beweer het dat Bybelkunde hul lewensuitkyk verbreed het (89,4%), en 83,8% wat beweer het dat Bybelkunde van hulle mense gemaak het wat beter staande sal kan bly teen hedendaagse aanslae (vergelyk tabel P).

As nou in aanmerking geneem word dat Bybelkunde-kandidate 'n verskeidenheid beroepe gaan volg (vergelyk tabel R), beteken dit dat hierdie vak vir al daardie beroepe prinsipieel-gevormde mense gelewer het met 'n positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing. In hierdie opsig is Bybelkunde dus relevant vir al die beroepe wat uiteindelik deur leerlinge wat hierdie vak geneem het, beoefen gaan word.

5.11.2 Dit is gestel dat Bybelkunde veral van betekenis is vir diegene wat verdere studie in die vak beplan, en diegene wat die onderwysberoep as loopbaan beplan. Blykens die gegewens beplan 38,8% van die leerlinge wat gedurende 1975 in standerd 10 Bybelkunde neem, om onderwyser(es) te word (vergelyk tabel R). Van hierdie 38,8% leerlinge oorweeg 48,4% dit om Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem (vergelyk tabel R). Vir hierdie leerlinge het Bybelkunde as keusevak op skool die noodsaaklike agtergrond verskaf met die oog op verdere studie daarin.

5.11.3 Dit is egter nie slegs voornemende onderwysers(esse) wat Bybelkunde as vak vir 'n graadkursus oorweeg nie. In verskeie ander beroepe beplan leerlinge om

Bybelkunde as vak in 'n graadkursus te neem, veral diegene wat maatskaplike werk as loopbaan oorweeg (vergelyk tabel R).

Samevattend blyk dit dus dat Bybelkunde as keusevak vir 'n verskeidenheid beroepe relevant is, veral relevant is vir die onderwysberoep, en beslis voorsien in die behoefte vir verdere studie in die vak.

# HOOFSTUK 6

## 6. LEEMTES EN AANBEVELINGS BETREFFENDE BYBELKUNDE AS KEUSEVAK IN TRANSVAALSE AFRIKAANSE SEKONDÊRE SKOLE

Die evaluering van Bybelkunde as keusevak in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole het getoon dat daar besliste gevare en leemtes bestaan wat hierdie vak betref. Vervolgens word daartoe oorgegaan om hierdie leemtes samevattend aan te dui waarna aanbevelings gemaak word met die oog op verbetering.

### 6.1 Leemtes

*6.1.1 Daling in die getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde kies*

6.1.1.1 Die getal skole wat jaarliks Bybelkunde as keusevak instel, toon 'n besliste afname sedert die implementering van gedifferensieerde onderwys.

6.1.1.2 Die getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde kies, toon 'n radikale afname.

6.1.1.3 Die feit dat 33,3% van die skole wat in 1975 Bybelkunde aanbied geen standerd 8-leerlinge het wat die vak neem nie, toon dat die vak in gevaar verkeer om by sommige skole dood te loop.

6.1.1.4 Dit was nie in belang van Bybelkunde dat die vak vanaf instelling in 1969 tot Januarie 1973 eers vanaf standerd 9 geneem kon word, slegs in die standaardgraad aangebied is, en slegs vir 'n standaardgraad oor al die standerd 9- en 10- leerstof geëksamineer is nie. Die omvang van die skade wat die vak hierdeur gelei het, is moeilik te bepaal. Hoewel hierdie aspekte sedert Januarie 1973 reggestel is, sal die toekoms toon in hoeverre hierdie skade permanent was.

6.1.1.5 Die feit dat Bybelkunde as keusevak tot slegs 2 studierigtings beperk is en daarin slegs in 30 amptelike vakversamelings voorkom, is onvoldoende vestigings – en uitbouingsgeleentheid vir 'n relatief nuwe vak. In hierdie opsig het Bybelkunde nie dieselfde geleenthede as die ander 5 geesteswetenskaplike vakke in groep E nie. Inteendeel, Bybelkunde het in hierdie opsig 'n agterstand teenoor die ander geesteswetenskaplike vakke.

6.1.2 Hoewel geheel in die minderheid, het 17,6% leerlinge beweer dat Bybelkunde daartoe bygedra het dat hulle soms in hul geloof verward raak.

6.1.3 Slegs 36,6% van die Bybelkunde-onderwysers het akademiese opleiding in die vakkomponent Christelike geloofs- en sedeleer gehad. Hierdie vakkomponent verteenwoordig 50% van die voorgeskrewe leerstof vir standerd 10 in die Bybelkundesillabus. Hierdie leemte is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat slegs die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Christelike geloofs- en sedeleer as vakkomponent in hul onderskeie Bybelkunde-graadkursusse aanbied.

6.1.4 Hoewel die Bybel as primêre studiebron in Bybelkunde tot sy reg kom, maak onderwysers nie voldoende gebruik van toepaslike hulpmiddele met die oog op gesaghebbende kommentaar en verklaring van die Bybel nie.

6.1.5 Daar is nog tussen 10%–16,6% onderwysers wat leerlinge (en die vak) benadeel deur hulle te weerhou van selfwerksaamheid as selfstandige vinding, uitvinding en formulering.

6.1.6 Die feit ontstel dat 24,4% van die Bybelkunde-onderwysers nog nie die nuwe Bybelkunde-sillabus tot 'n volledige werkskema as sinvolle werkbeplanning in kwartale of termyne vir die betrokke studiejaar of standerd verwerk het nie. Gebrek aan tydige vooruitbeplanning impliseer planloosheid by onderwysers wat as onduidelikheid, onsekerheid, en uiteindelike gebrek aan belangstelling, na leerlinge deurwerk.

6.1.7 Hoewel leerlinge se skriftelike werk gereeld gekontroleer word, laat die intensiewe nasien van sodanige werk deur onderwysers veel te wense oor.

6.1.8 Hoofde het oorwegend (53%) die beperkte getal vakversamelings wat Bybelkunde as keusevak insluit, as rede aangevoer vir die dalende getal leerlinge wat jaarliks die vak kies. Ongeveer 50% hoofde het ook aanbeveel dat 'n groter getal vakversamelings met Bybelkunde, 'n konstante patroon of groei t.o.v. die getal Bybelkunde-kandidate, sal bewerkstellig. Volgens T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973 kon hoofde by die Transvaalse Onderwysdepartement aansoek doen vir addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit.

Hoewel die Transvaalse Onderwysdepartement al sodanige aansoeke goedgekeur het, het 70% hoofde tog nie daarvoor aansoek gedoen nie.

6.1.9 80% van die Bybelkunde-onderwysers bied ook Godsdiensonderrig aan. Van hierdie onderwysers bied ongelukkig slegs 20% Godsdiensonderrig vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge aan. Daardeur word die geleentheid om van akademies-opgeleide personeel se dienste gebruik te maak vir gespesialiseerde voorligting en leiding aan potensiële Bybelkunde-kandidate, nie volledig in Godsdiensonderrigperiodes benut nie. Hierdie Bybelkunde-onderwysers is die aangewese personeel om deur werklik volwaardige Godsdiensonderrig, leerlinge in standerd 6 en 7 te inspireer tot die keuse van Bybelkunde en hulle verder voor te lig t.o.v. die wese en waarde van die vak. Omdat Bybelkunde eers vanaf standerd 8 geneem kan word, en dus grootliks nuut en onbekend vir leerlinge is, is sodanige leiding as gespesialiseerde voor- en bekendstelling beslis nodig. Wat tans egter inderdaad gebeur, is dat 30% van die onderwysers wat vir die meerderheid standerd 7-leerlinge Godsdiensonderrig in die betrokke skole aanbied, geen akademiese opleiding in Bybelkunde gehad het nie.

6.1.10 20,3% van die standerd 10-leerlinge wat in 1975 Bybelkunde neem, vind Godsdiensonderrig vervelend terwyl 20,9% van die standerd 10 Bybelkunde-kandidate (1975) nie van Godsdiensonderrig hou nie.

6.1.11 Hoewel die Transvaalse Onderwysdepartement se oriënteringskursus in Bybelkunde (1974) vir 86,6% onderwysers van groot hulp met die vakaanbieding was, het 11,6% onderwysers beweer dat dit vir hulle van weinig hulp was.

## 6.2 Aanbevelings

### *6.2.1 Daling in die getal leerlinge wat jaarliks Bybelkunde kies*

In belang van die intrinsieke meriete van Bybelkunde, en die waarde wat die vak vir leerlinge, ouers, die volk van die Republiek van Suid-Afrika en die kerk het, is dit dringend noodsaaklik om die daling in die getal leerlinge wat dit jaarliks kies te stuit. Sodoende sal insgelyks ook voorkom word dat die vak by sommige skole doodloop soos wat tans die aanduiding is. Om hierdie daling slegs te stuit behoort egter nie die uiteindelike doel te wees nie. Veel eerder moet dit wees om geleent-

hede vir hierdie vak te skep sodat dit in belang van genoemde instansies, maar veral ter wille van die Koninkryk van God, uitgebou kan word. Ten einde hierdie doel te bereik, en ook verdere instellings van die vak by skole te bewerkstellig, word die volgende aanbeveel:

6.2.1.1 Bybelkunde behoort reeds vanaf standard 6 of 7 in Transvaalse sekondêre skole aangebied te word. Dit impliseer nie alleen 'n gelyke geleentheid teenoor ander geesteswetenskaplike vakke nie, maar sal ook vir leerlinge 'n meer natuurlike aansluiting en voortsetting van die primêre skool se volwaardiger Godsdiensonderrig wees. Omdat die primêre skool dubbel soveel tyd as die sekondêre skool aan Godsdiensonderrig bestee, kan dit volwaardiger aangebied word. Verder sal dit meebring dat daar nie van standerd 8-leerlinge verwag word om Bybelkunde as nuwe en onbekende vak te kies nie.

6.2.1.2 Bybelkunde behoort in meer, of al die studierigtings, aangebied te word. Vir hierdie doel kan gelet word op die studierigtings waarin Geskiedenis voorkom (vergelyk paragraaf 2.11.1 in hoofstuk 2). Waar Geskiedenis 'n besondere bydrae lewer tot die gestaltegewing van die Nasionale karakter van die Onderwys soos vereis deur Wet 39 van 1967, lewer Bybelkunde dit inderdaad t.o.v. die Christelike karakter. Verder is dit ondenkbaar dat Geskiedenis vir sekere studierigtings relevant is en Bybelkunde nie. Aangesien Bybelkunde as keusevak onder dogters besonder gewild is, behoort dit veral ook in studierigtings wat hoofsaaklik deur dogters gevolg word, geplaas te word.

6.2.1.3 Dit is noodsaaklik dat 'n groter aantal vakversamelings met Bybelkunde saamgestel, en op die amptelike lys van goedgekeurde vakversamelings geplaas word. Ook wat hierdie aangeleentheid betref, behoort die bedeling vir Geskiedenis en Bybelkunde nie só radikaal te verskil soos wat tans die geval is nie (vergelyk paragraaf 2.11.2 in hoofstuk 2). Hoewel beslis

nie die doel nie, skep die huidige voordeliger bedeling vir Geskiedenis die indruk dat teen Bybelkunde gediskrimineer word.[1)]

6.2.1.4 Kerke behoort die intrinsieke meriete en vormende waarde van Bybelkunde onder die aandag van belydende lidmate (ouers) en dooplidmate (kinders) te bring. Kerke het beslis 'n voorligtingstaak om die keuse van Bybelkunde by lidmate aan te moedig. Hierdie aanbeveling word ook gemaak in die lig van kerke se positiewe ywer om die vak in Transvaalse sekondêre skole ingestel te kry.

6.3 Om te voorkom dat 'n persentasie leerlinge beweer dat Bybelkunde daartoe bygedra het dat hulle soms in hul geloof verward raak, word aanbeveel dat slegs onderwysers wat ook akademiese opleiding in Christelike geloofs- en sedeleer geniet het, Bybelkunde aanbied. Tans het slegs 36,6% van die Bybelkunde-onderwysers ook akademiese opleiding in Christelike geloofs- en sedeleer.

6.4 Die vakkomponent Christelike geloofs- en sedeleer, behoort ook in die onderskeie Bybelkunde-graadkursusse ingesluit te word. In die lig van die huidige bedeling van onderwysersopleiding in die Republiek van Suid-Afrika, is dit ondenkbaar dat universiteite in hul opleidingsfunksie, nie ook sal let op die behoeftes en vereistes wat in sillabusse vir skole gestel word nie. As kernsillabus geld die Bybelkundesillabus vir alle skole in die Republiek van Suid-Afrika en behoort 'n onderwyser wat Bybelkunde as hoofvak by enige universiteit geslaag het, in staat te wees om al die voorgeskrewe vakkomponente tot op standerd 10-vlak te onderrig. Indien dit nie die geval is nie, beteken dit akademies-ongekwalifiseerde gegradueerdes.

---

1. Op 4 Desember 1974 het die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde), op uitnodiging en aanbeveling van die Transvaalse Adjunk-Direkteur van Onderwys, prof. dr. J.H. Jooste, 28 addisionele vakversamelings met Bybelkunde geformuleer. Hierdie vakversamelings kom in 7 van die 8 studierigtings voor. Uit hierdie uitnodiging en aanbeveling blyk die simpatieke erns van die Transvaalse Onderwysdepartement om Bybelkunde as keusevak te beskerm. Hierdie aansoek om addisionele vakversamelings in die onderskeie studierigtings geniet tans die Departement se dringende aandag.

6.5 Met die oog op gesaghebbende kommentaar en verklaring van die Bybel behoort onderwysers van meer hulpmiddele vir hierdie doel gebruik te maak. In hierdie verband word verder en spesifiek aanbeveel dat Bybelkunde-onderwysers minstens ook die Bybel met Verklarende Aantekeninge permanent in die klaskamer beskikbaar sal hê en dit gereeld gebruik. Die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) het in hierdie verband 'n besondere toesighoudende funksie.

6.6 Dit word aanbeveel dat Bybelkunde-onderwysers aan leerlinge volledige geleentheid tot selfwerksaamheid as selfstandige vinding, uitvinding en formulering bied. Ook in hierdie verband het die hoof en betrokke inspekteurs 'n toesighoudende funksie.

6.7 Dit word aanbeveel dat alle Bybelkunde-onderwysers reeds aan die begin van die studiejaar oor 'n volledige werkskema, as verwerking van die Bybelkundesillabus tot 'n sinvolle werkbeplanning, beskik. In hierdie verband het die betrokke senior assistent, hoof en inspekteur 'n voorligtings- en toesighoudende funksie.

6.8 Dit word aanbeveel dat die verantwoordelike senior assistent, hoof en inspekteur noulettend toesien dat die intensiewe nasien van skriftelike werk deur leerlinge tot sy reg kom. Dit beteken nie dat alle skriftelike werk intensief nagesien moet word nie, maar tans geniet hierdie aspek nie die nodige aandag nie (vergelyk tabel K).

6.9 Dit word aanbeveel dat hoofde wat van mening is dat Bybelkunde nie oor voldoende goedgekeurde vakversamelings beskik nie vir addisionele vakversamelings aansoek doen volgens die geleentheid daarvoor gebied in T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973.

6.10 Dit word aanbeveel dat die dienste van Bybelkunde-onderwysers wat ook verantwoordelik is vir die aanbieding van Godsdiensonderrig hoofsaaklik benut word vir die aanbieding van Godsdiensonderrig aan die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge.

6.11 Dit word aanbeveel dat standerd 10-leerlinge wat Bybelkunde as keusevak neem, vrygestel word van die verpligte Godsdiensonderrig. Die onderrigtyd wat aan Godsdiensonderrig toegeken is behoort dan vir Bybelkunde gebruik te word. Die groot mate van duplisering t.o.v. die twee vakke se voorgeskrewe leerstofinhoud vir standerd 10 noodsaak hierdie aanbeveling. Sodanige wysiging sal in belang van albei vakke wees, en die verveling by 20,3% deur Godsdiensonderrig voorkom. Die sterk godsdienstig-vormende waarde van Bybelkunde impliseer dat sodanige leerlinge in hierdie verband niks sal verbeur nie. Ten einde hierdie aanbeveling te realiseer, word aanbeveel dat Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953, dienooreenkomstig gewysig word. Die volgende toevoeging tot genoemde ordonnansie word aanbeveel:

> "Standerd 10-leerlinge wat Bybelkunde neem, word vrygestel van verpligte Godsdiensonderrig en die voorgeskrewe onderrigtyd vir Godsdiensonderrig moet in die geval van hierdie leerlinge vir die onderrig van Bybelkunde gebruik word".

6.12 Dit word aanbeveel dat die Studiekomitee vir Bybelkunde van die Transvaalse Onderwysdepartement 'n deeglike studie maak van kursusorganiseerders se verslae na afloop van kursusse. Aanbevelings daarin ter verbetering van kursusse behoort opgevolg te word sodat kursusse, sover moontlik, steeds sal verbeter en kursusgangers die optimum baat daarby sal vind.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING

Hierdie studie het gepoog om Bybelkunde as keusevak in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole te evalueer.

Die historiese aanloop tot die instelling van Bybelkunde in 1969 het getoon hoe verskeie persone en instansies hul beywer het vir die instelling van 'n akademiese vak wat die Bybel as primêre bron van studie sou hê. Vir hierdie doel het genoemde persone en instansies deurgaans beoog om die status van Godsdiensonderrig tot dié van 'n eksamenvak te verander. Hierdie benadering het sekerlik meer as enigiets anders die instelling van Bybelkunde vertraag. Dit was egter die huidige Transvaalse Direkteur van Onderwys, dr. A.L. Kotzee, wat op 10 September 1965 in sy destydse hoedanigheid as Professionele Assistent van die Transvaalse Onderwysdepartement vir die deurbraak tot die instelling van Bybelkunde verantwoordelik was. Sy aanbeveling om Bybelstudie as eksamenvak (keusevak) vir die twee eindeksamens in te stel is aanvaar, en vanaf Januarie 1969 is Bybelkunde in Transvaalse sekondêre skole ingestel.

Hoewel die vak met 'n beskeie getal kandidate ingestel is, het die getalle skouspelagtig gegroei tot 1973. Vanaf 1973 toon die getal Bybelkunde-kandidate en die skole wat jaarliks die vak nuut instel 'n ernstige afname. Tans blyk dit dat die vak in ernstige gevaar verkeer om by sekere skole dood te loop.

Die Bybelkundesillabus wat sedert Januarie 1969 in Transvaalse sekondêre skole gevolg is, het daarvoor voorsiening gemaak dat die vak eers vanaf standerd 9 gekies kon word, slegs op standaardgraadvlak aangebied is, en dat slegs vir die standaardgraad-toekenning leerlinge in die eindeksamen oor al twee jaar se leerstofinhoud geëksamineer is. Dit het uit hierdie ondersoek geblyk dat genoemde drie aspekte nie in belang van die vestiging en groei van Bybelkunde as keusevak was nie. Vanaf Januarie 1973 is die nuwe kernsillabus vir Bybelkunde in Transvaalse sekondêre skole gevolg. Hierdie kernsillabus is verwerk tot 'n Bybelkundesillabus vir Transvaalse sekondêre skole en bepaal dat die vak sedert Januarie 1973, vanaf standerd 8 gekies kan word, op beide hoër- of standaardgraadvlak geneem kan word, en dat die eindeksamen slegs oor die voorgeskrewe werk vir

standerd 10 handel. Hierdie verbetering in die bedeling vir Bybelkunde het, volgens statistiek wat ingewin is, tot dusver geen groei vir Bybelkunde meegebring nie.

Met die oog op die evaluering van Bybelkunde as keusevak in die betrokke skole is in hoofstuk 2 besin oor die naam, wese, plek in die opvoeding en doel van Bybelkunde. Vervolgens is kriteria bepaal en gelet op die eise wat die Bybel en gelowige ouerskap, doopsformulier, Bybelkundesillabus, metodologiese riglyne in die sillabus, organisasie en beplanning, gedifferensieerde onderwys, Godsdiensonderrig, inspeksie en voorligting, Wet 39 van 1967, en praktiese bruikbaarheid aan Bybelkunde stel.

Ten einde te evalueer of Bybelkunde voldoen aan die eise wat in die kriteria gestel is, is drie vraelyste aan al 31 skole wat tans die vak aanbied, gestuur. Op hierdie vraelyste het 30 skole gereageer wat beteken dat hierdie ondersoek bykans 'n volledige beeld van Bybelkunde in die betrokke Transvaalse skole weergee.

Die drie vraelyste is onderskeidelik gerig aan die hoof, die Bybelkunde-onderwyser vir standerd 10, en alle standerd 10-leerlinge wat gedurende 1975 die vak neem. In hoofstuk 4 is die gegewens wat ingewin is ontleed en in hoofstuk 5 geëvalueer aan die hand van die eise wat in hoofstuk 2 gestel is. In hoofstuk 6 is die leemtes wat aan die lig gekom het samevattend uitgelig en aanbevelings ter verbetering gemaak.

Hoewel daar besondere verdienstes bevind is, word dié tot 'n groot mate deur leemtes en gevare op die agtergrond gedwing. Van die ernstigste in hierdie verband is die feit dat Bybelkunde tans só ernstig kwyn t.o.v. die getal leerlinge wat jaarliks die vak kies, dat die vak beslis dreig om by sekere skole dood te loop.

Die oortuiging bestaan dat indien alle betrokke instansies die aanbevelings van hierdie ondersoek tydig en met erns opvolg, die toekoms van Bybelkunde as keusevak kan verbeter. Dít is in belang van leerlinge, ouers, die volk van die Republiek van Suid-Afrika en die kerk. Bowenal egter, is dit in belang van die Koninkryk van God.

Die simpatieke gesindheid van die Transvaalse Onderwysdepartement, wat bo alle twyfel uit hierdie ondersoek geblyk het, is gerusstellend.

## SYNOPSIS

This study has attempted to evaluate Biblical Studies as a choice subject in Transvaal Afrikaans secondary schools.

The period prior to 1969 was characterized by various persons and instances striving to have Biblical Studies introduced as an academic subject with the Bible as its primary source. To achieve this they continually endeavoured to change the status of Religious Instruction to that of an examination subject. This approach, more than any other reason delayed the introduction of Biblical Studies. The break-through for the introduction of Biblical Studies came about on the 10th of September 1965 owing to the efforts of Dr. A.L. Kotzee, Director of Education, and at the time Professional Assistant to the Transvaal Education Department. His move that Biblical Studies be introduced as a choice subject for both final examinations was accepted and from January 1969 this was realized.

The number of candidates taking Biblical Studies grew very rapidly until 1973. Since then there was a marked reduction in the number of candidates. The same applies to the number of schools introducing the subject. This has become so serious that the subject is in danger of disappearing from the curriculum of some schools.

The syllabus for Biblical Studies which has been followed in Transvaal secondary schools since January 1969 made provision that the subject could only be taken as from standard 9, on the standard grade level only, while the final examination was based upon the work of standards 9 and 10. The result of this study seems to be that the aforementioned aspects were not conducive to the establishment and growth of Biblical Studies as a choice subject.

The new core syllabus for Biblical Studies was introduced in Transvaal secondary schools in January 1973. This syllabus was extended into a syllabus for Transvaal secondary schools and makes provision for the subject being taken as from standard 8. Furthermore the subject is offered at both standard and higher grade levels with a final examination based only upon the work of the standard 10 year. In spite of the more favourable conditions Biblical Studies has according to statistics, declined as a subject.

For the purpose of evaluating Biblical Studies as a choice subject, chapter 2 of this study considers the educational value of the subject with regard to its name, nature, aims and place in the educational situation. Criteria were determined and the following aspects were taken into consideration: The Bible and Christian parenthood, baptismal creed, the syllabus for Biblical Studies, methodological guidance in the syllabus, organization and planning, differentiated education, Religious Instruction, inspection and guidance, Law 39 of 1967 and the value of Biblical Studies in practice.

In order to determine whether Biblical Studies meets the demands of the criteria mentioned, the 31 schools offering the subject, were requested to complete three questionnaires. Thirty schools responded and this study therefore gives a comprehensive view of Biblical Studies at Transvaal Afrikaans secondary schools.

Questionnaires were completed by the headmaster, the teacher for Biblical Studies in standard 10 and all standard 10 pupils who took the subject in 1975. Chapter 4 analysis the information and chapter 5 evaluates Biblical Studies according to the criteria set out in chapter 2. Chapter 6 focuses on the shortcomings that became evident and makes certain recommendations for the improvement of the situation.

The particular assets found are to a great extent negated by many shortcomings and other dangers. The most serious of these is the dwindling number of pupils taking the subject.

If all instances concerned were to take notice of the recommendations of this investigation, it seems possible that the future of Biblical Studies as a choice subject may be assured. This matter concerns pupils, parents, the South African nation and the Church. Above all however, it concerns the Kingdom of God. The sympathetic attitude of the Transvaal Education Department is praiseworthy.

## GERAADPLEEGDE BRONNE

### A. Boeke


BLISHEN, E. The school as an experimental community. (In: Macy, C. Lets' teach them right, perspectives on religious and moral education. Pemberton Books, London, 1969.

BYBEL MET VERKLARENDE AANTEKENINGE. Deel I.

CASTELYN, H.C. Godsdiensonderrig as 'n volwaardige vak in Transvaalse middelbare skole. Onderwyskollege, Pretoria, Oktober 1959.

COETZEE, J. CHRIS. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Tweede druk, Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Beperk. Stellenbosch. 1948.

FORMULIERBOEK VAN DIE GEFEDEREERDE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Nederduitse Gereformeerde Kerkpers, Kaapstad, 1950.

FOX, D.J. The research process in Education. Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York, 1969.

GIELEN, J.J. e.a., Keur uit die Verspreide Geskriften van Prof. Dr. J. Waterink. Groningen, J.B. Wolters, 1961,

GUNTER, C.F.G. Opvoedingsfilosofieë. Eerste druk, Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars (Edms.) Beperk. 1961.

HOWKINS, K.G. The challenge of Religious Studies. Tyndale Press, London, 1972.

INTERKERKLIKE KOMITEE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING. 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys, Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria, 1969.

(i) BINGLE, H.J.J. Ons lewens- en wêreldbeskouing en Wet 39 van 1967.

(ii) COETZEE, J. CHRIS. Die plek van die lewensopvatting in ons onderwysbeleid.

(iii) HEIBERG, P.J. Die grondslag van Christelike opvoeding en onderwys in Suid-Afrika.

(iv) STONE, H.J.S. Christelike Godsdiensonderrig in huis en skool.

JANSEN VAN RENSBURG, W.L. 'n Kritiese studie van die Bybelkundesillabus vir die Transvaalse middelbare skole, met die oog op 'n voorgeskrewe kernsillabus vir die middelbare skole van die Republiek van Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1971.

KERLINGER, F.N. Foundations of behavioral research. Second edition, Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York, 1964, 1973.

PAEDAGOGICA. Keur uit de werken van Prof. Dr. J. Hoogveld. Tweede druk, Groningen, J.B. Wolters, 1951.

LANGEVELD, M.J. Beknopte teoretische pedagogiek. Vierde druk, Groningen, J.B. Wolters, 1952.

LANGEVELD, M.J. Scholen maken mensen. J. Muussen nv, Purmerend, 1967.

MALAN, J. du P. Kerk en ouerskap. Ongepubliseerde D.D.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968.

OBERHOLZER, C.K. Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek. Eerste druk, H.A.U.M., Kaapstad, 1960.

OBERHOLZER, C.K. Wêreldbeskouing en lewensopvatting. (In: Die waardes van die Afrikaner. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1969).

PERQUIN, N. Pedagogiek. J.J. Romen & Zonen, Roermond, Maaseik, 1960.

ROEST, P. Het godsdienstonderwijs op de middelbare school. Groningen, Wolters-Noordhoff, 1968.

ROGERS, P.H. A guide to divinity teaching. S.P.C.K., London, 1962.

STANDER, H.C. 'n Prinsipiële en empiriese ondersoek na die huidige stand van Godsdiensonderrig in die Transvaalse sekondêre skole. M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1973.

VAN DALEN, D.B. Understanding educational research. Mc Graw-Hill Book Company, London, 1962.

VAN DER WALT, S.J. e.a. Geloofsleer en Sedeleer vir standerd 10. Citadel-Pers, Kaapstad, Ongedateerd.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. Die onderrig van Geloofsleer in die Christelik-Afrikaanse sekondêre skool. M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1974.

VAN PRAAG, H. De zin der opvoeding. Haarlem, Bohn, 1950.

VAN WYK, J.H. Die sillabus vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde aan Transvaalse onderwysersopleidingsinrigtings. M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1966.

VAN WYK, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig. D.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1970.

WIELENGA, B. Ons doopsformulier. Tweede druk, Kampen Kok, 1920.

## B. Brosjures en Tydskrifte


DUVENAGE, S.C.W. Bybelkunde as volwaardige vak op die middelbare skool. P.U. vir C.H.O., April 1972.

GUNTER, C.F.G. Wat moet ons verstaan onder die Christelike karakter van die Onderwys in die openbare Staats- of Staatsondersteunde Skool? **Die Unie,** April 1970.

JANSEN VAN RENSBURG, W.L. Die plek vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde op skool. **Onderwysblad,** Januarie 1970, nr. 830, deel LXXXII.

MULDER, J.J. Sekularisasie en sekularisme in die opvoeding. **Bulletin van die S.A.V.C.W.,** Oktober 1970, nr. 25.

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. **Mondstuk,** Januarie 1975, Jaargang 3, nr. 31.

VAN DER MERWE, B. de V. Die opvoedkundige implikasies van die Christelikwysgerige antropologie. **Tydskrif vir Christelike wetenskap,** Jaargang 9, vierde kwartaal, 1973.

VAN WYK, J.H. Die Bybel in die lewe van die kind. P.U. vir C.H.O., 28 April 1972.

VAN WYK, J.H. Die doel van Godsdiensonderrig op skool. Ongedateerd.

VAN WYK, J.H. Ons Christelike lewensbeskouing. P.U. vir C.H.O., 5 Oktober 1973.

WOORD EN DAAD. Calvinistiese maandblad; **daarin:** Probleme rondom gedifferensieerde onderwys, Februarie 1973.

WOORD EN DAAD. Calvinistiese maandblad; **daarin:** Wekroep van reformasie: terug na die Woord, Oktober 1971.


## C. Amptelike publikasies en kennisgewings


STAATSKOERANT NR.3306 VAN 12 NOVEMBER 1971. Staatsdrukker, Pretoria, 1971.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Evaluering van leerlingprestasie, Inligtingstuk No. 3, Januarie 1975.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Handleiding vir die implementering van gedifferensieerde onderwys in Transvaal. Junie 1972.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Handleiding vir skoolorganisasie. Mei 1970.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Kennisgewing aan Inspekteurs van Onderwys. T.O.P. 1-1-5, 1973.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Omsendbrief Nr. 35 van 1968.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Omsendminuut 146 van 1973.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Omsendminuut 101 van 1974.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Omsendminuut 141 van 1974.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Sillabus vir Bybelkunde vir sts. IX en X. Ongedateerd.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Sillabus vir Bybelkunde, Standerd 8,9, 10. September 1974.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Studiekomitee vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde. Nuusbrief No. 1: Eksaminering van Bybelkunde van November 1975 af, 1974-11-13.

TRANSVAALSE PROVINSIALE RAAD. Artikel 53 van die Transvaalse Onderwysordonnansie van 1953. Staatsdrukker, Pretoria, 1953.

VOLKSRAAD, Die. Wetgewing nr. 39 van 1967. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1967.

**D. Referate en verslae**

**(i) Transvaalse Onderwysdepartement. Oriënteringskursus in Bybelkunde (St. 8–10), 29 Julie – 1 Augustus 1974**

LESING NR. 1. 'n Nuwe Bybelkundesillabus. Opgestel deur : Studiekomitee vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde. (Voorberei deur: Dr. H.J.S. Stone – H.O.M).

LESING NR. 2. Die waarde van Bybelkunde vir die kind in kontemporêre omstandighede. Opgestel deur: Studiekomitee vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde. (Voorberei deur: Mnr. R.G. Codrington – H.O.M.).

LESING NR. 11. Die organisasie, aanbieding en toekoms van Bybelkunde as skoolvak. Opgestel deur: Studiekomitee vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde. (Voorberei deur: Mnr. H.O. Maree – H.O.M.).

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. Verslag van die oriënteringskursus in Bybelkunde (Sts. 8–10), gehou vanaf 29 Julie – 1 Augustus 1974.

**(ii) Transvaalse Onderwysdepartement : Opknappingskursus in Godsdiensonderrig (Middelbare skool), 5–9 April 1965, gehou aan die Goudstadse Onderwyskollege**

BADENHORST, P.G. Die opstel en afhandeling van die werkskema.

**(iii) Transvaalse Onderwysdepartement : Streekskursus in Godsdiensonderrig vir Sekondêre Skole, 12 Mei en 2 September 1975**

MAREE, H.O. Die benadering, organisasie, en evaluering van Godsdiensonderrig. Lesing 1.

## E. Amptelike briewe, memorandums en voorleggings

Brief van die Transvaalse Direkteur van Onderwys aan die Pretoriase Skoolraad, 17.2.1959, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I.

Brief van Mnr. H.C. Castelyn aan die Transvaalse Direkteur van Onderwys, 20.1.1961, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I, p.43.

Brief van die Transvaalse Direkteur van Onderwys aan die Leergangkomitee vir Middelbare onderwys, 23.1.1961, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, p.44.

Brief van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing aan die Transvaalse Onderwysdepartement, 15.6.1962, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I, p.98.

Memorandum van die I.K.K.O. vir samespreking met die Transvaalse Adjunk-Direkteur van Onderwys, p.3, 16.6.1962, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I.

Brief van die Transvaalse Direkteur van Onderwys aan die I.K.K.O., 21.7.1962, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I, p.95.

Brief van die Transvaalse Onderwysdepartement aan die Direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 30.7.1962, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I, p.102.

Brief van die Ringscriba van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, aan die Transvaalse Direkteur van Onderwys, 8.10.1963, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-8, Volume I, p.88.

Brief van Ds. J.H. Boneschans namens Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging aan die Transvaalse Direkteur van Onderwys, 4.5.1964, in T.O.D.-lêer T.O.A.10-8, Volume I, p.129.

Voorlegging van die Professionele Assistent van die Transvaalse Onderwysdepartement aan die Direkteur van Onderwys, 10.9.1965, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-8, Volume I, p.186.

## F. Notules

Notule van die Skoolraadskonferensie gehou te Pretoria op 9 en 10 September 1958, in T.O.D.-lêer T.O.A. 10-3-3-29, Volume I.

Notule van die vergadering van die Interkerklike Handboeke-kommissie, gehou te Pretoria op 1.12.1967, p.2. (In die notuleboek van die Interkerklike Handboekekommissie, Pretoria).

## G. Onderhoud

DEKKER, A.J. (Dr.). Onderwysburo van die Transvaalse Onderwysdepartement, Maart 1974.

## H. Jaarboeke

ORANJE-VRYSTAAT. Universiteit van die. Jaarboek, 1974.

PORT ELIZABETH. Universiteit van. Jaarboek, 1974.

POTCHEFSTROOM. Universiteit vir C.H.O. Jaarboek, 1974.

PRETORIA. Universiteit van. Jaarboek, 1974.

PRETORIA. Universiteit van Suid-Afrika. Jaarboek, 1974.

RANDSE. Afrikaanse Universiteit. Jaarboek, 1974.

STELLENBOSCH. Universiteit van. Jaarboek, 1974.

# BYLAAG A

Blenheimweg 15
Lynnwood Glen
PRETORIA. 0001

1975-01-20

Die Hoof

.........................................................

.........................................................

.........................................................

.........................................................

.........................................................

Geagte Meneer

Met vrymoedigheid versoek ek vriendelik u samewerking in verband met meegaande vraelyste.

Bewus van u dringende program, veral aan die begin van 'n nuwe jaar, maak ek staat op u simpatieke medewerking in belang van die vak Bybelkunde. Indien u belangstel, sal die uitslag van hierdie ondersoek tot u beskikking gestel word.

Toestemming is aan my verleen deur die Direkteur van Onderwys om hierdie vraelyste aan alle Transvaalse Sekondêre skole, wat Bybelkunde as keusevak aanbied, te stuur. Die vraelyste handel oor:

"Die huidige stand van Bybelkunde in Transvaalse Sekondêre Skole".

Wees verseker dat alle inligting vertroulik gehanteer sal word en dat die name van persone of u skool konfidensieel sal bly.

Vriendelik versoek ek dat u asseblief persoonlik Vraelys A beantwoord. Vraelyste B en C moet asseblief aan die onderwysers/esse verantwoordelik vir die aanbieding van Bybelkunde oorhandig word vir hantering.

**Vraelys A** Moet asseblief deur u persoonlik voltooi word. Hierby is een eksemplaar van Vraelys A ingesluit.

**Vraelys B** Moet asseblief deur alle onderwysers/esse verantwoordelik vir die aanbieding van Bybelkunde voltooi word. Hierby is twee eksemplare van Vraelys B ingesluit.

**Vraelys C** Moet asseblief deur alle standerd 10-leerlinge wat vanjaar Bybelkunde neem voltooi word. Hierby is voldoende eksemplare van Vraelys C ingesluit.

'n Gefrankeerde koevert vir terugsending per aangetekende pos is hierby ingesluit.

Dit sal waardeer word indien die voltooide vraelyste voor of op 28 **Februarie 1975** teruggestuur word.

Ek dank u vir u vriendelike aandag en samewerking.

Hoogagtend

..........................................................

H.O. MAREE

# BYLAAG B

## VRAELYS A

Hierdie vraelys moet asseblief persoonlik deur die Hoof voltooi word.

Met die oog op wetenskaplike betroubaarheid word u vriendelik versoek om die vrae volledig en eerlik te beantwoord.

**Naam van skool:** ______________________________________

______________________________________________________

1. Wanneer is Bybelkunde by u skool ingestel? Januarie 19........
2. Wanneer het die eerste standerd 10-leerlinge die eindeksamen in Bybelkunde aan u skool afgelê? November 19......
3. Voltooi asseblief die onderstaande tabel t.o.v. die getal leerlinge wat jaarliks in die onderskeie standerds Bybelkunde sedert instelling gekies het.

| | 1969 | 1970 | 1971 | 1972 | 1973 | 1974 | 1975 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal st. 8-leerlinge | | | | | | | |
| Getal st. 9-leerlinge | | | | | | | |
| Getal st. 10-leerlinge | | | | | | | |
| TOTAAL | | | | | | | |

4. Indien die getal leerlinge wat Bybelkunde kies 'n afname toon, waaraan skryf u dit toe? Beperk u antwoord asseblief tot 5 reëls.

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

2/.....

5. Indien Bybelkunde volgens u mening 'n afname toon t.o.v. die getal leerlinge wat dit kies, wat beveel u aan ten einde 'n konstante patroon of groei te bewerkstellig? Beperk u antwoord asseblief tot hoogstens 5 reëls.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Is dit u mening dat die belangstelling by leerlinge in Bybelkunde as keusevak sal toeneem indien die vak reeds vanaf standerd 6 gekies sou kon word? Ja/Nee ☐

7. Vir hoeveel addisionele vakversamelings wat Bybelkunde insluit het u aansoek gedoen volgens paragraaf 1.1 van T.O.D.-Omsendminuut 146 van 1973? Getal ☐

8. Hoeveel van hierdie vakversamelings is deur die Departement goedgekeur en hoeveel afgekeur?

Getal goedgekeur ☐

Getal afgekeur ☐

9. Is u van mening dat Bybelkunde besonderlik daartoe bydra om leerlinge prinsipieel te vorm en beter toe te rus vir die eise van ons tyd? Ja/Nee ☐

10. Wat is die hoogste akademiese kwalifikasie in Bybelkunde van die onderwyser/es wat vir die meerderheid standerd 7-leerlinge Godsdiensonderrig aanbied? (Bv. Bybelkunde I, II of III) ☐

11. Is u van mening dat die instelling van Bybelkunde by u skool ook die belangstelling van leerlinge in Godsdiensonderrig verhoog het? Ja/Nee ☐

12. Dui asseblief met 'n kruisie (x) teenoor die onderstaande redes aan wat u hoofrede was vir die instelling van Bybelkunde.

| | | |
|---|---|---|
| a. | Omdat 'n algemene behoefte by leerlinge bestaan het. | |
| b. | Omdat 'n persoon of instansie dit versoek het. | |
| c. | Omdat u oortuig was dat leerlinge makliker standerd 10 sou slaag. | |
| d. | Omdat die vormende waarde van Bybelkunde dit eis. | |
| e. | Om te voorsien in die behoefte van verdere studie daarin. | |

13. Indien u 'n ander hoofrede as bogenoemdes gehad het sal u dit asseblief in 'n enkele sin weergee?

____________________________________

____________________________________

Baie dankie vir u samewerking.

# BYLAAG D

## VRAELYS C

Hierdie vraelys moet asseblief deur alle standerd 10-leerlinge wat Bybelkunde neem, ingevul word.

Met die oog op wetenskaplike betroubaarheid word vriendelik versoek dat alle vrae volledig en absoluut eerlik beantwoord word.

Moet asseblief geen persoon se naam op die vraelys aanbring nie.

NAAM VAN SKOOL: ______________________________________

---

Beantwoord die vrae deur net 'n kruisie (x) te maak in die blokkie onder "Ja" of "Nee". Soms word 'n vollediger antwoord verwag. Lees asseblief die vrae noukeurig.

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Is jy 'n dogter? | | |
| 2. | Neem jy Bybelkunde op Hoërgraad vlak? | | |
| 3. | Het Bybelkunde dusver aan jou gebied wat jy verwag het? | | |
| 4. | Hou jy van die vak Godsdiensonderrig? | | |
| 5. | Verveel Godsdiensonderrig jou omdat jy ook Bybelkunde neem? | | |
| 6. | Het die vak Godsdiensonderrig jou aangemoedig om Bybelkunde te neem? | | |
| 7. | Is die kennis wat jy met Godsdiensonderrig opgedoen het bruikbaar in Bybelkunde? | | |
| 8. | Het Bybelkunde jou aangemoedig om vrywillig die Bybel meer te lees? | | |
| 9. | Het Bybelkunde jou 'n beter begrip van die Bybel gegee? | | |
| 10. | Het Bybelkunde jou lewensuitkyk verbreed? | | |
| 11. | Help Bybelkunde jou om persoonlike probleme op te los? | | |
| 12. | Het Bybelkunde van jou 'n mens gemaak wat beter staande sal kan bly teen die hedendaagse aanslae? | | |
| 13. | Het Bybelkunde vir jou groter sekerheid van jou geloof gegee? | | |

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 14. | Het Bybelkunde jou kennis van God vergroot? | | |
| 15. | Het Bybelkunde vir jou 'n dieper liefde vir God gegee? | | |
| 16. | Dra Bybelkunde daartoe by dat jy soms in jou geloof verward raak? | | |
| 17. | Het Bybelkunde daartoe bygedra dat jou begrip van die kerk verbeter het? | | |
| 18. | Het Bybelkunde bygedra tot die verbetering van jou kerkbesoek? | | |
| 19. | Oorweeg jy dat dit om 'n onderwyser/es te word? | | |
| 20. | Indien wel, oorweeg jy om 'n hoërskoolonderwyser/es te word? | | |
| 21. | Indien jy 'n graadkursus oorweeg, beplan jy om Bybelkunde as een van jou vakke te neem? | | |

22. Watter van die volgende beroepe oorweeg jy die sterkste om eendag te volg (maak net 'n kruisie (x) in die betrokke blokkie teenoor die beroep):

| | | |
|---|---|---|
| a. | Onderwys | |
| b. | Staatsdiens | |
| c. | Predikant | |
| d. | Maatskaplike werk | |
| e. | Regsberoep | |
| f. | Ekonomie | |
| g. | Navorsing | |
| h. | Mediese dokter | |
| i. | Verpleging | |
| j. | 'n Ander beroep as bo | |

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Beskik u oor 'n eie permanente vaklokaal vir Bybelkunde? | | |
| 2. | Beskik elke leerling oor 'n Bybel in die klaskamer? | | |
| 3. | Beskik elke leerling oor 'n Bybelatlas in die klaskamer? | | |
| 4. | Beskik elke leerling in standerds 9 en 10 oor 'n goedgekeurde handboek? | | |
| 5. | Is die Bybel met Verklarende Aantekeninge permanent in u klaskamer beskikbaar? | | |
| 6. | Is 'n Bybelkonkordansie permanent in u klaskamer beskikbaar? | | |
| 7. | Kan al u standerd 10-leerlinge die Bybelkonkordansie korrek gebruik? | | |
| 8. | Is 'n Bybelse kommentaar permanent in u klaskamer beskikbaar? | | |
| 9. | Is 'n Bybelse Ensiklopedie(ë) permanent in u klaskamer beskikbaar? | | |
| 10. | Beskik u oor permanente gebruik van 'n truprojektor in u klaskamer? | | |
| 11. | Beskik u oor volledige aardrykskundige muurkaarte van die Bybellande in u klaskamer? | | |
| 12. | Beskik die skoolbiblioteek oor voldoende naslaanwerke vir Bybelkunde? | | |

**Afdeling D : Vakmetodiek en inspeksie van Bybelkunde**

1. Maak slegs 'n kruisie (x) in die betrokke kolom om aan te toon hoe dikwels u van 'n bepaalde metode gebruik maak tydens die aanbieding van Bybelkunde.

| Metode wat gevolg word | Elke periode | 5 of 6 periodes per week | 3 of 4 periodes per week | 1 of 2 periodes per week | Twee-weekliks | Maande-liks | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a. Verhalende metode vir die hele periode | | | | | | | |
| b. Vooraf beplande klasbesprekings van deur leerling-voorbereide leerstof | | | | | | | |
| c. Verhalende metode met geleentheid vir onbeplande klasbespreking | | | | | | | |
| d. Gebruik van skryfbord of truprojektor vir skematisering | | | | | | | |
| e. Gebruik van die Bybel deur leerlinge in die klaskamer | | | | | | | |
| f. Gebruik van Bybel met Verklarende Aantekeninge deur u of die leerlinge | | | | | | | |
| g. Voorlesing uit handboeke deur u in die klaskamer | | | | | | | |
| h. Beantwoording van gestelde kortvrae deur leerlinge in die klaskamer | | | | | | | |
| i. Beantwoording van paragrawe of langvrae deur leerlinge in die | | | | | | | |

2. Verskaf u afgerolde aantekeninge aan leerlinge?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

3. Hoeveel afgerolde aantekeninge het u gemiddeld aan st. 10-leerlinge verskaf gedurende 'n jaar?

| | |
|---|---|
| 1–10 bladsye | |
| 11–20 bladsye | |
| 21–30 bladsye | |
| 30+ bladsye | |

4. Dikteer u aantekeninge vir u leerlinge?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

5. Hoe dikwels dikteer u aantekeninge vir u leerlinge?

| | |
|---|---|
| Weekliks | |
| Maandeliks | |
| Nooit | |

6. Hoeveel langvrae het u leerlinge selfstandig voltooi gedurende 'n jaar?

| | |
|---|---|
| 1–5 langvrae | |
| 5–10 langvrae | |
| 10+ langvrae | |

7. Hoeveel paragrawe het u leerlinge selfstandig voltooi gedurende 'n jaar?

| | |
|---|---|
| 1–10 paragrawe | |
| 11–20 paragrawe | |
| 20+ paragrawe | |

8. Hoeveel kortvrae het u verskaf wat selfstandig deur u leerlinge voltooi is gedurende 'n jaar?

| | |
|---|---|
| 1–40 kortvrae | |
| 41–50 kortvrae | |
| 51–100 kortvrae | |
| 100+ kortvrae | |

9. Hoe dikwels gee u huiswerk vir u leerlinge?

| | |
|---|---|
| Elke periode | |
| Weekliks | |
| Tweeweekliks | |
| Nooit | |

10. Hoe dikwels gee u klastoetse?

| | |
|---|---|
| Weekliks | |
| Tweeweekliks | |
| Maandeliks | |
| Kwartaalliks | |
| Nooit | |

11. Toon aan waaruit u klastoetse hoofsaaklik bestaan?

| | |
|---|---|
| Slegs kortvrae | |
| Kortvrae en paragrawe | |
| Slegs paragrawe | |
| Paragrawe en langvrae | |
| Slegs langvrae | |
| Langvrae en kortvrae | |
| Langvrae, kortvrae en paragrawe | |

12. Hoe dikwels kontroleer u skriftelike werk deur leerlinge en plaas 'n paraaf en datum by die kontrole?

| | |
|---|---|
| Weekliks | |
| Tweeweekliks | |
| Maandeliks | |
| Kwartaalliks | |
| Nooit | |

13. Watter persentasie skriftelike werk deur leerlinge sien u intensief na en dui leemtes daarin aan?

| | |
|---|---|
| 0% | |
| 1%–25% | |
| 26%–50% | |
| 51%–75% | |
| 76%–100% | |

14. Het u die oriënteringskursus (1974) in Bybelkunde bygewoon?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

15. Tot watter mate was die oriënteringskursus vir u van hulp met die aanbieding van Bybelkunde volgens die eise van die nuwe sillabus?

| | |
|---|---|
| Van groot hulp | |
| Van weinig hulp | |
| Van geen hulp | |

16. Hoe voel u oor die voorgeskrewe inhoud van die nuwe Bybelkundesillabus?

| | |
|---|---|
| Heeltemal tevrede | |
| Nie heeltemal tevrede nie | |
| Heeltemal ontevrede | |

17. Glo u dit is in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak dat die vak nou vanaf standerd 8 geneem kan word?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

18. Glo u dit is in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak dat die vak nou ook op hoërgraadvlak geneem kan word?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

19. Glo u dit is in belang van die groei van Bybelkunde as keusevak dat vanaf November 1975 slegs oor die standerd 10-jaar se werk geëksamineer word?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

20. Het die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) sedert 1973 by u inspeksie uitgevoer?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

21. Het die Inspekteur van Onderwys (Bybelkunde) sedert 1973 aan u persoonlik leiding gegee t.o.v. die aanbieding van Bybelkunde?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

22. Geniet u die aanbieding van Bybelkunde?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

**Afdeling E : Organisasie van Bybelkunde**

Maak slegs 'n kruisie (x) in die kolom onder "Ja" of "Nee" waar van toepassing.

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Beskik u oor die nuwe Bybelkundesillabus? | | |
| 2. | Beskik u oor 'n volledige werkskema gebaseer op die nuwe Bybelkundesillabus? | | |
| 3. | Beskik u oor 'n duidelike en volledige vakbeleid vir Bybelkunde? | | |
| 4. | Onderneem u voorbereiding in 'n afsonderlike boek vir Bybelkunde? | | |
| 5. | Doen u weekliks verslag oor u afhandeling van die werkskema? | | |

**Afdeling F : Die Bybelkundesillabus**

Maak slegs 'n kruisie (x) in die kolom onder "Ja" of "Nee" waar van toepassing.

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Is u tevrede dat die "Grondslag" van Bybelkunde, soos gestel in die sillabus, korrek is? | | |
| 2. | Is u tevrede met die "Algemene Doelstelling" wat vir Bybelkunde in die sillabus geformuleer is? | | |
| 3. | Is u tevrede met die "Benadering" van Bybelkunde soos geformuleer in die sillabus? | | |
| 4. | Het enige leerlinge beswaar gemaak teen die grondslag waarop die Bybelkundesillabus gebaseer is? | | |
| 5. | Het enige leerling beswaar gemaak teen die algemene doelstelling wat met Bybelkunde beoog word? | | |
| 6. | Het enige leerlinge beswaar gemaak teen die benadering van Bybelkunde? | | |
| 7. | Het enige ouer beswaar gemaak teen die grondslag waarop die Bybelkundesillabus gebaseer is? | | |
| 8. | Het enige ouer beswaar gemaak teen die algemene doelstelling wat met Bybelkunde beoog word? | | |
| 9. | Het enige ouer beswaar gemaak teen die benadering van Bybelkunde? | | |

10. Indien wel, hoeveel leerlinge het teen die grondslag waarop die Bybelkundesillabus gebaseer is, beswaar gemaak?

11. Indien wel, hoeveel leerlinge het teen die algemene doelstelling van Bybelkunde beswaar gemaak?

12. Indien wel, hoeveel leerlinge het teen die benadering van Bybelkunde beswaar gemaak?

13. Indien wel, hoeveel ouers het teen die grondslag waarop die Bybelkundesillabus gebaseer is, beswaar gemaak?

14. Indien wel, hoeveel ouers het teen die algemene doelstelling van Bybelkunde beswaar gemaak?

15. Indien wel, hoeveel ouers het teen die benadering van Bybelkunde beswaar gemaak?

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING.

# BYLAAG C
## VRAELYS B

Hierdie vraelys moet asseblief deur die onderwyser/es wat verantwoordelik is vir die aanbieding van Bybelkunde in standerd 10 ingevul word. Indien die skool nie vanjaar standerd 10-leerlinge het wat Bybelkunde neem nie moet die standerd 8 of 9 Bybelkunde-onderwyser/es hierdie vraelys invul.

Met die oog op wetenskaplike betroubaarheid word u vriendelik versoek om die vrae volledig en eerlik te beantwoord.

**Naam van die skool:** ______________________________________

**U Kerkverband:** ______________________________________

**Geslag:** ______________________________________

---

Beantwoord asseblief alle vrae in die spesiale blokkies of ruimtes wat daarvoor gelaat is.

**Afdeling A : Kwalifikasies, ervaring en buitemuurse verantwoordelikheid.**

1. Hoeveel personeellede by u skool bied Bybelkunde aan? [ ]

2. Hoeveel personeellede by u skool bied Godsdiensonderrig aan? [ ]

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| 3. Is u in besit van 'n universiteitsgraad? | | |
| 4. Het u Bybelkunde I geslaag? | | |
| 5. Het u Bybelkunde II geslaag? | | |
| 6. Het u Bybelkunde III geslaag? | | |
| 7. Het u akademiese opleiding in Bybelkunde die volgende komponente ingesluit? | | |

| | Ja / Nee |
|---|---|
| a. Algemene inleiding tot die Ou en Nuwe Testament | |
| b. Openbaringsgeskiedenis van die Ou en Nuwe Testament | |
| c. Kultuurhistoriese agtergrondstudie van die Bybel | |
| d. Ou en Nuwe Testamentiese Kanoniekstudie | |
| e. Christelike geloofs- en Sedeleer | |
| 8. Het u 'n onderwysdiploma verwerf? | |

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 9. | Is u by die skool behulpsaam met die werk van 'n kerklike jeugvereniging? | | |
| 10. | Hoeveel voltooide jare onderwyservaring het U? | | |
| 11. | Hoeveel voltooide jare ervaring het u in die aanbieding van Bybelkunde? | | |
| 12. | Dui met 'n kruisie (x) aan by watter Universiteit u akademiese opleiding in Bybelkunde gehad het? | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| a. | Universiteit van Pretoria | | |
| b. | Universiteit van Suid-Afrika | | |
| c. | P.U. vir C.H.O. | | |
| d. | Randse Afrikaanse Universiteit | | |
| e. | Universiteit van Oranje-Vrystaat | | |
| f. | 'n Ander Universiteit | | |

**Afdeling B : Godsdiensonderrig en Bybelkunde**

Maak slegs 'n kruisie (x) in die kolom onder "Ja" of "Nee" waar van toepassing.

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Is u ook verantwoordelik vir die aanbieding van Godsdiensonderrig? | | |
| 2. | Bied u vir die meerderheid standerd 6 en 7-leerlinge Godsdiensonderrig aan? | | |
| 3. | Word 'n rapportsimbool of -persentasie vir Godsdiensonderrig toegeken? | | |
| 4. | Het Bybelkunde die standaard van Godsdiensonderrig in u skool verhoog? | | |
| 5. | Het Bybelkunde die status van Godsdiensonderrig in u skool verhoog? | | |
| 6. | Het Bybelkunde die status van Godsdiensonderrig in u skool verlaag? | | |

**Afdeling C : Hulpmiddele vir die onderrig van Bybelkunde**

Maak slegs 'n kruisie (x) in die kolom onder "Ja" of "Nee" waar van toepassing.

23. Indien jy 'n graadkursus oorweeg dui asseblief met 'n kruisie (x) aan by watter van die volgende universiteite jy gaan studeer.

| | | |
|---|---|---|
| a. | Universiteit van Pretoria | |
| b. | Randse Afrikaanse Universiteit | |
| c. | Potchefstroomse Universiteit | |
| d. | Nog onseker | |
| e. | 'n Ander universiteit | |

24. Wat is jou ouers se kerkverband? Maak asseblief net 'n kruisie (x) in die betrokke blokkie.

| | | |
|---|---|---|
| a. | Nederduits-Hervormde Kerk van Afrika | |
| b. | Nederduitse Gereformeerde Kerk | |
| c. | Gereformeerde Kerk | |
| d. | Apostoliese Geloofsending | |
| e. | 'n Ander Kerk | |

BAIE DANKIE VIR JOU SAMEWERKING.

Getik en litografies gereproduseer deur:

Hennie's Sekretariële Dienste (Edms.) Bpk.,
Vigilansgebou 120,
Pretoria.

Tel. 24687